

HOOFSTUK 7

7.1 DIE ONDERSOEK

7.1.1 Inleiding

Die ondersoek het plaasgevind na 'n uitgebreide literatuurstudie, gevolg deur verskeie relevante werksinkels, kursusse, en vakkundige gesprekke oor 'n periode van sewe jaar.

7.1.2 Beskrywing van ondersoekproses

7.1.2.1 Ontwerp van vraelys

Daar is verwag dat die onpersoonlike vraelys 'n gedistansiëerde geleentheid aan die pasiënt sou bied om sy probleem bloot te lê en om 'n professionele, formele atmosfeer te skep om verleentheid tydens persoonlike kontak met die vroulike navorser te voorkom. Daar is veronderstel dat die pasiënt die persoonlike onderhoud hierna met gemak sou kon benader, aangesien hy dan sou aanvaar dat die persoonlike inligting reeds geopenbaar is.

Daar is bepaalde oorkoepelende reaksie deur die respondente op die vrae gegee, waarskynlik as gevolg van die tydsberekening van die vraelysaanbieding wat eerste plaasgevind het, nl. dat daar met gemak gereageer is op die meer geslote 'mediese' vrae, waar bykans al die pasiënte geïnhibeerde, impotente beskrywings op die ongestruktureerde vrae gebied het. Na 'n periode van ontspanne kontak met die navorser het die pasiënte meer openlik begin gesels, wat moontlik daarop dui dat hulle afhanklik van aanvaarding en erkenning was. Daar moet ook bygevoeg word dat die onderhoude eers na die aflegging van die Projektiewe Beeldingsoefening onderneem is, wat intense persoonlike mededelings van die deelnemers geverg het en wat waarskynlik 'n gewoondmakende effek op hulle gehad het.

Die volgorde van die aanbieding van die evaluasieproses was bloot op die navorser se intuïsie gebaseer, waar sy dit natuurlik geag het om van die onpersoonlike en oppervlakkige vlakke van kontak na die intieme en informele situasie te beweeg. Die pasiënt se ongemak en verleentheid was duidelik aanvoelbaar en daarvoor moes voorsiening gemaak word, deur geleidelik die situasie teenoor iemand anders te moes kon bieg. Daar word vermoed dat die aard van die probleem direk verband hou met die feit dat daar min aanmeldings van ED vir psigoterapie is, omdat dit juis die bevestiging van hul magteloosheid en impotensie (swakheid en gebrek aan menswaardigheid, ensovoorts) sou impliseer. Om die probleem dus fisies aan iemand anders oor te gee om te herstel, het 'n paradoksale negatiewe implikasie op die persoon se sin van outonomieit en selfvertroue. Die ontoeganklikheid van ED pasiënte vir navorsingsdoeleindes om hierdie sensitiewe rede, was besonder duidelik tydens hierdie ondersoek, soos later meer volledig sal blyk.

7.1.2.2

Die ontwerp van die projektiewe beeldings-kaarte

Organiese oorsake van ED vir die respondente van hierdie besondere studie is reeds geïdentifiseer. Ander psigiese bydraende of reaktiewe faktore kan egter psigodiagnosties uitgelig word. Dit het reeds geblyk dat direkte beskrywende vrae soos "Beskryf asseblief jou ED ervaring in jou eie woorde..." hoogs beperkte response deur die pasiënte ontlok het. Die vrae was, soos reeds gestel, waarskynlik te prematuur en té konfronterend. Die pasiënte verkeer eerder in 'n toestand van ontkenning ter wille van hul eie selfbehoud, of daar bestaan moontlik weerstand om beheer aan iemand anders oor te gee, sonder dat daar 'n versekering van psigiese veiligheid is. Hul beperkte respons op die vraelys, in teenstelling met op die projektiewe oefening, dui verder moontlik op geïnhibeerde kreatiewe potensiaal en 'n byna 'gevriesde' emosionele toestand, waar daar geen kontak met hul gevoelswêreld is nie. 'n Rationele of intellektuele ingesteldheid om beheer en probleemoplossing te bemiddel, was dan die verkose uitweg om enige gevoelens van weerloosheid af te weer.

Die stimuluswaardes van die elf kaarte in die volgorde waarin hulle aan die respondente aangebied is, sal vervolgens teen die agtergrond van literêre bronne beskryf word :-

Agtergrond (Rasionaal)

“Participation with a work of art not only is immediately satisfying, but also is usually extrinsically valuable, because it leads to deeper satisfaction in future” (Martin & Jacobus, 1975:461). Die simboliese waarde van kuns sluit voorts die normatiewe relevansie daarvan in, volgens Martin, nl. dat die kunstenaar sekere waarde-aspekte ontbloom en die gevolge van die waardeverskynsel vir die waarnemer aanbied. Waarde ontstaan in verhoudingsverband tussen menslike belang en objek of gebeurtenis; dit skep ‘n aktiwiteit as medium vir die ontbloting van intrinsieke waardes, maar met gepaardgaande teenswoordige meelewing. Monick se teoretiese waarhede word dus deur die kunste herdefinieer.

Die pasiënt word d.m.v. die stimulusbeeld in aanraking gebring met die hipotese van beskadigde numenosum, deurdat ‘n gevoelsrefleksie tydens die beskrywing daarvan ontlok word. Die besondere gebied van manlike deteriorasie word projektief oor 11 moontlike vlakke verwag, soos wat daar vanuit vorige navorsing met ED pasiënte geïdentifiseer is (verw. 4.1.3 en 4.1.4), nl.:-

STIMULUSWAARDES :-

BEELD 1: “THE BOYS GO OFF TO WAR”/ "DIE KWEKELINGE"

(Wornarowicz)

Die kunswerk was oorspronklik, maar nie spesifiek vir die doeleindes van hierdie studie nie, daarop gemik om die politieke aspekte van die homoseksuele subkultuur te illustreer, met 'n fokus op temas rondom die dood en seks.

Sosialiseringsproblematiek, waar die seun/man nie aan die op tradisionele verwagtinge van manlikheid voldoen nie, kan vir hom besondere bedreiging inhou. Hierdie beeld mik daarop om die pasiënt te ontbloot, i.t.v. sy sosiale identiteit en kulturele normgebondenheid, sy ervaring van soortgelykheid, rolverwagting, gebondenheid met manlikes en vermoë om met manlikheid te kan identifiseer en na te boots.

Ander literêre metafore wat die belangrikheid van spanwerk en bondgenootskap onder manlikes illustreer, lui as volg:

- "Though all men be made of one metal, yet they be not cast in one mould", John Lyle. (Sommer & Weiss, "Individuality", 1995).
- "We are grown stiff with the ramrod of convention down our backs," O. Henry. (Sommer & Weiss, "Conformity", 1995).

Monick se beskrywing van manlike eienskappe sluit onder meer die sonsbehoefte van mans in om deel te wees van manlike rituele en die implisiete begrip vir mekaar, asook die begeerte om, soos Hermes, te deel in die broederskap van besitting. Die stand van solar/sonsdimensie, bv. sosiale, groep- en gemeenskapsbetrokkenheid word dus hierdeur uitgebeeld. Hierdie projeksie ondersoek voorts onderliggende hermafroditiese aspekte. Die veronderstelling is dat manlikes 'n natuurlike behoefte aan 'n sosiale identiteit en normgebondenheid het, en dat hulle geborge voel in soortgelykheid, met ander manlikes.

BEELD 2: "DIONISUS"/"HERMAFRODITIS"

(Hellenistiese klipbeeld) (Bacchus)

Die geslaglose kwaliteit van die beeld ontlok verwarring met betrekking tot die vroulike en manlike. Dionisus was die lydende, impulsiewe Griekse god met 'n sterk vroulike kwaliteit. Die tema ondersoek moontlik onderdrukte geslagsrolverwarring of ego-distoniese homoseksualiteit, asook anima-

integrasie. Seksuele (wan)funksionering en betrokkenheid word moontlik deur seksuele oriëntasie geïnhibeer.

Die soeke na identiteit word ook gelees in:

- "He was a well-built man, wide-shouldered, but he felt within himself the presence of his own femininity," Jean Genet, *Quevelle*. (Sommer & Weiss, "Identity", 1995).
- "Perhaps the great sorrow ... only makes the chrysalis break open a little sooner, hastens the metamorphosis and the appearance of a person whom we carry within us," M. Pronst, *Cities of the Plain*. (Sommer & Weiss, "Becoming", 1995).
- "Stilte... 'n vriend wat 'n mens nooit sal verraai nie." Confucius, *Analects*. (Sommer & Weiss, "Silence", 1995).

Monick meen dat die opneem van hermafroditiese kwaliteite deel is van die proses van *unus mundus* en 'auseinandersetzung', "a transgressively developed heterosexual male is closely enough related to his anima to allow her freedom of expression she might require, erotically or otherwise" (Ibid:68). Hierdie projeksie bied 'n aanduiding van die stand van die anima in chtoniese fallus.

BEELD 3: "RIDING THE BULL"/"STORMSTERKTE"

D Howe, Zeus.

Twee sterk beelde, naamlik dié van die mitologiese en magtige Zeus en die konteks van die Amerikaanse rodeo toneel is interverweef om krag te illustreer. Daar is 'n prominente homoseksuele, narsissistiese uitbeelding deur die kunstenaar geïmpliseer:

- "I am the ritual act, I am the act of worship, I am the offering to the dead, I am the medicinal hero, I am the sacred formula, I alone am

the sacrificial butter ..." Anan, the Bhagavad-Gita. (Sommer & Weiss, "Power", 1995).

- "Avance is a wild beast, monstrous and irresistible", Sallust, Epistule. (Sommer & Weiss, "Greed", 1995).
- "The spirit stirs, chafes at its bonds, exults, burns, and rises again from its ashes," J Coctean. (Sommer & Weiss, "Spirit", 1995).

Fisiese manlike kwaliteite soos dié van krag, oorheersing, energie, heldhaftigheid, robuustheid en kompetendheid word deur middel van die beeld uitgedruk. Dit plaas die pasiënt in aanraking met sy eie primitiewe manlikheid en rou seksualiteit, waarop hy moet reageer.

Die primitiewe skadu-aspekte van chtoniese fallus dien as krag- en energiebronne vir die man. Hy is daardeur in aanraking met sy numen, dit bevestig sy manlike krag. Hy ervaar die kosmos via sy seksualiteit, dit is sy instrument en sy heldeswaard. Hy ervaar daardeur lewe, maar wys tegelykertyd sy begeerte om ander te oorwin en bemeester, terwille van sy eie eer (Monick, 1991:93). Die hantering van hierdie werk bring die toeskouer in aanraking met veral sy skadu-chtoniese dimensie, en dit meet sy vermoë om hierdie aspek suksesvol te integreer.

BEELD 4: "JUNGLED"/"VEROERWOUD"

Gilbert and George

Hierdie werk verwys na die man se verpligtinge wat met sy manlikheid veronderstel word. Sy inherente behoefte om te presteer stel ook tegelykertyd beperkinge aan hom wat hom sosiaal afhanklik hou in die beton-oerwoud.

Elke man openbaar 'n inherente behoefte om te bemeester en om sukses te bereik; om as 't ware, die 'sterre te bereik.'

Die lot van die man word herhaaldelik in ander literêre bronne herken:

- "This luscious and impeccable fruit of life/ Falls, it appears, of its own weight to earth", W Stevens, *The Monocle de Mon Oncle*. (Sommer & Weiss, "Life & Death", 1995).
- "Gardener: He that hath suffer'd this disorder'd spring / Hath now himself met with the fall of leaf; /The weeds which his broad spreading leaves did shelter, /Are pluck'd up root and all by Bolingbroke." W Shakespeare, *The Tragedy of King Richard II*, Act III Scene 4. (Sommer & Weiss, "Failure", 1995).
- "We are all of us cramped and we put out our roots and branches where and how we can," G Sand, *Letter to Gustav Flaubert*. (Sommer & Weiss, "Confinement" 1995).
- "What you see are these few tallstanding trees and a huge amount of smaller growth on the ground, but not a lot in the middle level. So the forest floor continues to be very second. The second level gets sort of shaded out by the leafy canopy on top -," E Dyson, *NY Times*. (Sommer & Weiss, "Competition" 1995).

Hierdie doelwitte vind vergestaltung in ambisie, waar hy sy prestasie, behoeftes, erkenning, vaardighede, voortreflikheid, waarde en mag kan ten toon stel, alhoewel daar dikwels druk en ongemak mee gepaard gaan. Stres en samelewingseise dra ook by tot ED, wat hy as veeleisend en onhanteerbaar mag beleef. 'n Algehele gevoel van mislukking mag hieruit voortspruit; wat sy numenostiese kwaliteit mag misken. Sonaktiwiteit, soos bv. die man se beroepsgeïntereerdheid, ekonomiese gevestigtheid, oorwinningsmotiewe, statusbehoefte en protokol word hierdeur blootgelê.

Monick noem hierdie gesofistikeerde doelwit "son-fallus", wat tesame met die chtoniese dimensie die bevestiging van numenose fallus het. "Men

substitute phallos surrogates for the thing in itself - family authority, job superiority, institutional construction, female ownership, physical prowess, wealth, religion, politics, intellect and social conformity ... a way of indirect exposure and protection of the [phallus] god" (Monick, 1987:18).

Son-fallus vereis 'n intimiderende en dikwels oorweldigende rolverwagting om aan die goddelike beeld te voldoen. Die druk om vervulling aan prestasiebehoefte te bring en om erkenning van sy numen te bekom, bly lewenslank vir die man 'n realiteit.

Prestasie-ang kan dus in verskillende kontekste manifesteer en impliseer 'n verlies van sy [heilige] waarde. Ang is volgens Monick 'n toestand van neurotiese passiwiteit en vermyding van die son-/chtoniese aspek van die self, "anxiety is artificial suffering, visited upon oneself compulsively, not the willingness to undergo terrors that are necessary for either birth or rebirth" (Monick, 1991:101). Dit is veral hiervolgens nodig vir die man om met sy chtoniese fallus in voeling te wees, wat hom die kreatiewe energiebronne sal bring om op sonvlakke te kan presteer.

BEELD 5: "LOVE OF SOULS"/"SIELEKOS"

Delville

Hierdie impressionistiese werk beeld die idealistiese tema uit wat tydens die geskiedkundige tydperk mode was. Die dekoratiewe kunstenaars was met die idilliese en romantiese skoonheid van die liggaam bemoei, sonder enige verwysing na die bestaan van moontlike konfliktsituasies.

Vroulike verering of heldeverering van die man mag ontbreek, wat andersins 'n stempel op sy goddelike beeld sou verteenwoordig het. Die ontbrekende waarde van manlike kentekens word dikwels met ED geassosieer. Die stand van liefde en veiligheid binne heteroseksuele konteks word deur die beeld ondersoek. Die man se posisie i.t.v. morele ondersteuning vanaf sy eggenote en gesin (solar geleentheid) kan moontlik hierdeur uitgelig word. Sy vermoë

tot positiewe chtoniese kwaliteite, nl. kontak met seksuele energie en kreatiwiteit, asook inherente belewenis van kalm beheer en krag, kan blootgestel word.

Die mag van liefde op die man (mens) wat die nastrewing daarvan kwalifiseer, word ook gesien in:

- "Love is Nature's second sun", G Chapman, All fools. (Sommer & Weiss, "Love", 1995).
- "For the first time in his life he found himself talking freely, emptying out of his soul the dammed up waters of reflection", R Wright, The Outsider. (Sommer & Weiss, "Self Expression", 1995).
- "And then she said: You are my darling oak tree", Olpides, Topman. (Sommer & Weiss, "Love", 1995).
- "Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie wegspoel nie." Hooglied 8:7 – Die Bybel.

Die pasiënt se belewenis van emosionele intimiteit, teerheid, weerloosheid, openlikheid en vertroosting in verhouding t.o.v. fisiese en seksuele gemak, word dus deur dié beeld ondersoek.

Monick (1987:27) verwys voorts i.t.v. hierdie tema na "*thrall*" of "*knegskap*" wat eerbiediging van die "goddelike" fallusbeeld regverdig. Herkenning hiervan deur die metgesel dien as reflektiewe bevestiging van sy numenosum. Sy is die man se dekoratiewe simbool van sy manlikheid. Hy bereik sy instinktiewe vermoë vir teerheid deur unus mundus en sy vereenselwiging met verligte chtoniese en animus-fasette.

BEELD 6: "LUCRETIA"/"HAAR SNOEIKANT"

L. Cranach

Lucretia openbaar in die oorspronklike kunswerk 'n masochistiese selfvernietigende handeling. Die dolk simboliseer die aggressiewe fallus, die deursigtige sleep haar verlore onskuld, en die nekband onderskraging en insiklikheid.

Die beeld is dus "Haar Snoeikant" gedoop en ontlok met die studie by die pasiënt sy reaksie op vroulike intimidasie, dominansie, vyandigheid, beheerverlies, verwerping, minagting en gevolglike skuldgevoelens en angs. Kastrerende ervarings met vroulike figure mag met prestasie-angs vereenselwig word. Verdedigende reaksie hierop i.t.v. negatiewe solar en chtoniese dimensies kan verwag word, bv. patriargale of brutale pogings om beheer/mag te demonstreer.

Kastrasievrees deur beide manlikes en vroulikes beïnvloed die man se sin van eiewaarde, soos weerspieël word deur:

- "I cannot possibly think of you/other than you are : the assassin/of my orchards", F O'Hara, The Critic. (Sommer & Weiss, "Critics", 1995).
- "The withered leaves of industrial enterprise lie on every side", F Roosevelt, First inaugural address. (Sommer & Weiss, "Failure", 1995).
- "You've made a rope of words and strangled this business", C Brackett, Sunset Boulevard. (Sommer & Weiss, "Destructiveness", 1995).
- "You meet in same fresh cheek the power of fancy / Then shall you know the wounds invisible / That Love's keen arrows make", W

Shakespeare, *As You Like It*. Act 3 Sc 5, line 28 (Sommer & Weiss, "Love", 1995).

Monick meen dat verskeie gevare die manlike ego bedreig en sy goddelike beeld negeer, waaronder 'n vernederende vaderfiguur en oorbeskermende moeder, mede manlikes met superieure logosdominansie, vroulike onafhanklikheid, en enige kritiek of mislukking in beoogde doelwitte. Die verlies van besitting ontnem hom van sy manlike kentekens, so ook verwerping deur 'n vroulike metgesel, "... not just loss of his woman, but of his masculine self in relation to the absence of her giving nature" (Monick, 1991:16).

BEELD 7: "IN DIE KORRIDOR"/"WINTER"

J Rustin

Hierdie kunswerk weerspieël 'n hoë mate van bleekheid en die verlies aan hoop, wat eie aan konsentrasiekamp-slagoffers was. Die geslagte word as aseksueel voorgestel, wat seksualiteit tegelykertyd verwerp en bevestig. Die gevolg is 'n beeld waarin die dood van seksualiteit aangekondig word.

Die onafwendbaarheid van tyd en die verganklikheid van die menslike liggaam word ook bevestig in:

- "My days are in the yellow leaf / The flowers and fruit of love are gone", G Byron, *On This Day I Complete My Thirty Sixth Year*. (Sommer & Weiss, "Age", 1995).
- "The blossoms snow down in my hair / The trees and I will soon be bare", W Snodgrass, *April Inventory*. (Sommer & Weiss, "Age/ing", 1995).
- "[Life :] Whose flowering pride, so fading and so fickle / Short Time shall soon cut down with his consuming sickle", E Spencer, *The Faerie Queene*. (Sommer & Weiss, "Life & Death", 1995).

Die verloop van ouderdom en fisiologiese prosesse mag tot seksuele disfunksies bydra, so-ook die verandering van heteroseksuele aantrekkingskragte wat met jeug geassosieer kan word. Manlike kentekens (solar refleksie) neem met tyd fisies af, waar haar skoonheid vroeër 'n bron van seksuele aantrekking en trots vir hom was. Die stand van haar higiëne en selfversorging kan voorts deur die beeld uitgelig word.

Die man se belewenis van sy onderskeie ontwikkelingsfases en veral sy aanpassing by fisiese beperkinge gedurende sy gevorderde jare, is afhanklik van sy suksesse wat die tydperk voorafgegaan het, en van of sy beeld daarna in stand gehou kan word. Sy ervarings op heteroseksuele gebied kan vir hom 'n onaanvaarbare weerspieëling van die stand van sy eie beeld wees, naamlik dat 'n onaktiewe of aseksuele bestaan die afwesigheid van sy manlikheid mag impliseer. "Fascinum" en "thrall" het hom moontlik verlaat.

**BEELD 8: "HERMAPHRODITE STRUGGLING WITH A
SATER" / "VERSTRENGELDE RANKE"**

Grieks/Romeinse beeld.

Dié werk was 'n uitbeelding van religieuse waardering vir seksualiteit gedurende die laat-Griekse en Imperialisties-Romeinse tydperk, waartydens eenaardige seksuele rituele deur mitologiese figure vrygemaak is. Die sensuele spel van weerstand en oorwinning word hier uitgedruk.

"Verstrengelde rank" verteenwoordig metafories alle konflikareas wat met 'n liefdesverhouding gepaard gaan; die stryd, probleme en verskille en die spesifieke konteks waarin dit geskied, mag deur die pasiënt se verhaal geopenbaar word. Huwelikskonflik, kommunikasieprobleme en woede beïnvloed dikwels intimiteit en wedersydse seksuele interaksie op 'n negatiewe wyse. Magskonflikte kan sy numenose waarhede bevraagteken en 'n kasterende betekenis verteenwoordig.

Die positiewe en negatiewe komplikasies en implikasies waarmee persoonlike (seksuele) verhoudings gepaardgaan, word voorts bevestig in:

- "The rope of my life, curling into this knot, then out of it, seemed again more like a thread, easily broken", J Smiley, A Thousand Acres. (Sommer & Weiss, "Life", 1995).
- "Love is a friend, a fire, a heaven, a hell", R Banfield, The Affectionate Shepherd. (Sommer & Weiss, "Love", 1995).
- "Tangled was I in love's snare", T Wyatt, Love's Suave. (Sommer & Weiss, "Love", 1995).
- "Each man kills the thing he loves/...
Some strangle with hands of Lust /
Some with the hands of Gold",
O Wilde, The Ballad of Reading Soul.
(Sommer & Weiss, "Self-destructiveness:", 1995).
- "Women who adore their husbands throw a thousand little ropes around them. They rob them of their freedom. They lull them to sleep." T Wilder, The Eighth Day. (Sommer & Weiss, "Manipulation:", 1995).

Oertipiese seksualiteit word voorts deur die beeld ondersoek, asook sy potensiaal om negatief chtonies i.t.v. beuselagtigheid te reageer. Monick (1987) meen dat die primitiewe seksuele uitdaging tussen man en vrou ook toepaslik kan wees en kontak met (positiewe) chtoniese dimensies (ying vs yang) kan demonstreer; "Take chances with raw sexuality, but be aware of the danger and destructiveness of shadow. That is intellectual and existential awareness of evil" (p.98). Die vrou moet weet hoe om die man in uitdaging te verlei en wanneer om aan sy goddelike magte toe te gee.

BEELD 9: "SUNFLOWERS"/"VERLEPTE DROOGTE"

Van Gogh.

Die tendens gedurende die laat negentiende eeu onder kunstenaars was om 'n sigbare beeld te bied van die onsigbare wêreld van die psige, genaamd "Gedankenmalerei"/(gedagteskildering). Die psigiese lewe kan hierin gelees word, met 'n duidelike voorstelling van leweloosheid en emosionele dorheid wat deur die plant gesimboliseer word.

Temas rondom die dood en die lewe (toepaslik t.o.v. fallus) is algemeen in literêre bronne te vinde:

- "The leaves of life keep falling one by one", E Fitzgerald, The Rubaiyat of Omar Khayam. (Sommer & Weiss, "Time", 1995).
- "A wind has blown upon the tree, shattering down all its leaves, and showing it to us quite bare, and shaken from its very root", J Chrysostom, Serman c. 387. (Sommer & Weiss, "Failure", 1995).
- "Every day a wilderness - no / shade in sight", R Dove, Thomas and Beulah. (Sommer & Weiss, "Life", 1995).
- "Talbot : and there died / My Icarus, my blossom, in his pride", W Shakespeare, Henry VI. (Sommer & Weiss, "Pride", 1995).

Die leweloosheid van die beeld bring die pasiënt in aanraking met depressie, uitputting, onvermoë, mislukking en magteloosheid. Depressie vorm gewoonlik 'n wederkerige verhouding met lae selfbeeld en wanhoo: Die beeld kan 'n oorsaaklike of reaktiewe rol speel tydens mediese probleemtoestande. Die beeld reflekteer op letterlike wyse gebrek aan numenosum en belewenis van hiërofanie. Dit beeld ED voorts as analoog en metafoor uit.

Die dood en herlewing van fallus volgens Monick hou verband met die vereenselwiging en uitlewing van veral chtoniese fallus "... denying chthonic phallos leads to the suppression of numenosum. Fascination and wonder are gone, which are related to the rise and fall, death and resurrection of chthonic phallos" (Monick, 1987:97).

Hierdie beeld mag die man se belewenis openbaar van sy eie posisie in terme van goddelikheid of die verlies en afwesigheid daarvan. Die afwesigheid van lewe veronderstel die afwesigheid van die (heilige) self.

BEELD 10: "THE PHILOSOPHICAL TREE"/" LEWENSBOOM"

La Biblioteca Mediceo Laurenziana

Aan die basis van hierdie beeld lê die veronderstelde invloed van die mitologiese figuur van Mercurius ('Mercurial spirit') wat die energiebron van fallus uitmaak, "Mercurial phallos is the spirit-fructifier of the tree. It causes the tree to grow in the first place (erection) ... then it makes the seed that flows from phallos, logos spermatikos, which in turn makes possible the fruit of the philosophical tree, knowledge" (Monick, 1987:84).

Die produk van die man, wat sy numen sou bevestig, nl. die boom, word deur die pyl (ED), bedreig. Die boom verteenwoordig die man in chtoniese, d.m.v. die stam, en in solar terme, d.m.v. die boom se loof, saad en blom. Sy hantering hiervan sou op sy subjektiewe numenosum-belewenis dui. Die lewensboom of "Tree of Life" word ook elders geïllustreer:

- "If life is a tree, let us smell the flower and dig at the roots", L Mumford, *The Little Testament of Bernard Martin*. (Sommer & Weiss, "Life", 1995).
- "Life ... a naked runner lost in a storm of spears", A Symans, *In the Wood of Finvara*. (Sommer & Weiss, "Life Defined", 1995).
- "The leafy mind, that long was tightly furled,

will turn its private substance into green",

T Roehke, *The Light Becomes Brighter*. (Sommer & Weiss, "Spring", 1995).

- "This is the state of man : today he puts forth /
the tender leaves of hope; tomorrow blossoms, /
and bears his blushing honours thick upon him; /
the third day a comes a frost, a killing frost",
W Shakespeare, *The Life of Henry VIII*. (Sommer & Weiss, "Life and death", 1995).

Jung interpreteer die filosofiese boom as son-fallus, die produk wat deur chtoniese fallus bevrug is. Die verband tussen seksuele en intellektuele dimensies word hierdeur benadruk, "chthonic phallos produces knowledge as the fruit of its semen-spirit" (Monick, 1987:85).

Hierdie beeld bied 'n blik na die respondent se algemene lewensindrukke en persepsies van sy eie identiteitstoestand. Dit beskryf sy lewe in terme van produktiwiteit en suksesvolle volvoering van son-eise, wat ook aanduidend is van chtoniese oorsprong.

Dit beeld voorts die pasiënt se hantering uit van die paradoksale eise van manlikheid, naamlik as besitter van numen tesame met die las en druk van lewenseise wat daarmee gepaardgaan. Dit bied 'n blik na die pasiënt se kontak met sy biologiese/primitiewe manlikheid en sy evaluasie van sy posisie in gesosialiseerde gemeenskapsterme.

BEELD 11: "GEORGE DUREAU"/"GEKNIPTE VLERKE"

W Hines.

Naakte manlike fotobeelde, voorheen 'n taboe-onderwerp vir die medium, is in die jare sewentig geëxploiteer. Die doel was om skokwaarde te skep en om die toeskouer te dwing om met seksuele realiteite in aanraking te kom. (Lucie-Smith, 1991:169)

Die tema “Geknipte Vlerke”, stel die man in sy ontblote weerloosheid voor, sodat sy pyn en gebrek nie geïgnoreer kan word nie. Die pasiënt se belewenis van ontoereikendheid, onvoltooidheid en mislukking op een of meer lewensterreine mag op fisiese gebied verteenwoordig en geaksentueer word. Die liggaam spreek op simboliese wyse hierdie afwesigheid van numenosum uit, d.m.v. gebrek of verlies van ‘n waardevolle liggaamsdeel.

Begrip hiervoor kan geles word in soortgelyke uitbeeldings:

- "My soul is a broken field / ploughed by pain", S Teasdale, The Broken Field. (Sommer & Weiss, “Soul”, 1995).
- "Absence is death, or worse, to them that love", A Country Song. (Sommer & Weiss, “Absence”, 1995).
- "From the depths of the mirror, a corpse gazed back at me", E Wiesel, Night. (Sommer & Weiss, “Self-images”, 1995)
- "I live in a cocoon of pain most of the day", M Sarton, Endgame. (Sommer & Weiss, “Pain and suffering”, 1995).

Hierdie werk raak die betekenis van fisiese pyn en verlies aan. Die implikasies daarvan, in psigiese terme, word uitgebeeld en moontlik beleef as persoonsdisintegrasie en 'n gebrek aan eenheid. Die stand van 'n man se selfbeeld word uitgedruk, waar hy moontlik weens 'n fisiese (chtoniese) of intellektuele (sons-)gebrek onvoltooid voel en dit dus as 'n oorweldigende eis beleef om aan fallus numen te moet voldoen.

Die verlies aan vorige potensiaal en dít wat eie en natuurlik aan die man is, word dus met dié beeld ondersoek. Die pasiënt se ingekorte funksionering en die gevolge daarvan op sy selfbeeld, asook sy psigiese prognose, sal moontlik duidelik uit hierdie skets blyk.

(Verwysings: Beeldende kunste deur Lucie-Smith, 1991 en Monick, 1987 gereproduseer.)

(Aanhalings in Sommer & Weiss, 1995).

Die algemene doelwitte van kwalitatiewe navorsing, naamlik om dít wat implisiet is in die ervaringswêreld eksplisiet te maak, geld in hierdie ondersoek. Die pasiënte is versoek om 'n skriftelike beskrywing van die elf kaarte in hul eie tyd te gee, sonder enige voorskrifte of beperkings. Elkeen se data en die interpretasies daarvan sal afsonderlik bespreek word, so-ook die ontleding en gevolgtrekkings onderling.

7.1.2.3

Kliniese onderhoud

'n Kliniese onderhoud van onbeperkte tyd of duur is laastens op die hospitaal of kliniek-terrein gevoer. Hierdie onderhoud het 'n redelik gestruktureerde vorm aangeneem, wat gebaseer is op die RGN se inname-onderhoud-prosedure.

Verskeie hospitale en uroloë in privaatpraktyk is genader vir die verwysing van pasiënte vir die ondersoek. Hierdie proses het in 1996 reeds begin, en het vir etlike jare trae reaksie ontlok, ten spyte van die feit dat daar in die literatuur 'n hoë voorkoms van ED aangedui word. Daar mag verskeie redes wees vir die reaksie, naamlik 'n premature fokus op 'n sensitiewe en persoonlike aangeleentheid in 'n konserwatiewe era en woongebied, wat met die bekendheid van seksuologieklinieke en Viagra 'n paar jaar later die situasie meer aanvaarbaar en algemeen gemaak het om oor te gesels. 'n Ander rede vir gebrekkige aanmeldings mag onkundige pasiënte en besige spesialiste insluit; dit is vinniger om 'n eenmalige mediese prosedure toe te pas wat vir die pasiënt 'n gewenste kitsoplossing bied, sonder die nodige emosionele verleentheid wat met psigoterapie geassosieer word. Akademiese hospitale was meer toeganklik vir navorsing as die meeste privaathospitale, alhoewel toegang vir navorsing met ongemaklike

administratiewe prosedures gepaardgegaan het. Toestemming is dikwels verkry, net om te ervaar dat pasiënte nie vir afspraak opdaag nie of dat onderhoudfasiliteite onvoldoende is. Pasiënte was nie bereid om op hul onkoste ander spreekkamers te besoek nie. Kennisgewings met die uitnodiging om pasiënte teen vergoeding sielkundig te laat ondersoek, het selfs min reaksie ontlok.

Die lewensvatbaarheid van die projek en algemene sielkundige bemoeienis met ED pasiënte is later in twyfel getrek, ten spyte van die feit dat alle literatuur erkenning gee aan die psigogene komponent van die meeste ED gevalle en dat die voorkoms van ED hoog is in urologiese praktyke. 'n Hernude poging om die studie in 1998 momentum te gee het ontstaan tydens kontak met die nuwe Urologiehospitaal in Pretoria. 'n Positiewe gesindheid en erkenning van die rol van die sielkunde het die navorser toegang tot die Seksuologie Kliniek gebied. Die omgewing van hierdie luukse kliniek het van gesofistikeerdheid, warmte en professionaliteit gespreek. Dit het daartoe bygedra dat die pasiënte kon ontspan en veilig kon voel. Hier het die navorser geleentheid gehad om die gevalle met die plaaslike algemene praktisyn en seksterapeut te bespreek.

Bykomende navorsingsgevalle is hierna sonder weerstand of moeite by twee ander hospitale bekom, naamlik I Militêre Hospitaal en Die Wilgers Privaathospitaal, in Pretoria. Die pasiënte in die onderskeie hospitale het groot diversiteit vertoon in terme van hul omstandighede en problematiek. Hierdie pasiënte was by opname by die hospitaal, dikwels bedlêend maar mobiel genoeg om na 'n privaatlokaal geassisteer te word, waar die ondersoek uitgevoer is. Die lokale het gewissel tussen 'n lêë privaatsaal of konsultasievertrek tot 'n stil sitplek buite onder 'n boom.

Die onderhoude is tydsaam gevoer en skriftelik in detail gedokumenteer, sover moontlik, woordeliks. Die meeste pasiënte het te kenne gegee dat 'n bandopname te intimiderend sou wees en dat dit hul gesprekke sou inhibeer. Die navorser se betrokkenheid by die dokumentasieproses kon in ander

gevalle rapport beperk het, maar dit het moontlik in hierdie geval die nodige distansie tussen die pasiënt en terapeut gebied, deurdat hulle nie nodig gehad het om die navorser voortdurend in die oë te kyk nie. Die skryfproses is selektief gestaak soos dit geblyk nodig ag te wees, soos byvoorbeeld tydens emosionele openbarings deur die pasiënt. Daar is in gedagte gehou dat die pasiënte in 'n terapeutiese proses betrokke was en die navorser het haarself tydens die diagnostiese fases as 'n medeterapeut beskou. Daar is aanvaar dat selfs hierdie proses terapeuties was, aangesien kliënt-gesentreerde doelwitte gestel is en daar dikwels emosionele uitlewing en insig by die pasiënte ontlok is. Na afloop van die ondersoek, 'n week later, is 'n geskrewe voorlopige diagnostiese verslag en hanteringsvoorstelle oor elke pasiënt aan die kliniek/hospitaal verskaf.

Daar is elf sekondêre, ED pasiënte aan die verskeie hospitale op die wyse gekonsulteer. Drie protokolle is vir die doeleindes van hierdie studie geselekteer, op die basis van verskeidenheid van mediese toestand, ouderdom, ras en sosio-kulturele agtergrond. Al elf pasiënte het t.o.v. hul organiese ED diagnose ooreengekom en andersins 'n interessante verskeidenheid veranderlikes geopenbaar. Die doel was egter nie om afleidings m.b.t. 'n bepaalde siektetoestand te maak nie, maar eerder om individuele (numenostiese) belewenisse onder die pasiënte te ontbloot. Praktiese oorweginge is ook in ag geneem, nl. dat hul gegewens omvangryk is en baie plek en tyd in beslag neem. Sommige protokolle was arm aan inhoud en ander het grootliks met mekaar oorvleuel en is om die rede uitgesluit.. Daar moet in ag geneem word dat hierdie 'n loodsstudie is, weens die beperkte aantal respondente.

7.1.2.4

Geïntegreerde Fallus-Beskrywing

Inleiding

Vir die doeleindes van hierdie studie word manlikheid bestudeer aan die hand van Monick se kultuurhistoriese navorsing, wat in die idee van 'Phallos, God-Image' (Monick, 1987) kulmineer. Die mitologiese refleksies van

manlikheid toon volgens Monick verskeie ooreenkomste met Jung se diepte-sielkundige teorieë oor die onderwerp, waarteen die navorsingssubjekte uitgebeeld sal kan word.

Drie deelnemers sal aan die hand van die Monick/Jung-interpretasie van manlikheid bestudeer word, aangesien dit blyk dat hierdie pasiënte almal, alhoewel op verskillende vlakke, gemeenskaplikheid openbaar in terme van die afwesigheid van fallus. Verbande sal getref word tussen hul fisiese en geestelike vlakke van funksionering, sodat 'n psigoiëde refleksie bereik kan word.

Die sielkundige interpretasies wat hieruit mag voortvloei sal psigoterapeutiese intervensievoorstelle ten doel hê. "Wisdom in a man will not appear without these two primary confrontations with the unconscious, both of which are major challenges to his ego solidity. The difficulties involved in what Jung called "Auseinandersetzung" - "having-it-out" with the shadow and the anima - cannot be overstated" (Ibid:107).

Die teoretiese uitgangspunt behels opsommend dat 'n man in besit van die fallus-godheid is, en dat dit 'n instandhoudingsfunksie verg, wat hoofsaaklik tot stand gebring word deur die uitlewing van twee fasette in homself, naamlik die chtoniese en son-fallusse. Die chtoniese fallus verteenwoordig die liggaamlike, die siel in animaterme, die primitiewe onbewuste met positiewe en negatiewe komponente. Son-fallus behels die gesosialiseerde fallus wat kompenserend of plaasvervangend optree, die logos- of animusaspekte van die intellek, ook met positiewe (lig) en negatiewe (donker) komponente daarvan.

Die man se oorheersende funksie is om aan die verwagtinge van sy fallus-godbeeld te voldoen, deur middel van bemeestering op chtoniese en sonvlakke. Potensiële fallus behels volgens Monick 'n fisies waarneembare teken van manlikheid 'in remissie', of in 'n rustende toestand, wat in verband gebring kan word met die man se funksionering op chtoniese en sonvlakke.

Die man se geslagtelikheid (funksionering van sy manlike orgaan) dien dus as barometer van die stand van sy fallus-godheid.

Die betekenis van potensiële fallus as algemene eienskap onder die drie respondente (insluitende impotensie of ED) sal bespreek word aan die hand van hul onvermoë om die vier prosesse (vlakke) van manlikheid volgens Jung te bemeester, naamlik

- (i) die bereiking van fallus-godheid,
- (ii) die eiening van chtoniese fallus,
- (iii) die beheer oor son-fallus, en
- (iv) die integrasie van anima -

Fallus impliseer dus bemeestering van bogenoemde en is 'n weerspieëling van die godheid.

Die veronderstelde onderliggende emosie wat met ED gepaardgaan, is prestasie-angs. Hierdie studie sal egter verwys na wat die spesifieke bron van die angs is in terme van die mislukte (manlike) funksie, aan die hand van bogenoemde vier vlakke. Die sisteme wat die angs in terme van die vlakke versterk en in stand hou, sal belig word.

Begrip van die pasiënte is verkry deur middel van drie bronne, naamlik 'n diagnostiese vraelys, 'n stel projektiewe beelde, en 'n kliniese onderhoud. Daar is gepoog om pasiënte se belewenisse op te teken as response op vraelyste, wat later in teoretiese terme geïnterpreteer en toegepas sou kon word.

Die geïntegreerde interpretasies (gebaseer op Romanyshyn se beeldingstechnik) sal metafories en eie aan die *unus mundus* begrip van Monick gelykgestel word aan 'n mitologiese beeld.

Sleuteldimensie

- “Woord”¹ Ego-integrasie van anima: Die integrasie van anima is volgens Jung ‘n noodsaaklike proses van manlike identiteitsontwikkeling en “auseinandersetzung”. Alle aspekte wat met moontlike animatekens verband hou, word met dié sleutel aangedui. Dit bied inligting oor die stand van anima-integrasie wat onder andere belangrik is vir doeltreffende heteroseksuele verhoudings. Die vermoë om met vroulike eienskappe soos estetiese waardes, empatie, nederigheid en teerheid te versoen, dien hier as voorbeelde.
- “Woord”² Die vervulling van chtoniese fallus: Die een roete/medium waardeur ‘n man sy identiteit mag bevestig, is deur dié van chtoniese optredes en onderliggende primitiewe energie. Tekens van die bestaan hiervan met die oog op die bevestiging van die goddelike kwaliteit van fallus, word hiermee gesimboliseer. Die positiewe of negatiewe waardes sal in elke geval gekwalifiseer word, volgens 1.2.2. op p.16. Chtoniese fallus vind bv. in fisiese of liggaamlike terme uiting.
- “Woord”³ Die bemeestering van son-fallus: Bevestiging van die numenostiese kwaliteit van manwees geskied deur twee weë, naamlik dié van son- en chtoniese handeling. Die aanwesigheid van (gesosialiseerde intellektuele) son-fallus word met hierdie sleutel aangedui en word mettertyd as maatstaf van die stand van die man se fallus-bevestiging gedemonstreer. Die lig en skadu aspekte sal weereens per tema gekwalifiseer word, volgens 1.2.2. Voorbeelde van hierdie studie sluit morele gesofistikeerdheid, asook neerbuigende optredes in.

“Woord”⁴

Die stand van fallus-goddelikheid: Dit is die verteenwoordigende tekens of bewyse van die betrokkenheid by die hiërofaniese en numenostiese waarheid wat in fallus geleë is al dan nie. Hierdie posisie word deur son- en chtoniese omstandighede bewerkstellig en word in liggaamlike terme simbolies uitgedruk. Aanduidings hiervan is in algemene waarhede geleë, nl. dit wat aanduidend van manlikheid in oorspronklike terme is en van veronderstelde waarde en erkenning getuig, bv. ‘n manlike noemnaam, titel of handeling eie aan manlikheid.

7.1.3 **Data-Ontleding**

7.1.3.1 **Protokol 1**
WILLEM H

-Kliniese vraelys:

“The effective treatment of erectile dysfunction depends on effective and thorough diagnosis. Diagnosis for this purpose consists of a time-saving questionnaire, after which an interview and medical examination will take place. Acknowledging that it is a difficult area to discuss, it is stressed that the information will be dealt with in confidentiality and with sensitivity.

Please complete the questionnaire below and mail/deliver it as soon as possible to S. Pienaar, c/o Dr M. Tupy, Department Urology, JG Strydom Hospital, Private Bag X47, Auckland Park.

1 **Identifying particulars:**

<u>NAME & SURNAME:</u>	<input type="text" value="WILLEM H."/> ⁴
<u>ADDRESS (Postal):</u>	Pretoria
<u>DATE OF BIRTH:</u>	8 th March 1943
<u>MARITAL STATUS:</u>	<input type="text" value="Married"/> ³
<u>OCCUPATION:</u>	Regional Network ² <input type="text" value="Manager"/> ³ / <input type="text" value="Pensioner"/> ⁴

2 **Have you ever experienced an erection?**

^{2, 4}

3 **Since when have you been experiencing erectile failures?**

The last ^{4,2}

- 4 Has this problem been gradual or sudden?
Gradual
- 5 Do you have partial or total erectile failure?
 Partial ^{4,2}
- 6 Do you have erectile dysfunction before or after ejaculation?
Before
- 7 Do you experience morning erections?
 Seldom ^{4,2}
- 8 Do you experience nocturnal erections?
 Seldom ^{4,2}
- 9 Do you experience erections during masturbation?
 Yes, but sometimes difficult ^{2,4}
- 10 Do you experience erections during erotic or other fantasy?
 Yes ^{2,4}
- 11 Do you experience erections while viewing erotic material e.g. videos?
 Yes ^{2,4}
- 12 Do you obtain an erection under any other/unusual circumstances?
No
- 13 Did you obtain erections with other/previous partners other than your present partner?
No
- 14 What, to your mind, does sex involve?

Satisfying each other sexually²

15. Describe your sex drive

High²

16. Do you desire your partner?

Yes^{2,4}

17. What is love?

Caring^{4,3} and being there for each other³

18. Do you love your partner?

Yes

19. Do you find your partner attractive?

Yes³

Sexually skilled

She has no desire⁴ for sex

Hygienic

Yes⁴

20. Do you experience any marital problems/conflict?

No

21. Are you angry or resentful?

No

22. How often do you have sex?

Once/twice a week

23. How do you feel about the female sex organ?

Good² Enjoyable

- 24 Do you often obtain an erection, but find it difficult to maintain during certain phases of the sexual act?
 Yes^{4,2}
- 25 Do you fear
- | | |
|----------------------------------|----|
| <u>punishment</u> | No |
| <u>disease</u> | No |
| <u>pregnancy in your partner</u> | No |
| <u>injury</u> | No |
| <u>ridicule</u> | No |
- 26 Do you have homosexual thoughts/habits?
 No¹
- 27 Do you suffer from any mental condition, e.g. depression or anxiety that you know of?
Possible anxiety³
- 28 Do you experience any stress in your life? Please describe:
The work^{4,3} situation was very stressful
- 29 Have you had any traumatic/unpleasant sexual experiences before?
No
- 30 Do you feel guilty/inhibited about sex?
 No^{2,3}
- 31 Do you come from a strict religious background?
 No^{2,3}
- 32 What is your cultural background?

White, English, well educated ³

33 Do you have good knowledge of sexual technique?

I think so

34 Do you follow a healthy diet?

Yes

35 Do you use any medication, e.g. Aldomet, Esmelin, Diuril, Tagamet, Prolixin, Thorazine, etc?

Yes – Insulin, Catapres and Renitec ⁴

36 Do you suffer from any known disease e.g. diabetes mellitus, renal failure, multiple sclerosis, alcoholic neuropathy, thyroid disease, hypogonadism, hepatic failure, aortoiliac disease, etc?

Diabetes mellitus, high blood pressure ^{4,2}

37 Have you undergone any surgical procedures e.g. cystectomy, proctectomy, abdomino-perineal colon resection, vascular reconstruction, etc?

Neck fusion

38 What goes through your mind before sexual contact? (Please expand description.)

My greatest desire is to satisfy my wife. ⁴

Possibly get her to enjoy sex more. ¹

39 What goes through your mind when you lose an erection or are unable to have/maintain an erection? (Please expand description.)

What is wrong with me, ⁴ is it the diabetes or age.

40 Please describe how you feel during and after an erectile failure

Disappointed, failed. ⁴ I have always felt that by getting an orgasm you get
rid of your frustrations, tensions. ²

Thank you for your cooperation”.

-Kliniese Verslag:

1. **Persoonlike besonderhede**

NAAM :

Willem H ⁴

ADRES :

p/a Urologiehospitaal, Pretoria

OUDERDOM :

55 jaar

RAS EN TAALVOORKEUR :

Blank, Engelssprekend

BEROEP :

Bestuurder ³ Gebiedsnetwerk
(bankgroep)

KERKVERBAND :

Presbiteriaans ³

HUWELIKSTATUS :

Getroud ³ met twee onafhanklike
kinders ³

MEDIESE TOESTAND :

Diabeet, hoe bloeddruk

2. Kliniese geskiedenis

2.1. Vroeë familiegeskiedenis

Willem H. is die oudste van twee kinders waarvan daar 'n suster is. Alhoewel albei ouers beroepsgekwalfiseerd op ander terreine was, het die gesin op 'n plaas gewoon waar sy vader 'n boer en sy moeder 'n huisvrou was. Die plaas is later om finansiële redes verkoop, waarna sy vader as analitiese chemikus en sy moeder as kunsonderwyseres werksaam was. Albei ouers leef nog en is gelukkig getroud. Daar het goeie verhoudings tussen ouers en kinders geheers, alhoewel Willem en sy suster dikwels in konflik met mekaar was.

Die hoofrede vir die konflik met sy vader was dat Willem op 11 jarige ouderdom diabetes^{2,3} ontwikkel het en die gevolg was dat "home revolved around my⁴ health". Willem se behoeftes het voorkeur bo⁴ die behoeftes van sy suster gekry sodat sy 'n wrewel in hom ontwikkel het. Etes en aktiwiteite is om Willem geskeduleer³ en 'n rigiede³ roetine het vir almal gegeld. Hy het groot simpatie en ondersteuning van die breër familie ontvang alhoewel dié hom tegelykertyd vir al die aandag en besorgheid⁴ begin verkwalik het. Willem het per fiets na die plaasskool toe gery en weens sy gesondheid en vervoerprobleme aan geen buitemuurse² aktiwiteite deelgeneem nie. Daar was geen sportdeelname² en baie beperkte sosiale interaksie³ vir hom op skool beskikbaar. Hy het die skool nie geniet nie en het dit moeilik gevind om te leer.³ Sy aanleg het meer op die praktiese terrein berus en was hy vaardig en van nut op die plaas. Sy belangstellings het hierin met dié van sy vader ooreengekom. Hy het 'n Standaard 8-sertifikaat behaal en daarna 'n tweejaar-diploma³ aan 'n landboukollege deurlooi:

2.2. Werksgeskiedenis

Nadat die plaas gedwonge verkoop moes word, met Willem 'n tegniese pos by Master Treads bekom, waar hy saans aandklasse geloop en 'n Standaard 10 -sertifikaat³ behaal het.

Dit het hom in 1968 in staat gestel om 'n administratiewe pos³ by 'n bougenootskap te bekom, waar hy vir die volgende 30 jaar³ tot datum werksaam was. Gedurende sy loopbaan het hy verskeie B.Com vakke³ voltooi maar nooit sy graad behaal nie, en verskeie bevorderingseksamens³ geslaag.

Hy het 'n 'gesonde verstand-' en praktiese benadering tot sy werk gehad wat hom in die rekenaarnetwerk departement laat beland het. Sy funksie is om datatransmissienetwerke te koördineer en op 'n georganiseerde wyse³ te koppel. Hy was dus verantwoordelik³ vir die effektiewe versending van inligting binne die maatskappy, wat hom goed te staan gekom het uit die aard van sy logiese en perfeksionistiese³ ingesteldheid. Sy personeel ervaar hom as streng³, en dit het hom dikwels ongewild gemaak. Sy sosiale behoeftes is egter beperk, en hy verkies 'n gesprek op 'n een-tot-een-basis.

Op 55 jaar staan hy egter tans voor aftrede³ waar 'n verpligte pakket aan hom gebied is. Dit is 'n redelike onverwagse verwikkeling en hy verkeer in botsende gevoelens oor sy toekoms op 'n Kaapse kusdorpie.

2.3. Mediese geskiedenis

Willem se diabetes miëlitis² het 'n allesoorheersende invloed op sy lewe, aangesien dit 'n lewensgevaarlike toestand is en dit hom verplig om die situasie altyd ernstig³ te benader. Sy stelling : "As a diabetic I have to be a responsible person"³, manifesteer op verskeie gebiede in sy lewe, waaronder die fisiese kontrolering² van sy bloedsuikervlakke deur middel van die daaglikse toediening van Insulien, maar ook in die regulering van sy voedselinname en beperking van sekere fisiese aktiwiteite.² Willem se impulsiewe en spontane behoeftes² is deur die jare gestruktureer³ rondom

sy liggaam se voorskrifte,³ sodat dit ook sy perfeksionistiese geaardheid³ en selfs sy georganiseerde loopbaan³ geslyp het.

Willem ly ook aan hoë bloeddruk² waarvoor hy Catapress en Renitec gebruik. Daar is ook 'n geskiedenis van prostatitis by hom aanwesig wat egter tans opgeklaar is. Willem het geen ander ernstige mediese prosedures buiten 'n nekwerwelfusie, deurgaan nie.

Willem het die afgelope twee jaar ook probleme met sy erektele potensiaal^{2,4} begin ondervind. Daar bestaan 'n sterk vermoede dat dit 'n organiese oorsprong het, weens sy diabetes, hoë bloeddruk, medikasie en ouderdom. Daar is geen voorkoms van spontane ereksies nie, alhoewel hy onder omstandighede effektief kan funksioneer² m.b.v medikasie². Daar is dus 'n wisselvalligheid in hierdie funksionering wat vir hom angs besorg in sy eggenote se teenwoordigheid. Die betekenis hiervan word verkry in sy stellings "My greatest wish is to satisfy my wife"^{2,4} en "What is wrong with me, is it the diabetes or age?". Hy voel voorts "disappointed, failed...I have always felt that by getting an organism (orgasm) you get rid of your frustrations, tensions"², sodat dit wat hom voorheen verlig het juis 'n nuwe bron van spanning by hom veroorsaak.

2.4. Seksuele ontwikkelingsgeskiedenis

Willem het op 'n plaas in die natuur grootgeword² waar hy met die geboorte en dood van vee en troeteldiere te doene gekry het. Hy kon voortplanting in natuurlike omstandighede waarneem en het dit ook as sodanig in sy eie verwysingsraamwerk geïnkorporeer. Sy ouers het seksuele aangeleenthede² ook as sodoende 'normale, biologiese' proses² gehanteer en geen streng religieuse waarde daaraan gekoppel nie. Vir Willem is die ervaring vryheid in die natuur geleë.

Willem het eers later na skool op heteroseksuele gebied ervarings gehad. Sy eerste seksuele ondervinding² was met sy huidige eggenote na hul huwelik,

wat vir albei 'n teleurstelling² was. Die liefkosings voor hul huwelik was vir sy vrou nooit 'n positiewe ervaring nie. "She said I'm not hot".⁴ Hy het die enkele nie-geslaagde aspek van hul verhouding destyds oor die hoof gesien en in elk geval met haar in die huwelik getree om te verseker dat hy wel daarin slaag om 'n vrou te kry, "I feared as a young man that I might not get a wife, because of the diabetic complications and all the care that it takes from a wife. We're not all perfect, we have to focus on each other's strong points".³

Dit het egter met tyd geblyk dat sy eggenote 'n psigo-seksuele probleem het, naamlik Geïnhibeerde Seksuele Begeerte en anorgasmie. Sy is in 'n puriteinse omgewing grootgemaak waar seks as verkeerd en sondig bestempel is. Sy vrou wend geen poging aan om haar seksuele potensiaal te ontwikkel nie en is ook nie bereid om professionele hulp daarvoor te ontvang nie. Willem voel hieroor teleurgesteld, hartseer en gefrustreerd, omdat "that what should be (natural, as I learnt it), isn't". Hy meen dat die situasie na haar onlangse histerektomie vererger het, alhoewel hy steeds tot sy vrou aangetrokke² voel en haar liefhet. Hy neem ten spyte van haar agtergrond verantwoordelikheid vir haar seksuele passiwiteit deur te sê: "I can't achieve her pleasure, (thus) my masculinity has been unproven for^{2,4} 29 (married) years". Sy angste wat hy ervaar rondom sy huidige erektilie disfunksie, verdiep in die lig van hierdie verwagtinge wat hy aan homself gestel het.

Willem het 'n besondere noue band met sy jongste kind, 'n dogter gehad. Die gesin het vroeër jare alles saam gedoen en was veral lief vir staptoere en kampeerdery. Hierdie dogter, tans 'n student, het, na wat afgelei kan word, onlangs 'n psigotiese toestand bereik en hiertydens aan haar psigoterapeut beweer dat haar vader haar as kind seksueel gemolesteer² het. Willem ontken enige sodanige voorvalle en is diep ontstel deur die aantygings. Daar is professioneel aanbeveel dat alle kontak tussen ouers en kind vir ses maande verbreek word om haar toestand te stabiliseer. Willem het hierna twee ondersteunende sessies by 'n sielkundige ontvang. Sy ED diagnose is

egter reeds voor sy dogter se bewerings gemaak en hy voel dat daar nie 'n oorsaaklike verband hiertussen gemaak kan word nie.

3. Pre-morbiede persoonlikheid

3.1. Vorige algemene houding

Willem H se lewenstyl het na sy ED-diagnose nie verander nie, alhoewel sy gevoelens meer terneergedruk en somber is. Op interpersoonlike gebied was hy meestal onbetrokke, teruggetrokke en afsydig. Hy is geneig om outoritêr,³ wantrouig en liggeraak op te tree. Hy is op roetine en rituele ingestel wat struktuur³ in sy lewe kan bied, alhoewel dit nie vir hom moontlik is om mense te beheer³ soos die geval met sy taakgerigte beroepsaktiwiteite is nie. Sy lewensuitkyk is ernstig³ en doelgerig.³ Hy is op sukses³ ingestel selfs t.o.v. sy stokperdjies, wat hy met sorg aanpak, naamlik houtwerk, algemene instandhouding van sy huis en motor, en sweiswerk.¹

Willem se houding teenoor homself is teenstrydig, hy praat met groot lof oor homself,⁴ maar dan val terme soos byvoorbeeld 'n verdedigende "I'm definitely a worthwhile person, I don't doubt myself" nadat hy pas sy persoonlike mislukkings⁴ as gevolg van diabetes gelys het. Hy voel wel nuttig met betrekking tot sy praktiese handvaardigheid^{3,1} en hy weet dat hy goed was in sy werk.³ Hy het homself altyd goed versorg en 'n professionele beroepsbeeld gehandhaaf. Hy meen dat sy agtergrond van sy manlikheid getuig, (op die vraag 'What does masculinity mean to you?'). Hy bevestig sy manlikheid in terme van sy aantreklikheid vir die teenoorgestelde geslag, die feit dat hy die hoof van die huis³ is, verskaffer³ van lewensnoodsaaklike omstandighede vir sy gesin, en die feit dat hy 'n ware heer³ (gentleman) is. Sy fisiese krag en sportvaardigheid is egter as gevolg van sy gesondheid nooit beproef nie.

3.2. Konasie

Willem se diabetes het sy eet- en drinkgewoontes ook bepaal. Sy lewenstyl oor die algemeen was konserwatief en ongekompliseerd.³ Hy was betrokke by kerkverpligtinge³ en het 'n redelike digotomiese houding jeens sy beginsels. Hy het altyd verantwoordelik opgetree teenoor sy verpligtinge tuis en by die werk, sodat alles netjies en goed in stand gehou³ is. Sy verantwoordelikeheidsin is ook in sy deursettingsvermoë³ gereflekteer waar hy vir 30 jaar in dieselfde maatskappy gevorder het in sy beroep en vir 29 jaar reeds getroud is.

3.3. Kognisie

Kognitief het hy binne sy vermoë “gefantaseer” en met die verloop van tyd 'n relatief hoë vlak van kognitiewe kompleksiteit bereik.

3.4. Temperament

Willem is steeds 'n introvertiewe, ernstige persoon, maar was vantevore emosioneel meer stabiel, met sterk beheer oor sy gevoelens. Stressituasies is gehanteer deur middel van kompulsiewe³ gewoontes soos sy sterk perfeksionistiese en georganiseerde aktiwiteite, sodat sy aanpassing op werksgebied goed was, maar op sosiale gebied ingekort was.

4. Psigiese ondersoek

4.1. Algemene indrukke

Willem was tydens die onderhoud konserwatief en formeel³ geklee. Hy het die evaluasiesituasie ongemaklik gevind, soos geblyk het uit sy vermyding³ van oogkontak, asook sy rigiede³ liggaamshouding. Heelwat tyd is deur die ondersoeker gespandeer om 'n warm, ontspanne atmosfeer te skep, waarna hy byna onoordeelkundig en sonder verdediging gevoelens² begin verklap het, om daarna meteens weer te onttrek en van onderwerp te verander. Hy het 'n behoedsame effek op die ondersoeker gehad, sodat sy versigtig nader en verder van hom af moes beweeg. Sy reaksie was dus rukkerig en afgebroke, met min harmonie of konstantheid.

4.2. Kognisie

Willem se aandag en konsentrasie³ kon behou word, buiten waar hy moontlik selektief op een geleentheid (met betrekking tot sy dogter se beweringe) ontwykend van die tema ontspoor het. T.o.v. sy persoon en omgewing was hy goed georiënteer en het 'n helder³ bewussyntoestand geopenbaar. Sy intelligensiepeil word in terme van sy opleidingsgeskiedenis, redenasievermoë, woordgebruik, beroepsfunksionering, ensovoorts, as gemiddeld³ tot bo-gemiddeld geskat.

Daar was geen tekens van versteurde gedagtetipe of struktuur nie, alhoewel hy (in projektiewe oefening) meer tot konkretisering³ as simbolisme geneig is. Willem is waarskynlik gepreokkupeer met die probleem wat hy het, evalueer sy libido as hoog, en hy is daarvan bewus dat hy nie daaraan uiting kan gee nie. Daar is 'n kompulsiewe neiging na gedagte-besit.

Willem se sterk verantwoordelikebesef en intense dog onrealistiese skuldgevoel³ oor sy eggenote se seksuele bevrediging grens aan 'n versteuring in gedagte-inhoud, omdat hy irrasioneel oormagtige verantwoordelikheid daarvoor neem. (Verwys "I have to be responsible...").³ Hy ontken enige selfmoordneigings, (tog het ek gevoel dat 'n mens waaksaam moet bly vir die moontlikheid).

Monster van spraak : "My daughter accused me of sexually molesting her. Did he (the therapist) tell you? We used to be a close family...hiking, scouting. The things she told the social worker! I mean, it wasn't just touching; she said I used razor blades and knives and things...² I can't believe it... (cries openly),² I am a good man, I did many things for the church..."³ Hy het verbaal normaal opgetree en kan homself logies uitdruk. Die inhoud van sy gesprek het hom egter dikwels ontstel.

Die pasiënt se houding teenoor sy huidige toestand is een van dringende behoefte aan inligting oor die oorsaak van sy ED, sodat sy seksuele verhouding met sy eggenote^{4,3,2} weer hervat kan word. Sy diabetes is onder beheer, en sy loopbaan³ is agter die rug. Sy ewigdurende poging om sy vrou se seksuele betrokkenheid te bewerkstellig² moet volgens hom voortgesit word om sy manlikheid⁴ te bewys. Hy sal enige voorstelle aanvaar om sy funksie as man^{2,3} weer te herwin.

4.3. **Emosies**

Die pasiënt onderbeklemtoon sy emosies en sal hoogstens erken dat hy teleurgesteld en 'moontlik angstig' voel. Hy ontken enige negatiewe gevoelens soos bitterheid of woede jeens enige iemand. Objektief waargeneem kom Willem tydens die kliniese onderhoud egter ongekontroleerd, oppervlakkig, labiel en besonder kwesbaar voor.

4.4. **Persepsies**

Geen perseptuele versteurings kon tydens die evaluasie waargeneem word nie.

4.5. **Streshantering**

Willem se streshanteringsvaardighede is tans hoofsaaklik geleë by sy psigoterapeut as ondersteuningstelsel⁴, aangesien sy interpersoonlike verhoudings beperk is, hy nie tot fisiese oefening in staat is nie, sy vorige kompensasies (loopbaan)³ onbeskikbaar is en hy min toegang tot ontspanning het. Boonop is dit wat hom voorheen gehelp het om spanning te verwerk, naamlik seks,² nie nou moontlik nie.

-Stimulusbeelde:

1. **“DIE KWEKELINGE”**

Willem H [identifiseer sterk met die broederskap-beginsel]^{4,3} van wedersydse [begrip en onderskraging]^{4,3} Hy voel volgens sy beskrywing van hierdie kaart affektief onsteld, dus moontlik ook [bekommerd]⁴/onmatig/rusteloos. Dit is vir hom 'n onmiddellike saak, iets waardeur hy steeds gaan - dit wat die [ontsteltenis]⁴ veroorsaak. Hy is intens te midde daarvan en beleef 'n verhoogde vlak van emosionele intensiteit. Hy voel moontlik [verswak]² deur die [dreinerende aspek van sy emosies]² die eise van sy emosies het sy [energie]² gebruik. Hy voel daarvan ook broos, weerloos en blootgestel. Hy is beroof deur die gebeure van een of ander aspek - hetsy fisies of geestelik. Hy het [iets potensieel verloor en rou daaroor]⁴ Dit mag wees dat 'n [waardevolle kwaliteit]⁴ van sy [lewe ontnem]⁴ is, of potensieel ontnem kan word; moontlik 'n artikel/verhouding of persoonlike kwaliteit. Die wyse waarop hy daarvan ontnem is, is onduidelik. Dit kan deur 'n verskeidenheid natuurlike oorsake of kwaadwillige menslike handeling geskied het. Dit laat hom ontevrede en [verontreg]⁴ voel, alhoewel hy nog nie 'n woede daaroor in homself identifiseer nie. Hy voel eerder seergemaak en omgekra: Dit is 'n passiewe proses van oorgawe. Hy voel moontlik tans [magteloos]⁴ daaroor, asof hy niks daaraan kan doen nie. Dit is moontlik 'n gegewe situasie op hierdie stadium, maar iets wat hy sal wil verander.

Die ander party is sy [ondersteuningsbron]^{4,3} sy sterk pilaar. Hy vertoon [empatie en begrip]^{4,3} met die spreker, asof hy [verstaan]⁴ Hy kan homself in die ontstelde persoon se posisie plaas, omdat [hy weet]⁴ hoe dit voel. Hy begryp moontlik waardeur die spreker gaan, omdat die bepaalde situasie of gebeurtenis by enige [man]⁴ wat daaraan blootgestel sou word, [dieselfde]⁴ reaksie sou ontlok. Hy kan nou die [vertroosting]⁴ bied, omdat hy tans die emosionele bronne daarvoor het, al het hy moontlik in die verlede self so gevoel, of hy kan hom voorstel hoe dit voel. Indien die voorval of omstandighede iets is wat albei mense te beurt geval het, en slegs een van die twee sterk emosioneel geaffekteer het, bestaan die moontlikheid dat die ander een (die vertrooster) homself nie toelaat om emosioneel 'te breek'

of te verswak nie, weens verskeie moontlike redes, byvoorbeeld ontkenning, rasionalisasie, reaksievorming, ensovoorts.

Die belangrikheid van die vriendskaplike verhouding tussen manlikes word in hierdie beskrywing uitgelig. Daar bestaan 'n besliste **verbintenis**^{4,3} op geestelike vlak tussen die partye, saamgesnoer deur hul **soortgelykheid wat empatie**^{4,3} kon bewerkstellig het. Die **onderskraging**⁴ wat daar gebied is op grond van 'n gevoel van **samehorigheid**^{4,3} dui op 'n stille waardering vir mekaar, 'n implisiete respek en kennis van mekaar. Hierdie openbaring aan mekaar binne die konteks van 'n **man-tot-man**^{4,3} -vriendskap, dui op 'n **vertroue**⁴ van mekaar. Daar is **veiligheid**⁴ in gemeenskaplikheid. Daar kan vertrou word op **beskerming**⁴ daar heers 'n **spangees en geborgenheid**⁴ te midde van die **bekendheid**^{4,3} van die span. Daar bestaan ook die verdediging van die span, in hierdie geval die manlike spesie versus die vroulike. Monick (:18) verwys daarna as "The [phallic] god is revered in the collusion of male secrecy." Die man is bewus van hul **gedeelde numenosum**⁴ die goddelike heiligheid '(divinity)' van hul misterieuse mag.

Dit wat die man egter kwalifiseer tot die toegang van sodanige **bondgenootskap**^{4,3} '(fraternity)' is die besit van fallus, hetsy chtoniese of sons van aard. "Brotherhood of ownership builds the phallic herm" (Ibid.:77) mag na verskeie aspekte van **"besitting"**⁴ verwys, moontlik in terme van 'n fisiese eienskap/materiële besitting of persoon. In die **afwesigheid**⁴ van so 'n besitting, staan die man 'n kans om **verban**⁴ te word van die bondgenootskap; die **teken**⁴ van sy manlikheid moet daar wees. Dit is daarom vir sy vriend, die vertrooster, te verstane hoe **ernstig en bedreigend**⁴ die verlies-omstandighede is. Hy **verseker**⁴ hom van sy **waarde**⁴ deur sy begrip, en die ontstelde persoon kan **verlig**⁴ voel. Hy is nog **aanvaarbaar**⁴ om as man te kwalifiseer, daarvan kan hy beter voel. Hy voel **gerus**⁴ omdat hy steeds deur die bondgenootskap verwelkom word.

Willem H het in die hiërofaniese, numenostiese kwaliteit van sy manlikheid begin **twyfel**,⁴ hy het die **bevestigende**⁴ aspek daarvan (byna) **verloor**⁴ of gedeeltelik verloor. Een of ander saak of persoon het hom daaraan laat twyfel, sy lewe is in wanbalans, onvoltooi as gevolg van die ding wat gebeur het. **Weerkenning**⁴ in die manlike **bondgenoodskap**⁴ versterk sy **verbintenisse**⁴ met sy eie **manlikheid**.⁴ Sy **refleksie**⁴ in die verhouding met 'n man **herintegreer**⁴ hom met sy eie **manlikheid**⁴ en tree as 'n plaasvervanging (substansiëring) van manlike krag o:

Sy selfkonsep verbeter sodra hy deur die manlike groep aanvaar word. Dit bied aan hom 'n geleentheid tot emosionele ventilasie, wat met die risiko van verwerping gepaardgaan. Hy raak ontslae van die disoriënterende, chaotiese aspek van sy emosies wat hom van beheer ontnem, sodat hy daarna weer doelgerig kan fokus. Hierdie bedreiging wat in sy lewe plaasgevind het, het hom **tydelik lamgelê**,⁴ hy het nie 'n oplossing daarvoor gehad nie. Dit het 'n emosionele las vir hom geïmpliseer en 'n eis gestel, 'n probleem en uitdaging wat hom egter **magteloos**⁴ gelaat het. Dit, om **nie beheer**^{2,4} oor 'n situasie te kan hê nie, sodat ontsteltenis ervaar word, is in direkte kontras met die doel van manlikheid, naamlik om te bemeester.

2. **“HERMAFRODITIS”**

Willem H benader hierdie beeld met **logos-dominansie**.³ Die figuur is vir hom visueel manlik van aard, hy kan nie anders as om haar sodanig te identifiseer nie, maar dit is waar sy projeksie van anima eindig. Sy beskrywing is kort en ingeperk, met 'n intellektuele aanslag. Die atmosfeer van die bydrae spreek van **orde**³ en **korrektheid**,³ 'n tipiese **Apollo-houding**³ van die **son-fallus**³ -individu. Die houding is **rasioneel en ernstig**³ versus emosioneel en ligsinnig impulsief. Hy verwag daardeur **beheer**³ oor die situasie oor en die potensiële **emosies, wat nie hier toegelaat**¹ word om geopenbaar te word nie. Emosie word selfs in 'n negatiewe refleksie vir dubbele distansiëring aangebied. Dit is vir hom **onveilig of moeilik**¹ om

met die emosie van die vroulike beeld te identifiseer¹; dit sou hom in haar posisie moes veronderstel.

Hy vind dit meer gemaklik om met 'n intellektuele aktiwiteit te identifiseer, omdat dit moontlik beheer en grense bied vir sy² eie ongewenste instinkte². Die onderwêreld² van sy eie matriargale, vroulike fisiese, word sodoende onderdruk¹. Hy verkry daardeur 'n sin van morele reinheid en sosiale korrektheid³. Hy word van sy chtoniese fallus bevry² ter wille van 'n prominente edele³ son-houding. Sy intellektuele, logosidentiteit dien as sterk falliese plaasvervanger³ vir sy chtoniese fallus. Dit is sosiaal meer aanvaarbaar en beheerbaar. Feitelike probleme of uitdagings is merendeels met konsentrasie beheerbaar³, maar die onbewuste vroulike aanslag van chtoniese fallus² (Mercurial Spirit) is nie.

Willem H het waarskynlik dus nie sy anima¹ en fallusbeelde in 'n proses van unus mundus geïntegreer nie. Hy onderdruk hierdie instinkte byna op 'n kompulsief-rigiede wyse met 'n oor-intellektualiserende³ wyse. Dit word gedoen ten koste van sy gevoel en skeppende inspirasie² wat deur die anima en chtoniese fallus² aangebied word. Sy identifikasie met sy vroulike beeld is emosieloos¹ en kil, en daarmee gepaard gaan ook die verlies/afwesigheid¹ van die vermoë om teerheid en liefde¹ te betoon. Chtoniese fallus is waarskynlik in die geval van Willem H. ego-distonies².

Die uiteinde van hierdie projeksie is leeg, asof daar geen voorspelbaarheid is t.o.v. die saak waaroor sy dink nie. Dit mag dien as bevestiging van die onbeheerbaarheid van spirituele, onbewuste invloede. Dit mag ook dui op die gebrek aan kreatiewe aktiwiteit en energie² wat sy oorsprong in die chtoniese fallus het. In sy poging om sy manlike son-fallus op 'n bewustelike vlak aan te bied, deur 'n situasie aan te spreek vanuit 'n logosbenadering, het Willem H tog nie daarin geslaag om beheer ('n oplossing) te bewerkstellig nie. Bemeestering van hierdie saak sou die inkorporasie van sy anima vereis het. Die doel van manlikheid, naamlik oorwinning, vereis op 'n ironiese

wyse die proses van unus mundus; die hiërosamos van verdeelde teenoorgesteldes.¹

3. “STORMSTERKTE”

Willem H bied met hierdie beskrywing sy begrip van wat 'manlikheid' behels of behoort te wees. Hy is gekonfronteer met die liggaamlikheid² van die man met hierdie beeld gekonfronteer, wat hom in direkte verbinding met sy chtoniese fallus plaas.

Hy hanteer die stimulus van die kaart in terme van die gevolge daarvan; hy fokus op wat die implikasies van manlikheid is. Die doel van die basiese manlike liggaam word geskets, naamlik om krag, mag, vaardigheid, oorwinning² te meet. Hy (die man) aanvaar kompetisie met die oog op prestasie, volgens Willem H. Hy doen dit ten aanskoue van ander, en geniet ego-herkenning.⁴

Dit verg egter risiko² om man te wees, aangesien dit soms met mislukking en pyn² gepaardgaan. Hy is altyd blootgestel aan toeskouers (die samelewing)³ wat hom in 'n verpligte kompetisie-situasie plaas, sonder dat hy 'n keuse daaroor het. Hy bedoel ook waarskynlik dat die man (met manlikheid generies primitief² 'n kompeterende dier was, 'n jagter met 'n prys.⁴ Oorwinning impliseer dus 'n vergoeding⁴ of voordeel. Die man bly op die bul vir 'n rede, om dit (manlikheid) te bewys. Die voordeel vir hom is in die verworwe gevoel geleë, naamlik die ervaring van respek en waardering⁴ teenoor hom. Dit sou hom as iets besonder uitsonder wat hom bo op die hiërargie plaas en sodoende mag⁴ aan hom besorg. Jung verwys daarna as die kollektiewe gedeelde eienskap van die man; "the PHALLOS - god -.. (having) an importance⁴ prior to circumstances of its manifestation" (Ibid.:21). Anders gestel, almal is in kompetisie/in 'n wedloop om die *wenner* te word. Wenner kan ook aan *leier* gelykgestel word of aan goddelike⁴ *figuur*, almal posisies wat mag impliseer.

Tegelykertyd is elke man in 'n bondgenootskap^{4,3} met elke ander man wat aan hierdie wedywering^{4,3} deelneem. Willem H verwys na manlikheid in 'n kollektiewe⁴ sin en nie net na 'n ongespesifiseerde self nie. Manlikheid hou besliste vooropgestelde idees vir hom in, asof hy bekend⁴ is met wat daar van hom verwag^{4,3} word. Hy beskryf die ruiter se ervaring asof dit voorspelbaar is. Willem ken die atmosfeer van man-wees. Hy het dit moontlik bekom deur middel van onbewustelike prosesse^{2,3} en bewustelike³ ervarings.

Hy pas dit egter moontlik op 'n plaasvervangende³ (son-) wyse toe, omrede hy die konteks van die skets in 'n gesosialiseerde³ omgewing plaas. Hy bied waardigheid³ aan die handeling deur dit in 'n beroepskonteks te plaas. Die uitlewing van chtoniese fallus word gekanaliseer² na 'n son-aktiwiteit. Die ruiter voer dus nie die handeling suiwer ter wille van brutaliteit en growwe robuustheid of fisiese plesier uit nie. Dit is sy werk³.

Willem H kon sy eie manlikheid waarskynlik binne sy beroepswêreld³ bevestig, waar hy 'n sterk son-komponent sou verteenwoordig. Hy ontken egter nie sy primêre behoeftes aan mag en oorwinning⁴ met hierdie projeksie nie, en het waarskynlik in 'n groot mate daarop as beroepsmotivering staatgemaak. Dit is egter onwaarskynlik² dat hy andersins sy chtoniese fallus prominent en uitdruklik uitleef, veral die skadukant daarvan. Hy bied 'n gesublimeerde en hoflike³ beskrywing van die skets, gelaai met son-etiket en sosiaal aanvaarbare bewoording³. Die chtoniese (skadu) teendeel daarvan sou growwe verwysing na geslagsdeel wees.

Die uiteinde dui moontlik op die verlies van 'n manlike ervarende⁴ wat hy voorheen gehad het, moontlik in sy beroep³. Hy kan dit egter nie verbloem nie, dit skep moontlik tans vir hom verleentheid en 'n verlies ook aan selfrespek⁴. Dit skep 'n verdere probleemsituasie in sy lewe. Hy benodig 'n

alternatief^{2,3} om sy manlikheid te herbevestig. Hy verwys moontlik ook na die uiteindelige lot van alle manlikheid⁴, naamlik dat dit vervangbaar bly of dat almal vervangbaar raak a.g.v. ouderdom⁴. Dit laat hom weerloos en uitgeworpe (kaal) voel. Hy ervaar moontlik 'n gevoel van afhanklikheid van behoefte aan ondersteuning^{4,3} maar sy verlies aan status^{4,3} mag hom moontlik diskwalifiseer vir die manlike bondgenootskap ('Brotherhood of Man').

Die vraag is of hy genoegsaam in kontak is met sy chtoniese fallus om die nodige energie te kan gaan haal, om die bul weer te kan bestyg.

4. “VEROERWOUD”

Willem H stel die toneel teen die agtergrond van die pad waardeur manlikes en hyself moet reis, maar wat hier nog aan die begin is. Die jongmans verkeer in opgewonde afwagting, bewus van die potensiële magte wat in hulle opgesluit lê. Tegelykertyd bied die vryheid² tot hul beskikking onsekerheid en verantwoordelikheid. Dit mag hulle kommer laat beleef, waar hulle in hul volwasse jeugdigheid alleen staan van hulle ouerlike beskerming.

Die jongmans staan alleen met hul manlikheid en die eise wat dit aan hulle voorhou. Hulle sien egter kans vir die wêreld, omdat hulle die energie² van die jongman het, dit hou moontlik met die uitlewing van die jongman² se 'Mercurial Spirit', as deel van sy chtoniese fallus verband. Hy beskik nog, as jeugdige man, oor die vonk² wat sy ervaringswêreld verhelder. Hierdie jongmans voel lewendig² en geïntimideer omdat hulle uitgedaag word deur die lewe. Die bondgenootskap^{4,3} met mekaar bestaan reeds vroeg, ter ondersteuning van die reis. Die mans is tegelykertyd in vyandige² aangesig tot mekaar ter wille van die verowering van die magsposisie en in waardevolle respek⁴ tot mekaar as herkenning van die heldhaftigheid onder mekaar, ter wille van die oorwinningsproses. Hul erken dus die fallus, wat alomteenwoordig is, onder mekaar⁴.

Dit is essensieel vir Willem H 'n ernstige saak om 'n man te wees. Dit het moontlik soos 'n groot berg voor hom gelê, die verwagtinge van manlike eise⁴. Hy kan met die goddelikheid in homself identifiseer, byna in aanbidding tot sy fallus staan. Hy verkeer in 'n posisie van onderworpenheid aan fallus⁴, hy is oormeester daardeur. Willem H is moontlik in gedugtheid eerbiedig⁴ aan veral son-fallus³, wat institusionele instellings verteenwoordig. Dit is die aspek in hom wat sterk deur sosialisering³ beïnvloed is. Hy staan waarskynlik in ontsag³ teenoor samelewingseise en sosiale norme³. Willem H sal gevolglik 'n sosiale konformeerder wees³, rasioneel optree³, trots³ bewaar en konsensieus werk³.

Die skadukant van sy son fallus is moontlik sy geneigdheid tot diktatorskap, korrektheid en logos-dominansie³ ten koste van chtoniese-emosie². Hy vind egter veiligheid³ en vertroosting in die gestruktureerde³ wêreld van son-fallus, waar sy oorwinnings op samelewings-gebied dien as plaasvervanger van fallus.

Die jongman, moontlik soos hy ook jare gelede gevoel het, het sy energiebron² aan chtoniese fallus te danke. Die vraag is of Willem H tans steeds in voeling is met sy spirituele onbewuste. Die verlies³ van geleentheid t.o.v. son-fallus³ sal waarskynlik 'n groot slag toedien aan sy manlikheid.

5. **“SIELEKOS”**

Willem H bied met sy beskrywing 'n nostalgiese hunkering na 'n erotiese ontmoeting² met 'n vrou, maar dit word met hartseer ondertone gedoen, omdat dit skynbaar nie in sy leefwêreld 'n moontlikheid sal kan wees nie. Hy openbaar 'n intense behoefte aan fisiese kontak in 'n heteroseksuele situasie, omdat dit vir hom 'n gevoel van erkenning en bewus-wees-van-my⁴ sal bied. Hulle sal mekaar op die troon plaas, “enthroned”⁴, deur middel van

hul fisiese aanvaarbaarheid vir mekaar. Hy sal haar koning word. Sy bemeestering van haar liggaam⁴ sal 'n proses van troonbestyging verteenwoordig. Hy sal presteer⁴ in sy doel om haar behoeftes te kan bevredig, as 'n man tot 'n vrou.² Dit sal sy koningskap bevestig; hy is afhanklik van haar⁴ endossement hiervoor. Hy het nodig om sy wonder-skoonheid in haar verruklikheid te ervaar, as sy spieëlbeeld⁴ van haar. Sy is verbly in hom, verheerlik en vereer⁴ deur sy teenwoordigheid. Sy voel trots⁴ op haar koning en prys⁴ hom (die fallus-god word erken), nederig⁴ verheug oor sy toenadering tot haar. Hulle kan op mekaar staatmaak, mekaar ondersteun. Elk is 'n kenteken³ van mekaar, byna 'n ereteken en versiersel van mekaar. Sy is sy sierraad, sy teken van eienaarskap³ (son-fallus). Dit is sy bewys van manlikheid.⁴

Dit alles is egter slegs vir Willem H 'n droom; hy het nie die geleentheid om sy geïdealiseerde beeld van 'n heteroseksuele verhouding te handhaaf nie. Hy kan nie verrys tot die troon nie.⁴ Dit blyk tog asof hy in kontak met die numenostiese basis⁴ van sy verligte chtoniese fallus is, dat hy bewus van sy fallus⁴ is en dat hy die potensiaal vir instruktiewe teerheid het. Daar kan ander faktore wees wat daartoe bydra dat sy droom verlore is, byvoorbeeld die verlies⁴ van sy metgesel se diensbare verering⁴ as weerhouing van die bekragtiging van sy manlikheid, of sy onvermoë om haar chtoniese werklikheid te benader.¹ Monick meen dat "ekstatiese uitstyging wat deur minnaars ondervind word" (1987: 65) afhanklik is van wedersydse vereniging van objek en respondent; liggaam en gees; animus et anima¹ son en chtoniese integrasie in die proses van unus mundus.

Die vraag is dus wat Willem H se 'realiteite' konstateer, en of hy bereid is om die realiteite van sy skadu chtoniese fallus met sy ego te integreer. "The Prince returns from the forest", menende dat daar in die beskaafde, gesosialiseerde man altyd 'n inherente ondieer en primitiewe jagter skuil wat sy oorsprong in skadu-chtoniese fallus² het.

Sy ideale t.o.v. romanse sal dan waarskynlik slegs 'n droom bly, omdat dit moontlik te droomagtig en 'onrealisties' skoon en heilig³ is. Sy benadering tot sy metgesel is waarskynlik in son-logos terme rigied³ en sonder chtoniese inspirasie.²

6. “HAAR SNOEIKANT”

Willem H maak hier met 'n vrou se skadu-chtoniese sy kontak en moontlik daardeur ook met sy eie.

Willem H neem twee moontlike posisies teen hierdie beeld in. naamlik as slagoffer of as geïdentifiseerde persona. Hy beleef hier 'n vrou wat woede en haat² ervaar, moontlik wat met haar eie pyn verband hou. Haar gewelddadigheid² is dus 'n teenreaksie op skade wat aan haar berokken is, sy is soos 'n gewonde dier² wat haarself teen verdere aanslae wil beskerm² of minstens gelyke skade teenoor die aanvaller wil berokken. Sy voel dat dit 'n geregverdigde handeling sal wees, daarom dat sy 'n gewetenlose² uitdrukking handhaaf. Haar gevoelens is intens en onafgehandel, daarom is sy 'n gevaarlike² saak. Sy verteenwoordig as 't ware die potensiële destruktiewiteit² wat die wapen in sy skerpheid openbaar. Haar gevaarlikheid is kovert in 'n uitdrukkinglose gesig², dus onvoorspelbaar.

Willem H mag as ontvanger of slagoffer van sodanige benadering vanaf 'n "kasterende figuur" beide skuldig en beangs³ voel. Hy is laat verstaan dat hy die aggressor een of ander leed aangedoen het, of tenagekom het, wat 'n wraakaksie teenoor hom regverdig. Hierdie kritiek op sy optrede of persoonlikheid, of dit na 'n aktiewe negatiewe handelingsinsident verwys of na die afwesigheid van verwagte kwaliteite, mag op sigself selfverwyt en selftwyfel by hom teweegbring. Die ervaring van die ongewenstheid/onaanvaarbaarheid van sy gedrag/(self) is op sigself kasterend, wat hom in die plek van die aggressor kan plaas. Hy mag na

verwagting self bedreig en gepynig voel, wat selfverdediging kan ontlok. Dit bly egter slegs 'n behoefte (om die aggressor leed aan te doen) en word daar (nog) nie na die wraakdaad oorgegaan nie.

Daar bestaan dus 'n groot mate van koverte emosies van aggressiewe² aard wat dus geïnternaliseer word en 'n skyn³ -situasie van overte beheer³ skep (“expressionless face”). Dit mag 'n potensieel gevaarlike emosionele stoompot-toestand wees waaronder hy verkeer, wat dreig om onvoorspelbaar te ontplof wanneer die druk te groot word.

Die vraag is of sy hantering hiervan vanaf die posisie van die slagoffer (in terme van skuldgevoelens³ en passiewe oorgawe) of die aggressor² (in terme van selfgeldende wraak) gaan inneem. Die idee van rasionele beheer³ wat tans nog deur die beeld voorgestel word, stel voor dat Willem H steeds son-fallus-dominant optree, maar dat daar konflik deur skadu-chtoniese² druk t.o.v. primitiewe instinkte veroorsaak word. Hy onderdruk egter sy chtoniese magte wat hom eerder in 'n posisie van die swak slagoffer plaas. Ons kan dus veronderstel dat Willem H primêre gevoelens van skuld³, minderwaardigheid en angs beleef. Hy voel dat wat hy kon aanbied onvoldoende was en dat hy nog meer kan verloor.

7. “WINTER”

Willem H beskryf hierdie skets essensieel in terme van die gebrek aan manlikheid van die figure, wat hy hoofsaaklik aan die veranderingsproses koppel. Die vroue bied geen inspirasie aan hom as manlike toeskouer nie. Die interaksie tussen homself en die vroulike beelde wat daar met hierdie projeksie van hom vereis word, bring geen heteroseksuele meelewing teweeg nie. Die afwesigheid van die vroulike kwaliteite verdryf enige manlike reaksie vanaf die toeskouer; die beelde spreek nie sy manlikheid aan nie. Sy chtoniese fallus² word nie deur hierdie figure geïnspireer in terme van seksuele bewuswording nie, hulle is passief en onreageerbaar. Die beelde

ontlok vanaf Willem H 'n son-beskrywing - reflekteer erns³ en 'n konkrete ontleding³ van die figure.

Alles wat aan manlikheid gekoppel word, is in hierdie beskrywing afwesig, daarom die passielose² en intellektuele³ reaksie daaro: Die androgene aard van die beelde negeer die relevansie van geslag vir Willem H. Die gebrek aan kontras in die geslagte, bevraagteken die rol daarvan. Willem H se ei geslag (manlikheid)⁴ word ontoepaslik te midde van die gebrek aan behoefte daaraan, soos deur die passiewe manlike figure aangedui. Die vermanlikingsproses waardeur die vroue gaan, plaas hulle in 'n onafhanklik posisie. Die doel van hul vroulikheid is moontlik afgehandel, en daarmee gepaardgaande die onbetrokkenheid by enige vroulike funksie. Die vrou is dus nie vir hom (as toeskouer) beskikbaar in terme van verleidster en dus aanbidder (van sy fallus)⁴ nie.

Daar kan veronderstel word dat, indien die letterlik onvroulike figure, as spieëlbeeld van sy manlikheid dien, hy in die proses self geslagloos en uit voeling met sy chtoniese-fallus² geraak het. Die doel van manlikheid, naamlik om te bemeester, sal moontlik geen erkenning in 'n heteroseksuele konteks in sy lewe geniet nie, sodat die strewe daarna dus betekenisloos kan word en dus 'n futiele missie is. Willem H se motivering om as man te lewe mag moontlik 'n voorbewustelike basis hê, alhoewel hy moedeloos is oor die beperkte uitlewingsgeleentheid daarvan. Sy dryfkrag² sal beïnvloed word deur die gebrek aan motivering as gevolg hiervan. Hy mag inderwaarheid die doel van sy manlikheid/lewe⁴ bevraagteken.

8. **“VERSTRENGENDE RANKE”**

Willem H tree hier op 'n verbeeldingvlak in aanraking met sy verligte chtoniese fallus.² Hy streef 'n moeilike uitdagende prooi na, en verkry oormag.² Hy bemeester haar⁴ en sy bied uiteindelik vrywilliglik oorgawe aan hom. Die interaksie is eroties en liggaamlik,² dit spreek van aksie en

intensiteit. Die atmosfeer is gelaai met passie,² oftewel 'n pynlike begeerte wat uiteindelik eindig in wedersydse verligting in seksuele oorgawe.

Daar was aanvanklik 'n situasie van magswedywering; 'n bevraagtekening van sy rol as meester en man.⁴ Hy het die uitdaging aanvaar, ter wille van sy selfbehoud, en het as oorwinnaar uitgetree. Hy kon daardeur (in terme van haar vroulike posisie van nederigheid, insiklikheid, toegewing en onderskraging) sy manlikheid⁴ bevestig. Dit moes egter deur onsekerheid en onvoorspelbaarheid voorafgegaan word. Hy was nie verseker van sy oorwinning² nie, daar was 'n misterieuse² element daarby betrokke. Die vergoeding in terme van sy verhoogde beeld van sy eie manlikheid,⁴ het kwalitatief met die stryd² gepaard gegaan.

Monick (1987: 98) verwys hierna in positiewe terme as "seizing the partner ... where chthonic ying versus chthonic yang produces readiness", alhoewel dit met eksistensiële bewustheid³ gepaard moet gaan.

Willem H beleef moontlik 'n aktiewe fantasie lewe^{2,3} wat nie in die werklikheid tot uitlewing kan kom nie, weens verskeie redes, waaronder psigies (ongeïntegreerde oertipes); interpersoonlike (heteroseksuele) konteks; fisies (orgaan) beperkings, ensovoorts. Hy toon wel 'n begeerte om vry te wees² en om 'n natuurlike² ontblotenheid gesien en erken te word vir sy manlikheid⁴

9. “DROOGTE”

Willem H voel volgens hierdie projeksie verwelk en verle.⁴ Hy is as mansmens besig om weg te kwyne weens hoofsaaklik twee faktore, naamlik die aanwesigheid van eksterne destruktiewe faktore en die afwesigheid van innerlike voedingsbronne.

'n Verwelkte gevoel impliseer dat sy wese begin verslap⁴ en begin afneem. Sy wese sluit die totale liggaam² en geesaspekte³ van homself in. Daar

kan dus veronderstel word dat die uiterlik waarneembare neerhangende,⁴ slap fisieke voorkoms (van die plant) ook op 'n neerslagtige⁴ gees dui. Daar is ironie in die eksterne³ destruktiewe bronne geleë, deurdat die son potensieel in assosiasie met die sonneblom is en dat dit 'n lewegewende middel is, maar natuurlik tot die sonneblom se voordeel behoort te wees, in hierdie konteks destruktief ("versengende son") en veeleisend is. Die son is ook dreinerend en veeleisend, wat te midde van afwesige innerlike^{2,3} voedingsbronne² tot 'n oorverbruik van energiebronne kan aanleiding gee. Die gevolglike situasie is 'n moeë, uitgeputte⁴ en verslakte liggaamlike en geestelike houding.

Die plant skep 'n magtelose beeld,⁴ volgens Willem H, waar hy afhanklik⁴ is van faktore buite homself³ of buite sy bewussynsveld, om te kan herstel en oorleef. Die wil om te oorleef is dus nie in sy geval genoeg nie, daarmee saam het hy ook geen energie² oor om regop te bly nie. Hy staan te midde van 'n ernstige oorlewingskrisis en is aan 't sterwe.

Dit is nie net sy liggaam wat besig is om te sterf nie, maar ook sy gees. In hierdie verband verwys (Monick, 1987: 97) na die onderdrukking van chtoniese fallus² en daarmee gepaardgaande die afwesigheid van numinosum⁴ en (vlugtige gees), as omstandighede wat verwant is aan die verlies van manlikheid - "Fascination and wonder are gone,⁴ which are related to the rise and fall, death and resurrection of Chthonic Phallos" (:97).

Die innerlike^{2,3} voedingsbron (reën) wat moontlik weer kon bydra tot energie en lewe² [opstanding van sy wese en essensiële manlikheid]⁴, is dus in die intergrasie van chtoniese fallus ("providing the spark from the underworld")² met die ego, geleë. Eksterne³ faktore (die son) wat eise op sy bestaan plaas, mag die vorm van verskeie stressors³ aanneem, hetsy fisies/interpersoonlik/beroepsgerig. Die son verteenwoordig moontlik die

omstandighede van son³ fallus omstandighede in Willem H se lewe en die reën² die afwesigheid van chtoniese 'thrall' of bewondering.^{2,4}

10. “LEWENSBOOM”

Willem H beskryf hier 'n man wat vanselfsprekend met pyn saamleef en tydelik verligting vind in slaap en droom. Dit is egter slegs 'n denkbeeldige³, kunsmatige oplossing waarheen hy deur middel van slaap kan ontsna: Hy kan die (negatiewe, uitputtende) werklikheid agterlaat vir meer gewenste omstandighede in sy droom⁴, wat hom verfris sal laat voel - om weer die eise van die pynlike realiteite te kan aanvaar. Dit is tog die realiteite van manskemmens wees; om pynlike² lewensuitdagings te oorwin en te bemeester^{2,4}, totdat jy weer moet rus. "Energy pours forth after excitement, quiet returns, a desire for rest falls upon a man - his need for sleep" (Monick, 1987: 16). Die man se passie om te bemeester³, ter wille van manlikheid⁴, is 'n pynlike², proses. Dit verg inspanning en energie², totdat die liggaam 'n natuurlike herstelperiode benodig.

Willem H beleef moontlik self al die verwagtinge⁴, en eise van manlikheid. Daar mag spesifieke eise wees wat eie is aan sy omstandighede, en wat groot druk^{2,3} op hom plaas. Hy hanteer dit deur moontlik daarvan te onttrek, of deur middel van distansiëring, ontkenning en fantasering.³

'n Verdere duidelike verskynsel vanuit sy beskrywing van die skets, is sy afwesige² assosiasie met die falliese boom.² Hy verwys na rus onder 'n boom' in vergeleke met 'my boom'. Die blatantheid van die manlike orgaan² of grootte van die boom is waarskynlik iets wat vir hom intimiderend en onversoenbaar³ is. Die verligting wat hy bekom van die boom se skaduwee is dus kunsmatig en vanaf 'n eksterne bron.³ Hy eien nie die boom of die implikasies daarvan nie.

In Jungiaanse terme simboliseer die boom son fallus³ wat deur chtoniese fallus² gepenetreer word. Die vrugte³ van manlikheid in logosterme, word

in die materne oorsprong van chtoniese fallus gebore (Monick:85). "Phallos is the source of life and libido², creator of miracles" (Ibid.:30). Hy gaan voort deur te sê dat "Phallic resurrection has to do with the return to life, after death and defeat" (p.16) wat beteken dat Sonfunksies van manlikheid hul oorsprong 'n erkende en geëiende chtoniese eienskappe het.

Die implikasies van hierdie teorie in die geval van Willem H, wat homself skynbaar van sy fallus distansieer, is dat hy moontlik slegs droom³ om 'n man te wees, maar dat hy nie in aanraking is met sy eie geestelike energiebronne of vlugtige gees² nie, wat in chtoniese fallus geleë is. Sy son-aktiwiteite, waaronder beroep³ en institusionele betrokkenheid³, sal dan sonder chtoniese inspirasie² geskied. Dit sal hom nie werklik ten volle in aanraking met sy primitiewe manlikheid plaas nie. Hy sal hieraan voldoen uit verwagting³ van samelewings-bronne, en in ander geïntegreerde fallus-bome se skaduwees leef.

Sy boom (manlikheid)⁴ kan nie begin groei sonder die aanwesigheid van anima mundi (siel) en phallos protos⁴ (heilige gees) aspekte nie. Willem H beskik nie oor vlugtige gees/'Mercurial Spirit'² wat benodig word vir die skepping van lewe² of die groei van die fallus-boom, nie.

11. **"GEKNIPT VLERKE"**

Willem H kan met die onklar liggaam in die skets empatiseer; hy meen dat die persoon 'n deel van sy fisiiese self verloor² het en hartseer voel daaroor. Daar kan slegs hartseer oor 'n verlies ervaar word indien die verlore objek van waarde⁴ was. Die implikasies van die verlies vir die persoon kon in terme van die betekenis of funksie⁴ wat die deel gehad het, gemeet word.

Willem H kan identifiseer met die man wat 'n liggaamsdeel verloor het, omdat hy weet hoe dit behoort te voel. Moontlik het hy voorheen in sy lewe 'n liggaamsfunksie tydelik of permanent verloor. Hy beleef elke liggaamsdeel moontlik in unieke terme, omdat hy die verlore deel

spesifiseer. Die betekenis van die verlore deel hou dus met spesifieke terme verband; **dit wat**⁴ die funksie van die linkerarm behels het, is nou **afwesig**.⁴ Die gesinkroniseerde **eenheid**⁴ van die liggaam is nou onvergewer: Hierdie fisiese hindernis moet psigiese gevolge hê in terme van frustrasie en bitterheid; hy voel jammer vir homself. Dit suggereer verder dat hy verontreg voel. Hy kan moontlik jammer voel oor al die **gevolge**⁴ wat so 'n verlies mag teweegbring op verskeie lewensvlakke, soos op **beroeps**-³ en interpersoonlike gebiede, buiten slegs die vanselfsprekende praktiese probleme en implikasies van die mediese trauma.

Die liggaamlike **tekortkoming**⁴ word ook in Willem H se beskrywing opsigtelik en waarneembaar genoem; dit lê in naaktheid **ontbloot**⁴ aan die wêreld. Dit laat hom selfbewus en verneder voel, hy veroordeel sy liggaam ("not a good body") wat dus ook veronderstel dat hy 'n **lae selfbeeld**⁴ het.

Sy liggaam is 'nie goed nie' kan geïnterpreteer word as 'nie meer ten volle funksioneel nie', al die dele wat vir die gladde **funksionering**⁴ van sy liggaam benodig word, is nie aanwesig nie. Daar is 'n skroef in die masjien afwesig. Daar sal **gekompenseer**³ moet word hiervoor, wat 'n lastigheid sal wees. Hy voel dat hy dit op 'n stadium sal moet **aanvaar**⁴ en die beste van die situasie sal moet maak ten einde te kan aangaan met sy lewe.

Die vraag is of hy sy manlikheid ten volle sal kan uitleef, te midde van die omstandighede van ondoeltreffende of disfunksionele middele, ter bereiking van die doel, nl. bemeestering, wat die bestaan van die **instrumente of middele**^{2,3} ter bereiking van die doel voorveronderstel. "To face life with his handicap" impliseer dat hy sy **verwagtinge**⁴ van "life", vir hom (in terme van die doelwitte wat hy vir homself stel), sal moet herdefinieer en altyd **kompenserend sal moet aanpas**³ by sy gestremdheid. **"Handicap"**^{2,3} beteken egter agterstand en belemmerdheid, wat Willem H se posisie in die pad na sy doel sal bemoeilik. Dit is iets waarna hy opsien ("face **life**"^{2,3}) en

waaroor hy moontlik moedeloos⁴ en wanhopig kan voel in die lig van sy beperkinge^{2,3}.

-Geïntegreerde fallusbeskrywing:

Willem H se belewenis van sy totale menswees as man, sal aan die hand van die stand van sy manlike fasette beskryf word, te wete die volvoering van sy fallus-goddelikheid soos bemeester in chtoniese, son- en geïntegreerde anima/animus dimensies. Hierdie beskrywing sal die psigoiëde realiteit van Willem H uitlig, in die sin dat dít wat 'n psigiese beskrywing van hom uitmaak 'n refleksie van die liggaamlike stand van sy manlikheid verteenwoordig. Daar is 'n relatiewe verband tussen liggaam en psige; "the body organ is psyche-like". Fisiese en medies waarneembare simptome van die liggaam staan dus volgens hierdie uitgangspunt in 'n relatiewe verhouding tot die stand van die persoon se psige. Die liggaam se toestand dien dus as teken van verwante geestelike/psigiese omstandighede. Daar kan dus veronderstel word dat 'n man se psigiese belewenis van sy manlikheid op 'n fisiese wyse deur sy liggaam gereflekteer sal word, deur middel van doeltreffende of ondoeltreffende funksionering van sy primêr manlike (geslags)organe.

(a) **Ego-integrasie van anima**

Die stand van Willem H se anima-integrasie is in sy interpretasie van skets 2, 5 en 8, asook uit die onderhoud en vraelys gegewens geleë. Willem H reageer met 'n besliste en nie-onderhandelbare "Nee" op vraag 26 (vraelys) t.o.v. homoseksuele gedagtes. Dit is nie 'n saak wat hy wil ondersoek of eksploreer nie, hy sluit die onderwerp summier af. Sy belangstellingsveld sluit voorts volgens die onderhoud tipiese animus-manlike aktiwiteite in, waaronder nutsmanwerke soos houtwerk, sweiswerk en motorinstandhoudingswerk (kliniese verslag 3.1). (Dit korreleer voorts met sy verligte son-fallus). Die afwesigheid van fisiese krag-aktiwiteite is nie 'n

weerspieëling van anima nie, maar is aan sy mediese toestand (diabetes), te wyte.

Hy openbaar 'n dringende behoefte om homself te vereenselwig met manlike aktiwiteite en met die manlike rol, ook op heteroseksuele gebied. Hy bevestig daardeur die bestaan van sy animus, as ontkenning van sy anima, met ander woorde in die teenwoordigheid van sterk tekens van animus kan ongewenste/ onaanvaarbare animatekens onderdruk word. Dit blyk ook in sy behoefte om in terme van rolverwagting 'as man' vir sy vrou op te tree (kliniese verslag 4.2 en vraelys vr.38). Skets 2 word met 'n animus-fokus benader, oftewel 'n sterk son-logos houding, wat 'n feitelike en analitiese beskrywing verteenwoordig. Dit word met intellektuele beheer uitgevoer, sonder enige emosionele verwysing wat as 'n anima-refleksie kon dien. Dit sou moontlik vir hom moeilik/ongemaklik wees om met die sagtheid of sensitiwiteit van die skets te vereenselwig, omrede dit hom met sy eie anima in verbinding sou bring. Die onderwêreld van sy eie matriargale, manlike fisiese (geleë in chtoniese-fallus), word sodoende onderdruk.

Willem H het waarskynlik dus nie sy anima in die proses van hiërosgamos geïntegreer nie. Sy identifikasie met sy manlike beeld is emosieloos en kil, en daarmee gepaardgaande ook die afwesigheid van die vermoë om teerheid, kreatiewe inspirasie en liefde te toon. Die hiërosgamos van verdeelde teenoorgesteldes het nog nie plaasgevind nie.

Hierdie afleiding word ook in skets 5 gevind waar dit blyk dat hy nie die hiërosgamos in werklikheid bereik het wat in 'n eenheidsituasie op heteroseksuele gebied benodig word, nie. Sy vrou openbaar geen seksuele begeerte en genot nie (vraelys vr.38), wat die vraag laat ontstaan of hy die seksuele konteks moontlik onsensitief benader vanuit 'n primêre animus-verwysing.

Skets 8 toon wel aan dat Willem H op erotiese vlak met sy (donker) chtoniese fallus kan reageer, alhoewel dit met fisiese krag geïnisieer word en

nie vanuit matriargale teerheid nie. Die seksuele ontmoeting met sy vrou vind plaas in fisiologiese terme en ter wille van die bevestiging van sy animus.

Die egpaar se fisiese verhouding was van die staanspoor af onbevredigend (kliniese verslag 2.4), waar sy hom veroordeel het en te kenne gegee het dat hy haar behoeftes (anima) nie bevredig het nie, moontlik omdat hy onder andere nie in voeling met sy eie manlikheid was/is nie.

(b) **Die bemeestering van son-fallus**

Die uitvoering van Willem H se manlikheid op son-fallus gaan bepaal word aan die hand van skets 4,6,7,9,10 en 11, asook deur gegewens in die onderhoudsverslag en vraelys.

Willem H tree primêr op vanuit 'n son-fallus-verwysing, hy skep die algemene beeld van konserwatiewe erns, gedissiplineerde goeie burger en konsensieuse werker en gesinsman (kliniese verslag 1.1 en 4.1). Hy is bestuurder van 'n afdeling in 'n bank, lidmaat van 'n kerk, getroud met kinders. Sy persoonlike geskiedenis getuig van konsekwentheid en deursettingsvermoë. Hy het akademies gepresteer ten spyte van die feit dat hy dit moeilik gevind het om te leer. Hy is daarna gereeld tydens sy loopbaan bevorder en het vir 30 jaar by dieselfde maatskappy vertoef. Sy werksverpligtinge behels voorts sterk logospilte, waar hy datatransmissienetwerke koördineer en organiseer. Hy is voorts 'n verantwoordelike werker en 'n perfeksionistiese persoonlikheid (kliniese verslag 2.2).

Dit blyk dat hierdie karaktereienskappe in 'n groot mate in sy vroeë lewe geslyp is as gevolg van sy mediese toestand. Hy ly in 'n ernstige mate aan diabetes miëlitis, wat groot aanpassings in sy lewenstyl vereis. Hy is as kind deur sy ouers blootgestel aan skedules en rigiede roetine, ter wille van die hantering van sy bloedsuikervlakke. In hulle gesin het alles om sy

gesondheid gedraai (kliniese verslag 2.1). Hy is weerhou van enige spontane, fisiese aktiwiteite soos sport of rowwe spel.

Sy mediese toestand was altyd vir hom 'n lewe-en-dood situasie, wat hy met erns moes bejeën (kliniese verslag 2.3). Hy was oorbeskerm en vroeg gesosialiseer in terme van beperking van impulse en beplanning van gestruktureerde aktiwiteite. (Dit sou aanleiding gee tot 'n onderdrukking van chtoniese fallus).

Sy benadering op interpersoonlike gebied getuig voorts van 'n sonfallushouding, alhoewel die skadukant daarvan. Hy is van sosiale interaksie op skool geïsoleer, as gevolg van sy siektetoestand (kliniese verslag 2.1) wat moontlik vir hom 'n vernederende ervaring was. Hy kon wel later op werkgebied sy vorige verleenthede op sy ondergeskiktes projekteer deur afbrekend en kasterend op te tree. Sy kollegas het hom as skel en streng beleef (kliniese verslag 2.2).

Hy is op interpersoonlike gebied voorts emosioneel afgetrokke, teruggetrokke en afsydig. Hy is geneig om outoritêr, wantrouig en liggeraak op te tree. Hy is ingestel op roetine en rituele wat struktuur in sy lewe kan bied, alhoewel dit nie vir hom moontlik is om mense te beheer, soos in die geval van sy taakgerigte beroepsaktiwiteite nie (kliniese verslag 3.1).

Hy bevestig voorts sy (verligte) sonvlak-manlikheid deur homself trots as die hoof van sy huis, verskaffer van gesinsnoodsaaklikhede, en as 'n ware heer, te beskou (kliniese verslag 3.1). Sy lewenstyl getuig voorts van hoë sedelikheid en netheid. Hy beskryf homself as 'n goeie man wat aktief by die kerk betrokke is (kliniese verslag 4.2).

Hy is egter geneig om sy oordrewe verantwoordelikeitsin ook op 'n verpersoonlike wyse op homself van toepassing te maak. Hy voel dat hy seksueel 'n mislukking is en dat sy vrou se seksuele passiwiteit algeheel aan hom te wyte is (kliniese verslag 4.2, vraelys vr. 38 en 40). Willem H

ondervind probleme met sy erektele vermoë wat waarskynlik organies van aard is (as gevolg van diabetes, hoë bloeddruk en ouderdom) (vraelys vr 4 - 8). Sy besorgdheid oor hierdie disfunksie het onlangs verskerp, met die kennisname dat hy verplig gaan word om met vervroegde pensioen af te tree (kliniese verslag 4.5 en vraelys 1).

Dit wat voorheen vir hom van hoë sonfallus-waarde in terme van die bevestiging van (hoër) fallus of manlikheid was, raak egter vir die toekoms toenemend onbeskikbaar. Hy ondervind angs te midde van die oormatige verlies van simboliese tekens van sy manlikheid, sodat sy fallusbeeld dreig om vernietig te word.

Willem H se eerbied vir son-fallus word ook in skets 4 bevestig. Hy openbaar 'n ontsag teenoor samelewingseise en sosiale norme. Hy sal gevolglik 'n sosiale konformeerder wees, rasioneel optree, trots ervaar en konsensieus werk, volgens hierdie projeksie. Die skadukant van sy son-fallus is sy geneigdheid tot diktatorskap, korrektheid en logosdominansie ten koste van chtoniese emosie. Hy vind egter veiligheid en vertroosting in die gestruktureerde wêreld van son-fallus.

Daar bestaan egter in skets 6 tekens daarvan dat hierdie sterk geneigdheid tot intellektuele beheer moontlik 'n skynsituasie van 'n gekontroleerde beeld skep, en dat daar moontlik onderliggende skadu-*chtoniese* emosies en impulse is wat hy onderdruk en waaroor hy moontlik skuldig voel. Die konflik wat *chtoniese* en son-eise aan hom stel veroorsaak waarskynlik angs by Willem H.

Willem H reageer veral op 'n son-wyse, in terme van 'n passielose en intellektuele benadering, wanneer hy aan onpersoonlike omstandighede blootgestel word. In skets 7 sien ons die afwesigheid van *chtoniese* inspirasie in ruil vir 'n ernstige en analitiese son-ingesteldheid, te midde van die onvroulike beelde wat nie sy manlike belangstelling aanspreek nie.

Die pligte en eise wat 'n son-lewe inhou, eis ook in Willem H sy tol. Skets 9 veronderstel dat daar in sy lewe eksterne faktore is wat potensieel destruktief en veeleisend is, tot so 'n mate dat dit sy energiebronne verbruik het en 'n uitgeputte en neerslagtige toestand tot gevolg het. Hierdie eksterne eise mag moontlik die stressors in sy lewe verteenwoordig, naamlik al die verwagtinge van sy fallus-godheid. Daar bestaan son-eise in terme van loopbaan, institusionele deelname en gesinseise. Dit blyk volgens vr. 28 met betrekking tot die vraelys dat sy werk vir hom baie stresvol was. Sy totale ernstige geaardheid en konsensieuse houding teenoor elke taak (selfs stokperdjies) dui daarop dat hy gedryf word deur voortreflikheid, gemotiveer deur 'n verwagting om te presteer, om aan die fallus eer te betoon.

Dit is vir hom onmoontlik om aan hierdie eise te voldoen, in die afwesigheid van sekere belangrike voorwaardes wat as energiebronne dien. Hierdie voedingsbronne behels moontlik die afwesigheid van numenosum en betowering wat in chtoniese fallus geleë is. Hy is primêr geleë in son-fallus eerder as in chtoniese fallus, wat moontlik deur sy omstandighede in stand gehou word. Hierdie omstandighede sluit onder andere sy eggenote se eie son-ingesteldheid (kliniese verslag 2.4), sowel as haar gebrekkige bewondering van fallus (kliniese verslag 2.4 en vraelys vr 38) in. Sy mediese toestand en die eise wat dit gestel het, was ook dreinerend in sy lewe. Hy bevraagteken in terme hiervan sy waarde (vraelys vr 39). Daar is reeds vroeër verwys na die effek van sy siektetoestand in die vorming van Willem H se son-fallus, ten koste van chtoniese fallus wat in besit is van 'n verdere energiebron, soos in die volgende afdeling sal blyk.

'n Verdere dreigende verlies van psigiese versorging is in die feit dat hy 'n verpligte aftrede nader en daarmee gepaardgaande die verlies beleef aan die broederskap van manlike deelname ter wille van inherente magsbehoefte eie aan fallus (kliniese verslag 2.2). Hy aanvaar ook nie die implikasies van sy ouderdom (vraelys vr 39) nie, waar hy op slegs 55 jaar verontreg en magteloos afhanklik van hierdie bronne staan. Hy beleef angste te midde van die bedreiging van fallus se oorlewing.

Die voorkoms of bestaan van die eise wat vir Willem H met manlikheid gepaardgaan, word in skets 10 voortgesit. Dit blyk egter dat sy son-aktiwiteite, soos beroeps- en gesinsman-betrokkenheid deur samelewingsverwagtinge by hom versterk is (eksterne lokus van beheer), maar in die afwesigheid van chtoniese fallus sonder inspirasie en emosionele energie geskied. Hy is moontlik daarom eerder 'n reageerder as inisieerder, voortdurend afhanklik van eksterne bewondering in die afwesigheid van sy eie numenosum en daarom broos tydens die dreigende verlies hiervan.

Hy voel inderdaad, volgens skets 11, gebrekkig en belemmerd. Die middele ter bereiking van sy doel om fallus te bevestig of verwesentlik, is ook in son-terme, toenemend minder aan hom beskikbaar. Hy ervaar beperkinge of blokkasies in sy mondering, wat dit moeilik maak om Die Lewe uit te voer, soos fallus vereis.

(c) **Die vervulling van chtoniese fallus**

Daar is tot dusver uit die voorafgaande insette vasgestel dat Willem H 'n ongeïntegreerde anima en sterk son-fallus-ingesteldheid openbaar. Die toedrag van uitvoering van chtoniese fallus sal vervolgens deur middel van skets 3,4,5,6,8,9,10 en 11, asook m.b.v. die onderhoud en van vraelys-gegewens, ondersoek word.

Willem H se persoonlike en mediese agtergrond het daartoe gelei dat sy sterk logos strukture sy onbewuste impuls-wêreld onderdruk het. Hy het nie die geleentheid gehad om met sy primitiewe manlikheid in aanraking te kom nie. Hy is in sy jong lewe beskerm teen risiko's, sodat hy daarvan weerhou is om met sy fisiese kragte en chtoniese onderwêreld (beuselagtigheid) kontak te maak (kliniese verslag 2.1).

Sy seksuele ontwikkeling was traag. Hy het die natuurlike omgewing van hul plaas as seksuele opvoedingsmedium gebruik, alhoewel hy geen geleentheid gehad het om emosionele intimiteit op interpersoonlike gebied

aan te leer nie (kliniese verslag 2.4). Hy is wel in voeling met sy chtoniese fallus in terme van sy seksualiteit, maar slegs as 'n biologiese proses ter wille van die verlossing van spanning (kliniese verslag 2.3 en vraelys vr 40).

Hierdie behoefte (die verlossing van fisiologiese spanning) word egter tans deur 'n toestand van erektilie disfunksie gefrustreer. Hy word weerhou om hierdie aspek van chtoniese fallus uit te leef en voel paniekerig oor die verlies van hierdie uiterlik waarneembare teken van fallus (vraelys vr 2-13 en 27).

Skets 3 plaas Willem H voor die verwagtinge van manlikheid en wat die doel van fallus is, naamlik die verwerping van mag deur middel van vaardigheid en krag. Hy kanaliseer die chtoniese aard van die sketsinhoud na 'n son-konteks, wat sosiaal meer aanvaarbaar is. Hy stuur dus weg van die blatante primitiwiteit van die skets na 'n meer sedelike interpretasie daarvan (in 'n beroepskonteks).

Hy identifiseer ook met die broosheid van fallus, naamlik dat dit feilbaar is en onttron kan word. Dit is die risiko van manlikheid vir hom. Hy identifiseer moontlik hiermee met die ruiter in terme van die verlies aan mag wat sy aftrede, ouderdom, mediese toestand, ensovoorts meebring.

Hy bied 'n gesublimeerde en son-hoflike beskrywing van die bul-ruiter skets en verwys nie na sy prominente (skadu) chtoniese sy nie, wat die afleiding laat ontstaan dat hy ongemaklik voel daarmee.

In die geval waar daar afgelei kan word dat chtoniese fallus onwelkom is en onderdruk word deur Willem H, kan daar veronderstel word dat alle kompenserende aktiwiteite van son-aard, plaasvind sonder die "vlugtige gees" of chtoniese vonk wat kreatiewe energie impliseer. Willem H het moontlik vroeër in sy lewe optimisties gevoel oor die uitdagings van manlikheid (skets 4), maar ervaar tans 'n gevoel van energie-uitputting en

gevolglik 'n rustende toestand, wat met gebrekkige chtoniese fallus ("vonk uit die onderwêreld") gepaardgaan.

Daar word wel in skets 6 'n blik verkry van Willem H se skadu-chtoniese onderwêreld, waar hy intens negatiewe emosies van haat en destruktiewiteit op die beeld projekteer. Daar is 'n potensiaal om gewelddadig en aggressief op te tree, veral in reaksie op provokasie. Dit sou egter nooit van Willem H voorspel kan word nie, omdat die skynbare soliede son-beheerposisie wat hy aan die wêreld voorhou, nie hierdie onderliggende destruktiewe tendense verklap nie.

Provokasie mag deur enige "kasterende" figure of omstandighede verteenwoordig word. Alle omstandighede wat die voortbestaan van fallus bedreig, sal kasterend van aard wees en angs/kommer by Willem H teweegbring. Die gevaar is, volgens hierdie skets, dat Willem H te midde van oormatige onhanteerbare stressors of oormatige mislukte chtoniese en son-behoeftes, aggressief op die aanvallers van fallus mag teenreageer.

'n Interessante proses volg in skets 8, nadat Willem H met sy vorige beskrywing 'n chtoniese fallus verbinding gemaak het, naamlik dat hy homself toegelaat het om, alhoewel slegs op 'n vlak van geprojekteerde fantasie, 'n heteroseksuele intieme konteks ook met chtoniese fallus houding te benader. Hy kon 'n begeerte aan erotiese passie met manlike inspirasie toon.

Die toestand van energieloosheid en neerslagtigheid keer egter weer in skets 9 terug. Die voorwaarde van 'n erotiese chtoniese ontmoeting, naamlik die bestaan van die energiebron ('die vonk uit die onderwêreld, wat uit duisternis ontstaan') geleë in die proses van hiërosgamos, is afwesig.

Willem H se magtelose, passiewe en neerslagtige liggaam en gees hou verband met die afwesigheid van chtoniese fallus in sy lewe. "Phallos (gebore in die materne oorsprong van chtoniese fallus) is the source of life

and libido" (Monick, 1987: 30) en "Phallic resurrection has to do with the return to life, after death and defeat" (Ibid:16). Die energie om weer te lewe, is dus in chtoniese fallus geleë.

Die onteining van chtoniese fallus is die duidelikste sigbaar in skets 10, waar die falliese boom vir hom intimiderend en onversoenbaar is. Willem H beskik nie oor vlugtige gees wat benodig word vir die skepping van lewe of die groei van die fallus-boom, nie.

(d) **Die stand van fallus**

Die effek van die voorafgaande vlakke van son/chtoniese funksionering op die stand van Willem H se beeld van sy fallus sal opsommend ondersoek word aan die hand van al die sketse, asook aanvullend vanuit onderhoud en vraelys-gegewens.

Willem H is in terme van sy liggaamlike samestelling identifiseerbaar as 'n man. Dit plaas hom in direkte verhouding met sy geslagsorgaan, wat 'phallus in potentia' is. Elke man is bewus van die potensiaal vir numenosum wat in sy fallus geleë is. "Phallos is an archetypal image and it is an universal attribute of maleness which has a similar valence or meaning everywhere. Phallic patterning is imbedded in the psyche at its deepest level, and as such, it is as innate as maleness itself. It is not rediscovered or relearned with each new male birth" (Monick Ibid 32).

Willem H se waarde het hoë erkenning in sy kinderjare geniet. Die beheer van sy mediese probleme is ten alle koste uitgevoer ter wille van sy voortbestaan. Alles in die huishouding het om die seun gedraai; Willem se behoeftes het voorkeur gekry bo die behoeftes van sy suster. Hy het groot simpatie en ondersteuning van die breër familie ontvang, alhoewel dié hom tegelykertyd vir al die aandag en besorgdheid begin verkwalik het (kliniese verslag 2.1).

Willem H praat met lof oor homself wat sy son-sukseste betref byvoorbeeld sy vordering op beroepsvlak, sy vermoë om sy huis en gesin in stand te hou, sy goeie daede in die kerk, ensovoorts (kliniese verslag 3.1). "Men substitute Phallos surrogates for the thing in itself ... (thereby creating) a way of indirect exposure as a protection of the god" (Monick, 1987: 18). Dit is sosiaal onaanvaarbaar vir die man om blatant na homself te verwys as 'n fallus-godheid, maar son-aktiwiteite is aanvaarbaar en word kultureel bewonder (Ibid:102).

Hy is wel bekommerd oor die periodieke (vraelys vr.2 en 5) verlies van die teken van sy fallus-mag, in terme van die voorkoms van erektiele disfunksie by hom. Hy is besorg oor die oorsaak daarvan (vraelys vr.39); is dit van organiese oorsaak, waaroor hy geen beheer het nie; of is dit 'n teken van ontmanning by hom? Skets 2 toon 'n geforseerde animus-houding, ter wille van dit wat sosiaal aanvaarbaar is, soos deur sy sterk son-identiteit vereis. Hy is nie met sy chtoniese anima vereenselwig nie, sodat die totaliteit van fallus-god onvoltooid is. Hy voel moontlik ongemaklik met sy anima en verdryf enige tekens daarvan. Wat die oorsaak ookal is, die fallus verloor sy mag en het 'n implikasie op die man se belewenis van homself. Willem H se mediese toestand (diabetes en hoë bloeddruk) wat dikwels ED tot gevolg het, regverdig nie vir hom die verlies van fallus nie. Hy wil nie te midde van verskeie ander beperkings op son- en chtoniese vlakke wat sy goddelikheid bevraagteken, ook die waarneembare instrument van numen afgee nie. Hy openbaar 'n dringendheid om seksueel meer doeltreffend met sy eggenote te kan verkeer. Hy het haar as getuie van sy goddelikheid nodig; iemand wat met bewondering sy manlikheid kan bevestig (kliniese verslag 4.2 en vraelys vr.38).

Dit is duidelik hoe Willem H in skets 1 aansluiting vind by die universele begeerte onder mans om deel te wees van die broederskap van manlikheid. Hy verwag om by die bondgenootskap aan te sluit, ook deur middel van die broederskap van eiendom en besitting (in terme van onder andere huis en eggenote). Hy waag dit om sy toelating tot die broederskap te beproef, deur

sekere verliese te openbaar met die oog op ondersteuning en herbevestiging van sy manlikheid. Die manlike luisteraar in die bondgenootskap toon empatie oor 'n saak van gemeenskaplike belang, waarvoor hy begrip het. Die onderwerp onder bespreking mag in Willem H se geval die dreigende verlies van fallus wees, wat simpatie by alle mans sal ontlok. Hierdie situasie van magsverlies hou waarskynlik verband met onsuksesvolle son-cthoniese fallus-aktiwiteite. Die angs wat dus tydens die druk om te presteer (hetsy op son- of chtoniese vlakke) ervaar word, verteenwoordig inderwaarheid kommer oor die verwesentliking van fallus. Die bondgenootskap van broederskap bied hiervoor onderskraging. Daar is in hul soortgelykheid 'n gemeenskaplikheid t.o.v. hul manlikheid, 'n gedeelde numenosum.

Willem H het aan die 'hiërofaniese' numenostiese kwaliteit van sy manlikheid begin twyfel, hy het die bevestigende aspek daarvan (byna) verloor of gedeeltelik verloor. Dit mag verteenwoordig word deur die afwesigheid van chtoniese dimensies in sy lewe, waaronder die geleentheid om fisies kragte te meet en sport te beoefen (sedert sy kinderjare volgens kliniese verslag 2.1), die afwesige deelname aan growwe manlike inwydingsrituele (as gevolg van sy mediese toestand, verwysing onderhoud 2.1), die afwesigheid van oertipiese seksualiteit (skets 5), die afwesige erkenning van sy fallus goddelikheid, deur sy eggenote in terme van haar seksuele gedistansieerdheid (kliniese verslag 2.4 en vraelys vr.38), die verlies van energie en kreatiewe vonk wat tot uitputting en neerslagtigheid lei (skets 9 en 10), die afwesigheid van die teken van fallus-mag in terme van erektele disfunksie (kliniese verslag 2.3 en vraelys vr. 1-13).

Sonvlak-verliese wat hy meer onlangs begin verloor het, is die verlies aan die mag om rigting aan sy lewe te bied, deurdat hy met verpligte aftrede moet gaan (kliniese verslag 2.2) en dat hy voel dat hy met 'n agterstand of gebrek (met verwysing na sy mediese toestand, insluitende ED) die eise van fallus moet kan hanteer (skets 11). Hy voel as gevolg hiervan in sonterme onvoltooid en verdeeld in sy geskondenheid. Hy verloor voorts sy geleentheid om sy skadu-son-fallus uit te leef, waar hy met die uittrede uit sy

werkplek nie meer die neerbuigende opperbevelvoerder kan wees nie (kliniese verslag 2.2). Hy verloor sy mag om rigting aan 'n proses en aan mense te kan bied. Hy verloor die waarde van oorwinning en bemeestering op werksgebied. Dit wat 30 jaar lank vir hom (vanuit 'n sterk Apollo-geordendheidsinslag) verseker en voorspelbaar was, (kliniese verslag 2.2) word oornag vir hom 'n vreesaanjaende verandering. Hy verloor 'n omgewing waar sy logosdominansie kan seëvier, naamlik dat hy sy ondergeskiktes nie meer met sy perfeksjonistiese verwagtinge kan tiranniseer nie (kliniese verslag 3.1 en 3.4). Hy verloor voorts aansien in terme van kulturele status, waar hy vantevore trots oor sy bekwame werkverrigting was (kliniese verslag 3.1). Hy was daarmee deel van die kollektiewe aard van skadu son-fallus. Hy het voorts son-fallus verloor met die onafhanklikwording van sy kinders, waar hy voorheen op 'n outoritêre en dominerende wyse sy mag oor besitting kon demonstreer, is hy van hierdie besittings geskei, wat vir hom 'n moeilike saak was om te laat vaar (kliniese verslag 2.4 laaste paragraaf). Hy het besittlike beheer teenoor sy kinders, veral sy dogter, geopenbaar.

Hy tree wel met 'n waardige sosiale reputasie (as herkenning) op en is finansiëel (as vergoeding) goed gevestig. Hy besit steeds sy vrou ("man's solar decoration") alhoewel hy nie oortuig is van haar motiewe en gevoel vir hom nie. Daar bestaan dus sekere bewyse dat Willem H steeds kwalifiseer as lid van die broeder-bondgenootskap, wat hom tydens die refleksie met ander manlikes herintegreer met manlikheid en as bewys van fallus dien. Hy is in kontak met die essensiële eienskap van sy manlikheid, naamlik om te bemeester, ter wille van fallus-numen (bonatuurlike magtigheid) (skets 3 en 4). Dit blyk egter dat die uitdaagproses, die wedloop om te bemeester, in 'n groot mate as gevolg van omstandighede (beroep en medies) verby is en dat hy nou sal moet vrede maak met die spesifieke aard en voorkoms van sy fallus (skets 11).

Ons sien egter hoe Willem H steeds droom om bekroon te word, as bevestiging van sy fallus-goddelikheid (skets 5), veral nou op heteroseksuele

gebied word dit vir hom weer 'n dringende saak. Haar verering van hom dien as refleksie van sy manlike aanvaarbaarheid. Sy plaas hom op sy troon, deur hom te prys met haar toenadering. Daar word egter uit skets 5 en 7 en vanuit die onderhoud 2.3 vermoed dat hierdie erkenning nie vir hom beskikbaar is nie. Sy eggenote is nie vir hom as verleidster, en dus aanbieder van sy fallus, beskikbaar nie. Die rede daarvoor is moontlik daarin geleë dat hy sy waarde grotendeels vir haar in terme van sy voortplantingsfunksie uitgedien het. Sy herken nie meer sy sonprestasies nie, moontlik uit gewoonte. Sy is nie in aanraking met haar chtoniese vroulikheid nie. Dit was reeds die geval voor hul huwelik, as gevolg van oorsosialisering (kliniese verslag 2.4). Willem H ontwikkel voorts nie haar chtoniese potensiaal deur haar met kreatiewe en tere inspirasie te benader nie (skets 5). Hy tree vanuit sy son-strukture hoflik en passieloos op.

Dit alles lei tot 'n toestand van nederlaag, die fallus-god verwelk en verlep (skets 9). Sy liggaam en gees buig voor die verlies van simbole van erkenning. Hy ervaar innerlik hieroor geestelike uitputting en neerslagtigheid. Hy skryf die situasie hoofsaaklik toe aan magte buite homself, naamlik sy beroep, mediese toestand en eggenote se afsydigheid. Skets 6 toon daarop aan dat hy diep verontreg voel, die fallus-god word nie regmatig gegun wat hom toekom nie. Daar sluimer woede onder sy uiterlike fasade van beheer, alhoewel hy dit op sy sonwyse ontken en selfs skuldig voel oor hierdie chtoniese emosie. Hy beskik nie oor die innerlike energiebronne wat deur die geestelike aard ("vlugtige gees") van chtoniese fallus daargestel word nie, omdat hy sy chtoniese fallus onderdruk en nooit werklik daarmee in aanraking was nie. Die oprigting van sy fallusbeeld is dus primêr in die integrasie van chtoniese fallus geleë. In sy geval "fascination and wonder are gone, which are related to the rise and fall, death and resurrection of Chthonic Phallos" (Monick, 1987:97).

Die afwesigheid van die basis van sy fallus, naamlik die essensiële, primitiewe chtoniese aspekte van sy manlikheid, is verder in skets 10 te

bespeur; "[Chthonic] phallos is the source of life and libido, creator of miracles" (Ibid,:30).

Die proses van verwelking is dus omkeerbaar; wonderwerke kan geskied as gevolg van die numenostiese aard van fallus. Die man moet egter, volgens Monick, in kontak met sy eie 'chtoniese knegskap' wees hiervoor. Hy kan op kunsmatige, eksterne faktore soos mediese plaasvervangers staatmaak, alhoewel dit hom nie met sy outentieke manlikheid sal verbind nie. Hy sal daardeur weereens onder geleende skaduwee leef (skets 10). Hy sal bykomend hiertoe 'n proses van hiërosgamos moet deurloop. Lewe en heroprigting is in chtoniese vonk geleë ("providing the spark from the underworld").

-Die Tuin van Fallus:

Die landskap : Skepping van lewensruimte

'n Tuin is 'n versameling van plante in natuurlike omstandighede, wat in wisselwerking met ander natuurelemente soos die klimaat en die diereryk (insekte, voëls, ensovoorts), is. Elke tuin is uniek en saamgestel volgens bepaalde omstandighede, voorkeure en prioriteite. 'n Suksesvolle tuin vereis egter goeie balans en geïntegreerde proporsie, besproeiing, beligting en instandhouding.

My tuin

My ouderdom het deurgaans in my lewe die voorkoms van my tuin bepaal, voorheen was dit nodig om 'n ruimte vir aktiwiteit en spel te skep, maar my tuin is besig om stiller te word. My tuin is grotendeels vir my vooraf beplan en deur eksterne elemente gereguleer. Ek is egter deel van die koninkryk van plante; dit is my begeerte om na die son te reik, om in prag te skitter en deel van 'n ekologiese funksie te wees.

Grondsamestelling

My aarde is deur my liggaam besoedel, ek is met suikersiekte besmet. My saad het in kleigrond geval, swart en met 'n donker toekoms. Die klei het my lewe gestruktureer en voorspel, my groei gesnoei. Die kind van die land se lewe is verkort, die pad na die son is ver. My bodemopbrengs is swak en vergiftig deur my ma se sorg. My geboorte grond het my lewe beperk, ek lewe gedeeltelik en voorwaardelik. My tuin se samestelling is deur my bodem voorspel, die aard van my basis rigied en onveranderlik taai .

Ek bedek my grond met mos, om die swartheid van my onderwêreld te versteek. Alles vertoon heilsaam en gesond, maar onder draai my onheil rond. Ek sou egter nooit as kind die klei in my hande kon hou nie, dit is verby en in my ouderdom my nie meer beskore nie. Tog reik my wortels deur die groen fasade na die heilsaamheid van die donker. Ek soek na my anker, maar my wortels is vlak. Ek is bang om dieper te reik, die onbekende te waag. Tog wil ek, soos almal, hoër na die son streef. Ek voel egter moeg, waar sal ek weer my energie kry? My wortels soek oppervlakkig, maar kom nie by die voeding by nie. Die kleigrond van my siekte hou egter vas, ek bly bo in die wêreld van die lewe. Ek droom om groter te groei en om dapper wortels diep in die aarde in te skiet.

Plantegroei

Ek is die naaldboom ('Erecta'), 'n 3 meter hoë boom. Ek het 'n nou en kompakte netjiese vorm. Ek het digte groen blare wat my stammetjie versper. Ek het die potensiaal om groot te word, veral in gebiede met 'n hoë reënval. Ons groei stadig en is die ernstige begraafplaas-plant. Ek hou van 'n helder, sonnige posisie, anders sal my kleur verdof. Ek kan in enige vorm gesnoei word, ek was al pronkstukke op die werf. Op die oomblik is ek onaangeraak, vergete. Ek voel ongewaardeer en ongesien in die tuin. Ek twyfel oor my funksie tussen al die hoë bome om my.

Langs my groei my Aloe wickensii (Aalwyn) in al haar onvroulikheid. Haar bitter skerp liggaamsvlees bewaar haar onbereikbare blom. Haar doring

steek my diep in my gees. Sy draai haar gesig weg en sien my nie raak nie. Langs haar is 'n oop stukkie grond, gereserveer vir my roos. Geen tuin is voltooi sonder sy roos nie. Sy bring haar prag en geur, vroulike sagtheid en innemende maniere. Sy is welgevallig, 'n plant wat met min moeite groei. Sal ek haar kan vertroetel om nog meer vir my te blom? Sy sal my segeteken wees, haar meeewing as vrou my sukses as tuinargitek. Ek is wat my tuin kan produseer.

Aan my anderkant rus my bolplant onder die grond, jare reeds, sonder om te ontkiem. Daar is egter slegs een tulp hier, wat nie die plant tot haar reg sal bring nie. Sy sal slegs tuis voel in die teenwoordigheid van haar vriendinne, wat in massas om haar geplant kan word. Sy is alleen broos en skaam, 'n fyn plant wat alleen nie die moed het om haar kop bo die grond uit te steek nie. Sy lê na aan my wortels en bly geborge sluimer in die donker kleiwêreld van die ondergrond. My tuin is egter armer in die afwesigheid van my sensitiewe tulp, met haar vermoë om kleurvolle emosie en kreatiewe inspirasie tot die omgewing by te voeg.

Ek deel die Parthenocissus Quinquefolie (Virginia-rankplant) met my Aalwyn, wat tussen ons ontstaan het. Die plant het ons aan mekaar verbind, 'n mengelmoes van knope. Ons is onverstrengelbaar gekoppel in ons verwantskap tot mekaar; twee nie-soortiges kunsmatig vasmekaar. Ons posisies tydens vorming het ons bymekaar gebring, in 'n wederkerige onbeplande buurmanskap. Ek het nie die voorkoms van my tuin geskep nie, ek was nog nooit kreatief nie. Ek het geneem wat aan my uitgedeel was en ek en Aalwyn maak nou die beste van die saak. Ons leef saam waar ons geplant is, ek bied haar skaduwee en sy is droogtebestand en min moeite. Sy stuur die rankplant in my rigting, om teen my stammetjie op te klouter, om dit wat lelik is te bedek. My stam is reeds geheel toe en onsigbaar. Ek word nie meer daar raakgesien nie, slegs my vlamvormige blare steek uit. Die rankplant beweeg egter al hoër teen my op, ek begin verdwyn. Die rankplant gebruik my op en my groen blare begin val van die dors.

Dit is ook die dors wat die sonneblom daar eenkant in die tuin voel. Ek weet hoe my sonneblom voel, hy voel soos ek op 'n reënlose dag. Ons is verwelk en begin verlep; my wese begin verslap en my gees buig saam neerslagtig neer. Ons voel magteloos en smag weer na opstanding. Ons dors na die energie.

Aangrensende erwe

Die buurt het sekere verwagtinge van en regulasies oor my tuin. Ek is deel van aangrensende tuine en ek sien watter standaard daar om my gehandhaaf word. My tuin word nie weggesteek nie, ek is opsigtelik ontbloom aan ander. Alles bokant die grond word aan die toeskouers blootgestel vir hul bewondering. Ek handhaaf die norme en reëls streng soos deur die buurt neergelê; my tuin was altyd aanvaarbaar vir ander. Ek hou by die neergelegde boulyne en vermy ondergrondse kables en pype. Ek twyfel egter toenemend oor my skoonheid, my plantegroei is besig om te verdor. Ek verwag nie meer om 'n invloed uit te oefen en die buurt se aandag te boei nie. Ek is nie meer 'n speelplek of rusoord nie, ek gaan my funksie verloor.

Klimaat

Dit is herfs in my lewe en reeds het die kapok plek-plek gebyt. Die reënval het gedaal en my eienaars het onttrek, moontlik beter tuine oorweeg. Die son bly egter vra dat ons aanhou met groei, nog hoër. Ek voel reeds bang en paniekbevange, waar gaan ek hulp kry? Wie sal my voer? Ek dink meer aan my wortels wat moontlik dieper kan delf na ondergrondse bronne. 'n Draad en 'n stut mag die plant se hulpmiddel wees en darem 'n beeld van waardigheid skep.

Peste en siektes

My blare openbaar die teken van ouderdom; die swart kol siekte. Dele van my gaan geel word en afval. Die krieke maak ook my bedekking oop, hul vreet my mos en gras, sodat my swart grond begin deursteek. Ek is hier vir my dosis plaagmiddel, wat is my voorskrif?

Versorging en instandhouding

My tuin is onder herbeskouing, ons beplan die uitleg van my landskap opnuut. Die omstandighede het verander, my erf is onderverdeel en kleiner. Die krieke bring my van aangesig tot aangesig met my basis. Ek staan op my swart klei, ek word deur my wortelstelsel daarmee een. Ek sprei my voelers daardeur soos 'n avontuur in die donker. Ons behou 'n deel van die swart klei en vermeng die res met kompos, om my liggaam te laat asemhaal. Ek is natgelei, my wortels skiet verder af en vind 'n ondergrondse rivierstroom. My boomstam dra my hoof sterk omhoog, ek kry weer 'n plek in die son. My gemoed is verlig en as ek kyk na Aalwyn se gesig; met my vroliker oë verbly haar rose-beeld my. Wat ek sien is voedsel vir my gees en ek word weer blink, genees. Ons snoei die rankplant dikwels en my tulp word my roos se vriendin. Ons neem ons plaagmiddels per voorskrif gereeld, maar nooit hoef ek meer te wag vir 'n wolk om my sonskyn te komplementeer nie.

7.1.3.2

Protokol 2

KAPPA

-Kliniese vraelys:

“The effective treatment of erectile dysfunction depends on effective and thorough diagnosis. Diagnosis for this purpose consists of a timesaving questionnaire, after which an interview and medical examination will take place. Acknowledging that it is a difficult area to discuss, it is stressed that the information will be dealt with confidentially and sensitively.

Please complete the questionnaire below and mail/deliver it as soon as possible to S. Pienaar, c/o Dr M. Tupy, Department Urology, JG Strydom Hospital, Private Bag X47, Auckland Park.

1

Identifying particulars:

NAME & SURNAME: ⁴
ADDRESS (Postal): 1 Mil Hos:
Pretoria
DATE OF BIRTH: 26 years
MARITAL STATUS: Single
OCCUPATION: ³ Defence Force (Navy) ^{2,4}

2 Have you ever experienced an erection?

^{4,2}

3 Since when have you been experiencing erectile failures?

^{2,4}

4 Has this problem been gradual or sudden?

²

5 Do you have partial or total erectile failure?

^{2,4}

6 Do you have erectile dysfunction before or after ejaculation?

Not applicable

7 Do you experience morning erections?

^{4,2}

8 Do you experience nocturnal erections?

^{4,2}

9 Do you experience erections during masturbation?

^{4,2}

- 10 Do you experience erections during erotic or other fantasy?
 No^{4,2}
- 11 Do you experience erections while viewing erotic material, e.g. videos?
 No^{4,2}
- 12 Do you obtain an erection under any other/unusual circumstances?
 No⁴
- 13 Did you obtain erections with other/previous partners other than your present partner?
No
- 14 What, to your mind, does sex involve?

- 15 Describe your sex drive
 Normal²
- 16 Do you desire your partner?
 Yes²
- 17 What is love?
Two hearts joined together³
- 18 Do you love your partner?
 Yes³
- 19 Do you find your partner attractive? Yes
Sexually skilled? Yes
Hygienic? Yes

- 20 Do you experience any marital problems/conflict?
Extra-marital affair, liquor²
- 21 Are you angry or resentful?
I accept myself as I am – I am still alive⁴
- 22 How often do you have sex?

- 23 How do you feel about the female sex organ?
Good²
- 24 Do you often obtain an erection, but find it difficult to maintain during certain phases of the sexual act?
Not applicable
- 25 Do you fear
punishment : No
disease : No
pregnancy in your partner: No
injury : No
ridicule : ?
- 26 Do you have homosexual thoughts/habits?
No¹
- 27 Do you suffer from any mental condition. e.g. depression or anxiety that you know of?
Depression²
- 28 Do you experience any stress in your life? Please describe:

Physical pain² – extreme

- 29 Have you had any traumatic/unpleasant sexual experiences before?
No
- 30 Do you feel guilty/inhibited about sex?
No
- 31 Do you come from a strict religious background?
No
- 32 What is your cultural background?
Sotho
- 33 Do you have good knowledge of sexual technique?
Yes
- 34 Do you follow a healthy diet?
No
- 35 Do you use any medication, e.g. Aldomet, Esmelin, Diuril, Tagamet, Prolixin, Thorazine, etc?
Yes – Tofranil, painkillers
- 36 Do you suffer from any known disease e.g. diabetes mellitus, renal failure, multiple sclerosis, alcoholic neuropathy, thyroid disease, hypogonadism, hepatic failure, vascular disease, etc?
Spinal cord injury – paraplegic²
- 37 Have you undergone any surgical procedures e.g. cystectomy, proctectomy, abdomino-perineal colon resection, vascular reconstruction, etc?
Yes

38 What goes through your mind before sexual contact? (Please expand description.)

Not applicable

39 What goes through your mind when you lose an erection or are unable to have/maintain an erection? (Please expand description.)

Not applicable

40 Please describe how you feel during and after an erectile failure

Not applicable

Thank you for your cooperation.”

-Kliniese verslag:

1. **Persoonlike besonderhede**

NAAM : Kappa^{3,4} (Skuilnaam)

ADRES : p/a 1 Militêre Hospitaal, Pretoria

OUDEROM : 26 jaar

RAS EN TAALVOORKEUR : Xhosa

BEROEP : Lid³ Suid-Afrikaanse Vloot^{4,2}

KERKVERBAND : Methodis³

HUWELIKSTAAT : Ongetroud, geen kinders

MEDIESE TOESTAND : Skietwond, parapleeg

2. Kliniese geskiedenis

2.1. Vroeë geskiedenis

Kappa is die jongste van drie seuns wat onder moeilike omstandighede grootgemaak is deur hul moeder, 'n huishoudster van beroep. Hul vader het hulle verlaat en in die steek gelaat, sodat die gesin finansiële arm en behoefte³ was. Die oorblywende lede van die gesin het goed oor die weg gekom en 'n hegte band gevorm. Daar was nooit weer 'n verhouding met sy pa ter sprake nie, tog was sy oom as 'n vaderfiguur daar in sy lewe. Die familielid was egter 'n swak invloed op die seuns en het onaangename omstandighede geskep: Dit wil voorkom asof die persoon ("the bad uncle")² aangebied het om na die seuns om te sien, alhoewel daar in sy huis bose aktiwiteite², waaroor Kappa nie uitgebrei het nie, plaasgevind het.

Kappa het Standaard 10³ geslaag ten spyte van sy sosiaal-maatskaplike beperkinge. Sy moeder se ondersteuning het hier 'n belangrike rol gespeel. Skoolwerk was nie vir hom aangenaam of maklik nie. Hy het wel uitblink in sport soos atletiek, sokker en sagtebal. Hy was van kleins af 'n sosiale wese en het sy vriendskappe geniet. Hy het tuis gevoel tussen sy maats⁴ en was 'n uitbundige en onnutsige kind.

Na skool was hy vir twee jaar lank werkloos en het tuis gebly. Dit is onduidelik hoe hy homself gedurende dié tydperk besig gehou het. Hy het op 'n stadium tydelike werk bekom.

2.2. Werksgeskiedenis

Hy het in 1995 by die vloot aangesluit, omdat dit al geleentheid vir werk³ vir hom was en nie omdat hy 'n besondere ideaal daartoe gehad het nie. "For

me, it was a job, I wanted the work and it gave me no troubles. I needed the money"³. Hy is sedertdien in dieselfde pos werksaam.

2.3. Mediese geskiedenis

Hy was tot datum 'n gesonde mens ⁴, buiten asma-aanvalle wat wel onder beheer is.

Kappa is in Mei 1998 deur 'n bende van drie mans van sy selfoon beroof en is hiertydens met 'n rewolwer in sy sy gewond. Die koeël het sy nier (wat verwyder moes word) en sy rugstring getref. 'n Ernstige rugmurgbesering is opgedoen, wat tot 'n permanente paraplegiese toestand bygedra het. Kappa het geen gevoel in sy bene nie, maar daar is drukking op sy rugsenuwees wat uiterste en aanhoudende pynflitse deur sy rug veroorsaak. Hy word hiervoor met Tofranil en pynstillers behandel, alhoewel min verligting daardeur gebied word. Kappa hoop om oor twee jaar weer te kan loop, maar medies gesproke lyk dit onmoontlik.

Sy geslagsfunksies ² is ook algeheel deur die voorval ingeperk; Kappa is daarna onvrugbaar ³ en impotent ² gelaat. "I'm not worried about my legs... I know I will be able to walk again. I am more worried about the erection problem, I can have no babies... my girlfriend accepts this. I'm more worried about my sexual parts ², I'd rather have that back than my legs." Kappa het voorheen normaal op die gebied gefunksioneer. Sy erekteiele disfunksie kan dus as sekondêr-organies gediagnoseer word.

Hy verkeer tans in die ortopediese rehabilitasie-eenheid van 1 Militêre Hospitaal, waar hy multi-dissiplinêr behandel word. Hy sal na verwagting medies ongeskik vir diens verklaar word.³

Hy meen dat hy depressief is en erken dat hy voorheen 'n probleem met alkohol en dagga ² gehad het.

2.4. Seksuele ontwikkelingsgeskiedenis

Kappa het onbeskermd grootgeword en is as seun meestal aan sy eie lot oorgelaat. Hy is grotendeels deur sy ouer broers⁴ oor seksuele aangeleenthede opgevoed en het op 'n vroeë ouderdom seksueel aktief² geraak. Hy was 'n "straatwyse" kind en is aan die harde wêreld blootgestel, aangesien sy ouers meestal afwesig was en toesig beperk was.

Hy het deur sy jongmanjare baie seksuele eskapades gehad en min emosionele waarde daaraan geheg. Hy het wel tans 'n vaste verhouding met 'n stabiele 22 jarige vrou³ wat hom deur sy mediese krisis bygestaan het. Hy was egter reeds dikwels aan haar ontrou. Die verhouding is voorheen deur 'n aktiewe seksuele lewe gekenmerk, alhoewel sy hom verseker dat dit nie meer 'n prioriteit by haar is nie. Kappa twyfel sterk hieroor en vrees dat sy hom gaan verwerf: Die verhouding was in die verlede sterk in konflik oor Kappa se alkohol en ander substans², misbruik.

3. Premorbiede persoonlikheid

3.1. Algemene houding en ingesteldheid

Kappa was vantevore 'n joviale en gesellige persoon wat met enigiemand sou begin gesels of grappe maak. Hy het ander maklik vertrou en het dikwels aktiwiteite geïnisieer en onafhanklik² opgetree.

Hy was voorheen gemaklik met homself en tevrede met sy liggaam en prestasie. Hy was vantevore sorgeloos en vry² in sy handelinge, met min morele oorweging³ oor sy dade. Hy was permissief en liberaal² in sy waardesistiem. Pret en plesier² was vir hom 'n prioriteit, eerder as ernstige beroepsoorweginge of godsdienstige doelwitte. Sy aktiwiteite het gesentreer om sosiale afsprake, eerder as sport of stokperdjies.

3.2. Konasie

Kappa het 'n informele² uitkyk op die lewe gehad en het geleenthede opportunisties aangegry. Daar was min doelbewuste beplanning² in sy lewe, hy het sy beroep gevolg en behou omdat dit vir hom finansiële voordele ingehou het, sodat hy na-ure 'n vermaaklike² lewe daarmee kon verseker.

3.3. **Kognisie**

Kappa het sy skolastiese opvoeding met moeite voltooi, hoofsaaklik as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling en ander afleiding soos sport en vriende. Hy was meer op fisiese² as intellektuele aktiwiteite ingestel, alhoewel hy verbaal bedrewe was met redenasies en met die oordra van staaltjies onder sy vriende. Hy het waarskynlik akademies onderpresteer.

3.4. **Emosies**

Kappa was voor sy skietongeluk 'n ekstrovert, optimis, lewendig² en redelik prikkelbaar.²

3.5. **Vorige stresshantering**

Daar is geen geskiedenis van neurotiese simptome by Kappa aanwesig nie. Hy het 'n groot informele ondersteuningstelsel gehad, sport² beoefen en alkohol² as ontspanningstegniek gebruik. Sy premorbiede aanpassing was oor die algemeen goed.

4. **Psigiese ondersoek**

4.1. **Algemene indrukke, motories, en konasie**

Kappa was ten tye van die evaluasie opgeneem by die rehabilitasie-afdeling van 1 Militêre Hospitaal as pasiënt. Hy is in 'n hospitaalbed begroet waar hy meestal in 'n fetusposisie⁴ opgekrul gelê en kreun het met sy kop toegetrek. Hy het deurgaans 'n pynlike uitdrukking op sy gesig en 'n frons op sy voorkop gehad. Die hospitaalpersoneel het egter die versekering gebied dat hy tot sodanige ondersoek in staat was.

Hy het homself met moeite in 'n rolstoel gelig en 'n sigaret aangesteek. Hy was toegerus met 'n verskeidenheid fisioterapeutiese en arbeidsterapeutiese hulpmiddele, soos byvoorbeeld 'n driehoekige sponskussing wat hy tussen sy bobene indruk om dié in plek te hou. Liggaamlik was hy maer en uitgeteer, veral sy bene was tengerig en leweloos.⁴ Hy het kort-kort sy 'oefeninge' gedoen, deurdat hy homself met sy arms uit die stoel gelig het om te kan strek. Sy pynbelewenis op navraag was 10/10 in terme van intensiteit, wat volgens hom 'n permanente toestand is.

Die gesprek en evaluasie is deur sy pynbelewenis oorheers; hy het min verbale aktiwiteit geopenbaar, wat afgebroke en van korte duur was. Hy het rukkerig, weifelend en onhoorbaar gepraat, sodat die onderhoudvoerder dikwels haar stellings moes herhaal. 'n Simpatieke instelling teenoor hom is by die onderhoudvoerder ontlok, asook 'n gevoel van indringing in sy pynwêreld. Die onderhoudvoerder het dadelik die behoefte gehad om hom te assisteer en om dinge beter te maak vir hom, alhoewel daar spoedig besef is dat sy magteloos daarteenoor staan.

Teen die muur langs sy hospitaalbed was daar 'n groot aantal beterskapwense en gedenkwaardighede opgeplak. Daar was veral 'n groot verteenwoordiging van sy kollegas en van sy vriendin wat herhaaldelik in haar kaartjies geskryf het "I can't wait to make love to you again, my darling".

4.2. **Kognisie**

Sy aandag het gewefel na aanleiding van sy pynflitse, sy belangstelling en deursettingsvermoë het teen die einde van die evaluasie afgeneem.

Hy was egter heeltemal toepaslik georiënteer en het 'n helder maar geokkupeerde bewussynstoestand geopenbaar. Geen intellektuele oefeninge is uit die aard van sy pynlike omstandighede op hom afgedwing nie, sodat

daar nie 'n akkurate skatting van sy intellektuele vlakke gemaak kan word nie.

Daar was geen tekens van versteurde spraak en gedagtes by hom aanwesig nie, eerder wel in reaksie op sy verbygaande pynsensasies, soos byvoorbeeld 'stadige' assosiatiewe aktiwiteit wat in reaksie op sekere vrae by hom voorgekom het.

Kappa het oor die langtermyn vir homself hoop, alhoewel sy huidige lydingstydperk vir hom oorweldigend raak, asook die vrees dat hy³ deur sy vriendin verwerp sal word.³ Dit veroorsaak gevoelens van magteloosheid en teneergedruktheid by hom, sodat hy waarskynlik tans aan 'normale' reaktiewe depressie ly, eerder as aan 'n ontoepaslike versteuring van gedagte-inhoud. Hy ontken enige selfmoordgedagtes, alhoewel hy weet dat hy soms in die verlede onder die invloed van alkohol onsinnige optredes uitgevoer het, sodat so 'n moontlikheid nie onder huidige omstandighede uitgeskakel kan word nie.

Kappa se insig in sy mediese toestand is tans onrealisties positief, alhoewel dit al hoop is wat hy vir homself kan ske: Hy lewe van die een pynervaring tot die volgende, sonder dat daar van die een dag na die ander onderskei kan word. Daar is vir hom geen sin daaraan om tans 'n ander lewe te beplan, terwyl hy lewe om fisies te probeer oorleef nie.

4.3. Emosies

Respondentief voel Kappa bekommerd en depressief. Hy voel dikwels treurig maar is nie verbitterd teen sy aanvallers nie. Die pyn, eerder as die verlamming, oorheers tans sy bewussyn. Dit (die pyn) is vir hom 'n las, hy voel hulpeloos en verkeer in magtelose afwagting.³ Hy kan met niks anders ('n lewe) voortgaan of op iets konstruktiefs fokus nie.

Objektief kom Kappa eg, toepaslik, gekontroleer en afgestomp voor.

4.4. **Persepsies**

Daar was geen tekens van perseptuele versteurings by Kappa te bespeur nie.

4.5. **Streshantering**

Daar het geen neurotiese simptome as aanpasmeganismes tydens die ondersoek na vore gekom nie. Hy maak staat op sy (redelike ondoetreffende) medikasie en die ondersteuning van die mediese personeel en sy naasbestaandes. Hy erken dat hy oor naweke, wanneer hy by geleentheid sy huis mag besoek, hom aan alkohol vergryp as pynhanteringsmeganisme.

-Stimulusbeelde :

1. **“DIE KWEKELINGE”**

Kappa beskryf ‘n situasie van ware vriendskap in terme van die egtheid en opregtheid daarvan. **Werklike** (‘real’) vriende⁴ impliseer omgee vir mekaar en **vertroue** in mekaar. Dit is ‘n vriendskap wat gestroop is van valsheid en bedreiging, sodat die betrokkenes kan ontspan⁴ en hulself teenoor mekaar kan ontbloot.⁴ Hulle kan, as egte vriende, op mekaar staatmaak.⁴ Daar is waarskynlik ook geen vrees vir veroordeling⁴ of kritiek nie, die vriende aanvaar⁴ mekaar onvoorwaardelik. Kappa kan in die omstandighede só ‘n vriendskap geniet.

Hy was waarskynlik voorheen in sy lewe in vriendskaplike verhoudings betrokke. Daar was moontlik geleenthede waar hy verbygaande en tydelike vriendskappe aangeknoop het. In die kulturele opset van die Xhosa groep is gesprekvoering met hul ‘broers’⁴ ‘n teken van openheid en goeie bedoelinge, alhoewel elke verbintenis nie ‘n hegte vriendskap impliseer nie. Kappa tref ‘n onderskeid tussen egte en onegte vriendskappe, moontlik vanuit eie ondervinding. Aangename herinneringe wat met pynlike

vriendskappe⁴ gepaardgegaan het, lig die waarde en genot van 'n werklike vriendskap uit.

Hy identifiseer met die belangrikheid van binding⁴ met sy manlike eweknie en betree sodoende spontaan die bondgenootskap van broederska: Daarmee saam onderwerp hy hom aan die sosiale verwagtinge⁴ van die manlike rol, naamlik die volvoering van fallus in terme van son- en chtoniese fasette.

Hy bevestig sy lidmaatskap deur sy rituele betrokkenheid⁴ by sy manlike vriende en kwalifiseer dus as 'n lid van numenosum.⁴

2. “HERMAFRODITIS”

Kappa identifiseer waarskynlik hier met werklike vroulike figure in sy lewe. Hy kan homself in die vrou se posisie plaas¹ en vanuit haar persepsie na 'n spesifieke gebruik van (haar) man kyk. Hy verstaan die nadele wat aan die gebruik verbonde is, naamlik dat alkohol tot sekere gevolge lei wat haar behoeftes frustreer. Hieronder kan tel 'n miskenning⁴ van die versorging van sy eie liggaam⁴ en gesondheid, verwaarlosing van sy werk- en ander verpligtinge³ en 'n ontkenning³ van sy verantwoordelikheid³ aan hul heteroseksuele verhouding. Die vrou se frustrasie het tot woede gegroei, wat deur Kappa herken word. Die vrou kan nie begryp waarom hy die alkoholgedrag voortsit nie. Sy verskil met die gebruik daarvan, sy erken nie die plek of nut van alkohol in sy lewe nie. Hy bly egter verslaaf aan die ontspanning, pret, sorgeloosheid, ongebondenheid en bravade² wat die alkoholwêreld aan hom bied. Sy voel nietig en waardeloos sodra dié wêreld bo haar verkies word, waar sy eerder 'n belangrike prioriteit in sy lewe sou wou wees.

Sy voel egter magteloos in die stryd om teen alkohol te kompeteer, sy het voorheen verskeie pogings aangewend om die toedrag van sake te verander. Sy beskik egter nie oor die vermoë om die situasie te reguleer nie, en kan slegs weer 'n halfhartige poging aanwend om hom te versoek om die

gewoonte te laat vaar. Sy weet egter dat haar stem nie gehoor sal word nie, omdat dit nie in die verlede suksesvol was nie.

Kappa is bewus van hierdie onaanvaarbare aspek binne homself, alhoewel hy nie in hierdie geval in konflik met sy anima is nie. Hy bevroegteken moontlik konfronterend vanuit sy matriargale dimensie¹ die waarde van alkohol in sy lewe en erken vanuit sy anima die nadelige invloed daarvan op sy verhoudings. Dit is vir hom 'n saak waaroor daar stilsweye moet wees, 'n swakheid wat hy nie bewustelik sal erken nie. Die saak, as deel van sy manlike wêreld⁴, wil hy nie hoor of verander nie.

3. **“STORMSTERKTE”**

Kappa bevroegteken³ (vanuit 'n son-posisie) as nugter toeskouer³ die handeling van die naakte bulruiter, alhoewel hy toegee dat die bedwelnde ruiter vry en ongeërg² oor sy toeskouers voel. Die ruiter is in 'n voordelige, onafhanklike posisie van sosiale blindheid.² Sy bedwelming is egter tydelik en sal hy die gevolge³ van die werklike handeling moet³ dra. Hy sal kritiek³ vir sy immorele gedrag moet verduur. Sy ontbloting² was vir sy eie (skaduchtonus)² se onthalwe, en nie vir eksterne goedkeuring nie.

Bewustelik tree hy moontlik beheers en getrou aan morele standaarde op, maar hy verkry die geleentheid deur middel van moontlik alkohol of dwelms² om vry en ongebonde² te voel. Hy verkry die behoefte om beheer tydelik weg te gee² en om sy impulse² sonder nagedagtenis uit te leef. Dit wat vir hom onder 'normale' omstandighede nie beskore is nie, word nou vir hom moontlik en selfs verdiep. Hy koop kunsmatig² 'n gevoel (kontak met sy onderwêreld) wat hy nie kan hê nie of aan 't verlore is. Hy voel moontlik soos die ou man⁴ op die bul wat sy krag en viriliteit² m.b.v. dwelms² moet verkry. Hy aanvaar die man se byna vanselfsprekende plig⁴ om uitdagings te aanvaar en oorwin, deurdat die prestasie-handeling³ en kragvertoning² as bulruiter 'n normale optrede is.⁴ Kappa vereenselwig hom met die bulruiter,

alhoewel die naakte³ aspek daarvan te intimiderend³ is in terme van die tentoonstelling van primitiewe fallus.

Kappa is in aanraking met sy chtoniese energie² en is waarskynlik in aanraking met sy onderwêreld. Hy dryf hierdie kontak² moontlik steeds verder², deur middel van kunsmatige² bronne, om 'n verlies van egobeheer² te beproef en die wêreld van beuselagtigheid² te betree. Hy sou bewustelik verkies om die **teken** van sy fallus privaat⁴ te hou, alhoewel die onafhanklike² aard van chtoniese fallus vereis om vertoon² te word.

Plaasvervangende son-aktiwiteite vervul kompenserend hierdie funksie, sodat sosiale aanpassing kan geskied en die afhanklikheid van kunsmatige chtoniese uitlewing oorbodig word. Kappa het waarskynlik nog nie hierdie posisie bereik nie; hy beperk homself m.b.v. kunsmatige² middele tot chtoniese prestasies.²

4. **“VEROERWOUD”**

Kappa identifiseer hier met 'n persoon wat op sy godsdienstige geloofsstelsel³ (verligte ondienste) staatmaak te midde van interpersoonlike problematiek. Die betrokke mans⁴ beleef die waarde van godsdienstige meelewing⁴ ten tye van 'n gesinskrisis. Hulle onderskraag hulle na die woord van God deur hulle lojaliteit, en handhaaf daardeur 'n gedissiplineerde³ lewenstyl in die uitvoering van dié beginsels. Daar heers 'n nederige onderdanigheid aan God in hierdie situasie; 'n weerspieëling van afhanklikheid en menslike nietigheid te midde 'n magtelose menslike probleem. Daar word na 'n eksterne oplossing gesoek, na 'n intellektuele oplossing of wyse antwoord.³ Erkenning word gebied aan logosbeheer³, alhoewel dit moontlik 'n veranderlike proses is. Son-oorheersing word slegs hier in een konteks aangedui, naamlik te midde 'n noodsituasie.

Kappa identifiseer dus met 'n beswaarde en behoeftegelede belewenis na aanleiding van een of ander konfliktsituasie, waartydens hy (tydelik) op

eksterne magte staatmaak en beheer (oor sy chtoniese dimensie) verkry. Die beskikbaarheid hiervan bied aan hom hoo: Godsdiens³ speel dus moontlik slegs 'n selektiewe³ rol in sy lewe, waar hy per geleentheid (met teëspoed) 'n groter fokus daarop mag plaas. Daar bestaan een of ander faktor wat onenigheid tussen hom en sy naasbestaandes veroorsaak, wat moontlik buite son-aktiwiteite lê,

5. **“SIELEKOS”**

Die kunsvorm herinner Kappa aan goddelikheid, alhoewel die liggaamlike/vleeslike tema vir hom 'n godslasterlike betekenis verteenwoordig. Hy tref 'n verskil tussen die heilige³ en die liggaamlike (die chtonie en die son), sodat daar geen versoening tussen die fisiese en die geestelike vir hom bestaan nie. Die een kan nie saam met die ander bestaan nie en daar vind onderskeidelike uitsluiting plaas, met ander woorde Kappa leef moontlik óf vanuit 'n sterk primitiewe chtoniese² perspektief óf vanuit 'n geïsoleerde moralistiese stel episodes.³ In die geval van sy projeksie op skets 5, bemerk ons hoe hy algeheel van die vleeslike² (chtoniese) aard daarvan distansieer² deur dit as 'n onpersoonlike foto te interpreteer. Hy vereenselwig hom nie met sy oertipiese seksualiteit nie en beskou dit hier as iets sondigs³ (die onderwêreld is Satanisties).

Daar bestaan dus waarskynlik geen unus mundus⁴ by Kappa ter wille van son en chtonie-integrasie nie, wat in terme van sy heteroseksuele verhoudinge verskeie beperkinge kan hê. Daar kan voorts veronderstel word dat sodanige konflik in waardesisteem, skuldgevoelens³, en intrapersoonlike stres kan veroorsaak, wat hy moontlike verdedigend hanteer deur middel van ontkenning.

6. **“HAAR SNOEIKANT”**

Dit is duidelik hoe Kappa ook hier 'n verskil maak tussen twee rye of kontrasterende beelde binne een mens, waar hy beskryf hoe die figuur vasgevang voel tussen haar¹ ekstreme gesosialiseerde³ (son) en

instinktiewe² (chtoniese) komponente. Daar bestaan 'n behoefte om albei dimensies uit te leef, alhoewel op 'n uitsluitbasis sonder integrasie⁴ van mekaar. Hy voel moontlik skuldig³ oor sy chtoniese begeertes (insluitende seksuele en aggressiewe impulse) wat nie in sy son-wêreld toegelaat word nie. Die dwelms² bied hom toegang hiertoe; 'n geleentheid om kunsmatig van son-realiteite te ontsnap na die chtoniese onderwêreld.

Die dwelms verteenwoordig egter die gevaar van die uitlewing van primitiewe instinkte, deurdat hy sy aggressiewe impulse destrukties² op homself keer. Die langtermyneffek van dwelmgebruik vernietig sy liggaam. Die nie-geïntegreerde son-dimensie laat nie andersins chtoniese aktiwiteit toe nie, sodat die medium (dwelms) wat toegang tot die onderwêreld² verleen inderwaarheid deur die son³ dimensie geskep word. Son- skuldgevoelens³ vernietig dus die persoon deur middel van die noodsaaklikheid vir dwelms. Aan die een kant beskadig die dwelms hom fisies, maar aan die ander kant ervaar hy die dolk as die veroordeling³ vanaf sy geïnternaliseerde super-ego's. Daar bestaan waarskynlik sterk kastreerende⁴ son-figure in Kappa se lewe en 'n algehele sin van onvoldoendheid en minagting⁴ van homself, behalwe wanneer hy onder die invloed van 'n medium tot sy onderwêreld is. Hy moet egter telkens tot die son-realiteite van die samelewing terugkeer en voel dus onveilig⁴ in albei omstandighede. Hy ervaar waarskynlik 'n gevoel van swakheid⁴ as gevolg van sy staatsmakende gebruik van substansie as toegang tot chtoniese krag en sy onvermoë om sy posisie as son-wese te handhaaf.

7. **“WINTER”**

Kappa kan met die figure identifiseer deurdat hy lyding in terme van bejaardheid⁴ daarin lees. Bejaardheid bring unieke probleme mee, naamlik magteloosheid⁴ en onomkeerbaarheid, indien daar geen voorsiening gemaak is vir die behoeftige tydperk nie. Daar mag lyding op emosionele, fisiese en ekonomiese gronde vir die bejaardes bestaan.

Kappa mag moontlik ook tans magteloos voel en ly. Daar mag emosionele, fisiese en ekonomiese implikasies hiervan vir hom wees en hy mag voel dat dit te laat is om iets daaraan te doen. Dit veronderstel 'n **hulpelose** toestand waaroor **geen beheer**³ uitgeoefen kan word nie. In die afwesigheid van **fisiese vermoëns**² (krag en vitaliteit) en geleentheid om **finansieel**³ op sonvlakke te beweeg, mag hy 'n verlies aan **manlike identiteit**⁴ beleef. Sy selfbeeld is 'n refleksie van sy omstandighede en lewenspad, asook die keuses wat hy uitgeoefen het. Sy verlede/omstandighede het hom moontlik van sy **manlikheid gestroop**⁴, sodat hy vandag soos 'n **lydende ou vrou**¹ voel. Dit sal, vanuit hierdie perspektief, vir hom moeilik wees om as man 'n heteroseksuele posisie te handhaaf.

8. **“VERSTRENGENDE RANKE”**

Kappa beskryf die man-vrou interaksie in **sterk skadu chtoniese**² terme, waar die man die vrou op 'n **dierlike wyse jag**² en suiwer vanuit die biologiese behoeftes optree. Die feit dat sy haar soos 'n dame daarteen verset of weerhou, intensiver moontlik die uitdagende spel vir die man verder. Die onbereikbaarheid van die prooi spoor hom selfs verder aan om oorwinning te bereik, sodat sy haar uiteindelik aan sy **fallus kan onderwer**⁴. Dit gebeur egter nie in hierdie geval nie, wat 'n gevaarlike situasie vir die vrou ske: Sy ontken met haar verset sy eer en **val** daardeur sy verheerlikte **beeld as man aan**⁴. Hy mag daarna 'n sterk **destruktiewe**² posisie jeens sy teenstander openbaar.

Kappa tree moontlik vanuit 'n **suiwer animus**¹ posisie teenoor sy vriendin op, wat waarskynlik blote impulsiewe **fisiese verligting**² vereis. Sy gee waarskynlik altyd toe en **verheerlik**⁴ daardeur haar man. Hy sou haar egter eers werklik kan verower met integrasie van anima en animus. Hy maak besonder staat op **chtoniese fallus**² gedurende sy heteroseksuele verhoudings en sou daarsonder waarskynlik nie 'n verhouding met sy vriendin kan voortsit nie.

Kappa het tot dusver moontlik sy verhoudings vanuit 'n magsbasis² benader, maar sonder bewustheid van die destruktiewe aard van sy skadukant.

9. **“DROOGTE”**

Kappa brei nie uit oor die toestand van die sonneblom nie, asof hy daaróór sien. Die duidelike verlepte⁴ kwaliteit van die plant word vermy⁴, moontlik ontken hy die bestaan van enige verliese in sy eie lewe. Daar word aan die anderkant geensins in positiewe terme na die plant verwys nie, wat die afwesigheid van numenosum⁴ bevestig. Die afwesigheid of kwynende lewe van die plant word misken, 'n aspek wat in sy eie lewe moontlik soortgelyk is, die verlies aan lewe of sekere funksies van die liggaam word eerder vermy, omdat die gedagte daarvan moontlik te pynlik is.

10. **“LEWENSBOOM”**

Kappa verhaal die storie van 'n man wat 'n geliefde (vrou) benodig, asook beperkinge ondervind met die instandhouding van sy pligte. Hy beleef na aanleiding hiervan moontlik onvoldoende bewyse⁴ van sy geslaagde manlike identiteit⁴; daar is nie 'n vrou³ om sy manlikheid te verheerlik nie; voorts sukkel hy om sy sonpligte³ uit te voer. Dit veronderstel dat hy nie oor die middele^{2,3} beskik om hierdie funksies uit te voer nie, moontlik ly hy om man te moet wees, te midde van sekere beperkings in die volvoering van sy manlikheid. Lyding impliseer pyn, hetsy fisies of emosioneel van aard. Daar mag dus verskeie bronne wees wat in Kappa se lewe daartoe bygedra het dat dit vir hom pynlik geword het om man te wees. Indien hy fisies² gewond is, sal dit vir hom pynlik wees om van chtoniese fallus² te moet afstand doen. Die uitvoering van geestelike³ son-funksies mag hierna as leeg en sonder substans beleef word; dit is moeilik om manlike pligte na te kom, sonder chtoniese energie en passie.²

Kappa vind dit moontlik tans moeilik om homself met die kompeterende son-wêreld van manlikes te vereenselwig. Hy vind dat hy probleme ervaar

met die behou van sy manlike kentekens³ (moontlik besittings, byvoorbeeld eiendom, titels, nasate, vrou, ensovoorts). Hy loop die gevaar om sy kroon en trots^{2,3} te verloor in terme van dit wat hy as man bereik en geproduseer het, en daarmee saam, sy totale manlike identiteit.⁴

11. **“GENIPTE VLERKE”**

Kappa identifiseer hier sterk met die man wat ‘n liggaamsdeel² en -funksie² verloor het en wat nie daarmee kan vereenselwig of vrede maak nie. Die verlies is vir hom die kern⁴ van sy menswees, sodat hy daarsonder nie mens of man kan wees nie.

Hy identifiseer met die man wat ‘n liggaamlike tekortkoming⁴ het, alhoewel dié gebrek ‘n groot geestelike⁴ implikasie vir hom veronderstel. Dit blyk dat sy siel³ tesame met sy liggaam² verlore geraak het, dit is vir hom onmoontlik om hierdie funksie te vervang. Daar is vir hom geen kompensasie vir die afwesigheid van dié aspek van sy identiteit nie. Dit laat hom magteloos en depressief voel en hy verkies om eerder glad nie, as sonder ‘n manlike identiteit te lewe.

-Geïntegreerde fallus-beskrywing:

(a) **Ego-integrasie van anima**

Kappa tree op ‘n bewustelike vlak primêr vanuit animus op; sy premorbiede geskiedenis getuig van tipiese seun/man belangstellings en aktiwiteite, naamlik sport en onnutsige spele met vriende (kliniese verslag 3.3). Hy het staatgemaak op ‘n groot ondersteuningstelsel in terme van bondgenootskappe met manlike vriende en het volgens hul norme sosiaal aanvaarbaar opgetree. Dit wat dus gebruiklik in sy portuurgroep was, het sy

gedrag voorgeskryf, byvoorbeeld alkohol en daggagebruik, asook promiskuiteit (kliniese verslag 2.3 en 2.4).

Hy kon op 'n gedistansieerde wyse met die posisie van 'n vrou empatiseer, alhoewel hy nie daardeur met sy eie anima in uitlewing is nie (skets 2). Hy kan dus verstaan waarom vroulikes sekere waardes aanhang, maar voel nie self in aanraking met sy feministiese sy nie (wat verder verwyder word deur sy passiewe son-dimensie). Kappa hou hom by die uitlewing van sy animus op hoofsaaklik chtoniese terme, deurdat hy homself met avontuur en risiko vereenselwig (skets 3). Hy streef die onderwêreld van chtoniese animus kunsmatig na deur middel van substansmisbruik, ter wille van bravade, pret en sorgeloosheid (skets 2). Daar is min te bespeur van vroulike versorgingsbehoefte en die verantwoordelikheid wat daarmee gepaardgaan. Daar bestaan beperkte unus mundus in terme van chthoniese en son-integrasie, wat ook die geval by anima en animus is (skets 8). Hy benader heteroseksuele verhoudings vanuit 'n skadu-chtoniese magsbasis sonder enige anima teerheid en meeleving.

Kappa is algeheel afhanklik van sy fisiese manlikheid en was in identiteit saamgestel uit chtoniese-animus-dimensies. Dit blyk dat sy liggaamlike samestelling sy geestestoestand grotendeels bepaal (skets 11) en dat hy alle chtoniese manlike aktiwiteite nastreef ten einde slegs die stand van sy fallus te bepaal.

(b) **Die bemeestering van sonfallus**

Daar bestaan beperkte tekens van son-bedrywighede in Kappa se lewe, buiten dat hy op aandrang van sy moeder Standaard 10 behaal het, 'n werk het, en periodiek 'n logosoplossing op godsdienstige terrein soek (kliniese verslag 1, 2.2. en skets 4). Hy besit voorts die kentekens van 'n vrou aan sy sy, alhoewel hy vrees dat hy haar weens sy mediese toestand gaan verloor en daarmee saam 'n verdere bewysstuk van die verlies van sy manlike identiteit (kliniese verslag 2.4 en 4.2). Daar bestaan verskeie tekens om die afwesigheid van 'n son-posisie in Kappa se lewe te demonstreer. Skoolwerk

en intellektuele aktiwiteite het hom nooit geïnteresseer nie, ook nie 'n loopbaan nie (kliniese verslag 2.1 en 2.2). Hy heg dus min waarde aan sosiale verwagtinge vir vooruitgang, van besittings en status. Sy geskiedenis getuig voorts van min beplanning en hoë impulsiwiteit. Hy het losbandig en sorgeloos gelewe (kliniese verslag 3.1). Hy het met min morele oortuiging opgetree en gewoontes gevolg wat min dissipline of trots geverg het, te wete alkohol- en dwelmmisbruik (kliniese verslag 2.3).

Na Kappa se skietongeluk, waardeur hy in 'n permanente paraplegiese toestand gelaat is, is verdere son-geleenthede van hom ontnem, naamlik die moontlikheid om voort te plant (kliniese verslag 2.3 en skets 10) om beheer en rigting oor sy lewe en welstand uit te oefen (kliniese verslag 4.3 en skets 7) en om moontlik nie in die huwelik te kan tree nie (kliniese verslag 4.2).

Hy het premorbied reeds min waarde aan verantwoordelikhede en versorging van sy liggaam geskenk (skets 2), maar het moontlik geïsoleerde helder son-oomblikke beleef, waarskynlik nadat hy met berou impulsiewe chtoniese handeling uitgevoer het (skets 3). Hy ondervind waarskynlik tydelik skuldgevoelens in kritiek op spesifieke betekenisvolle persone in sy lewe (skets 3 en 4). Hy integreer egter nie sy chtoniese en son-waardes nie, en bied aan elkeen, maar hoofsaaklik aan skadu-chtonie, gekompartementeerde geleenthede vir uitlewing (skets 3,4,5 en 6). Hy bied oppervlakkige intellektuele waarde aan morele aangeleentheid, en keer selektief terug na godsdienstige strukture, nadat hy moontlik beheer verloor het. Daar is moontlik 'n pligsbesef oor reg en verkeerd, alhoewel sy chtoniese begeertes baie sterker en oorheersend is. Kappa sal waarskynlik in privaatheid of in die teenwoordigheid van sy vertroulinge sy outentieke chtoniese self demonstreer (skets 1), maar hy is bewus van wat die norm en verwagtinge in die breër samelewing is. Die beeld wat hy voor toeskouers voorhou, is dus nie noodwendig eg nie. Hy skaar hom byvoorbeeld slegs in krisistye by godsdienste, soos wat tans na die ongeluk die geval is.

Die gebrek aan unus mundus ontlok waarskynlik skuldgevoelens by Kappa en hy skep 'n kunsmatige medium tot sy chtoniese self deur middel van substansmisbruik. Daardeur vermag hy dit om van sy son-super-ego te onttrek en in 'n onafhanklike posisie met sy onderwêreld in aanraking te kom en te verdiep (skets 3).

Die druk of intrapersoonlike stres wat hierdie konflikterende dimensies veroorsaak, is duidelik in skets 6 te bespeur, waar hy die veroordeling vanaf die son-verteenwoordigers in sy lewe as pynlik en kastrerend ervaar.

Skets 10 dui op die ontneming van die tekens van son-prestasies of die potensiaal daartoe in terme van die totstandbrenging van besittings, byvoorbeeld nageslag en beroepsprestasie. Dit blyk ook as gevolg van skets 11 dat son-prestasies moeilik geïnspireer sal word sonder basiese chtoniese energie en passie nie. Dié geestelike aktiwiteite loop volgens Kappa hand-aan-hand met doeltreffende liggaamlike funksionering (skets 11 en kliniese vraelys 2.3.).

(c) **Die vervulling van chtoniese fallus**

Kappa is onbeskermd grootgemaak en is op 'n vroeë leeftyd aan die onderwêreld blootgestel (kliniese verslag 2.1). Bese aktiwiteite en 'n permissiewe lewenstyl was by hom en sy familie die norm. Hy is oorgelaat aan die lot van "straatwyse" kinders en ouer broers wat hul instinkte ongebonde en sorgeloos impulsief kon uitleef. Hy is hiertydens bekendgestel aan plesierelemente soos alkohol en 'n sedelose lewe. As kinders het hulle van dag tot dag geleef met die oog op pret.

Die gebruik van alkohol en dagga was in sy portuurgroep aanvaarbaar en selfs 'n statutesteken (kliniese verslag 2.3). Dit het hom op 'n nuwe en verdiepte vlak van chtoniese uitlewing geplaas, waar hy met sy growwe en primitiewe dimensies op 'n sorgelose wyse in aanraking kon kom. Dit het aan hom 'n avontuur gebied; die risiko kon geneem word om beheer te verloor. 'n Euforiese bron van energie is bekom. Hy kan daardeur

ontspanning, pret, sorgeloosheid en bravade beleef (skets 2). Dit het hom die geleentheid gebied om tydelik onbewus van toeskouers te wees, deurdat hy met sosiale blindheid sy chtoniese handeling kon uitvoer (skets 3). Daar was dus 'n groot mate van kunsmatige kontak met die chtoniese self; die krag en vitaliteit is deur medium van substansmisbruik bekom.

Dit blyk dat hy na afloop van elke skadu-chtoniese episode moontlik berou ervaar en in oomblikke van helder bewussyn hom tot eksterne magte wend, met die oog op oplossings (skets 4). Hy maak byvoorbeeld per geleentheid, in tye van teëspoed of konflik, staat op godsdien. Sy lewe is egter nie op algemene Christelike waardes gebaseer nie, dit word as nabetraging aangewend om voorafgaande gebeure te ontkoppel.

Daar is 'n duidelike fragmentasie van waardes by Kappa te bespeur; hy onderskei tussen son- en chtoniese dimensies eerder as om hulle te integreer (skets 5 en 6). Hy stel die liggaamlike as swak en sondig aan die een kant en die heilige en geestelike as verhewe en prysenswaardig aan die ander. Kappa se lewe word egter juis deur die aardse of liggaamlike gekenmerk, maar m.b.v. een of ander substans wat hom tydelik van sosiale veroordeling verdoof. Hy het dus geensins met sy chtoniese dimensie vereenselwig of vrede gemaak nie en aanvaar homself dus bewustelik waarskynlik as 'n minderwaardige en onaanvaarbare swakkeling, as gevolg van sy voortdurende kontak met chtoniese aktiwiteite, waar hy voortgaan met die misbruik van alkohol/dwelms wat noodsaaklik is om sonder gewete chtoniese dieptes te kan beproef, alhoewel dit sy liggaam beskadig en hy homself keer op keer daarna veroordeel vanuit morele perspektiewe.

Kappa bestaan dus tot dusver in 'n vakuum, omrede hy kunsmatig 'n chtoniese wese is en slegs in 'n beperkte mate in son-terme ontwikkel het. Sy manlike identiteit is afhanklik van eksterne motiveerders, daar is weinig oontentieke egtheid aanwesig. Sy beperkte kontak met sy moeder (die enigste son-rolmodel en verantwoordelike lid van sy familie) het moontlik daartoe bygedra dat unus mundus nie kon plaasvind nie; hy het homself op

‘n bewustelike (intellektuele) vlak nog nie werklik as ‘n chtoniese wese aanvaar nie; sy misplaaste skuldgevoelens dryf hom steeds voort om op ‘n kunsmatige wyse daarmee in aanraking te kom. Sy agtergrond het tegelykertyd daartoe aanleiding gegee dat hy op son-vlak agterweë gebly het, daar was in sy wêreld min aansporing en waarde vir vooruitbeplanning en dissipline.

Premorbied was Kappa reeds ‘n geestelik arm wese en het hy summier vanuit fisiologiese en onmiddellike behoeftes gefunksioneer (skets 8), alhoewel kunsmatig verdiep deur middel van dwelms, dui dit op die oppervlakkige (nie-intellektuele) bestaan van sy lewe.

Na afloop van sy skietongeluk het Kappa egter selfs dit verloor. Hy is ontnem van sy mees basiese instrumente om slegs ‘n fisiologiese bestaan te voer. Dit het hom in ‘n posisie van magteloosheid en hulpeloosheid geplaas; hy is nie meer daartoe in staat om enige vorm van chtoniese krag en vitaliteit te skep nie (skets 7) en gebruik nou die alkohol om sy bestaan te verdoof (kliniese verslag 4.5). Die verlies van sekere liggaamsdele impliseer vir hom die verlies van sy totale liggaam en lewe (skets 10 en 11, en kliniese verslag 2.3), omdat die potensiaal om selfs kunsmatig ‘n chtoniese bestaan te voer, nou van hom ontnem is. Sy vonk en passie om enigsins son-aktiwiteite hierna aan te durf, is saam daarmee heen, omdat die een die ander vooruitloos: Daar is tans geen son-plaasvervangers in Kappa se lewe om kompenserend vir die verlies van sy fisiologiese funksies in te tree nie. Sy emosionele belewenis van algehele morbiede neerslagtigheid is egter eg en daar kan gesê word dat hy minstens op dié gebied ‘n werklike verbintenis met sy chtoniese self getref het.

(d) **Die stand van fallus-goddelikheid**

Kappa behoort as manlike persoon tot die bondgenootskap van broeders, wat hom by sosialiserende manlike rituele insluit en vir sterk binding sorg. “The god is revered in the collusion of male secrecy and male initiation rituals” (Monick, 1987:18). Die groep waaraan hy as kind blootgestel is, het

hoofsaaklik chtoniese rituele aktiwiteite bevorder. Die misbruik van sekere substansie is as gebruiklik in die groep bevorder en hy is onder groeplede as 'een van hulle' beskou. Hy het aan die vereistes van die dwelmkultuur voldoen, alhoewel dit hom van alle ander bondgenootskappe uitgesluit het.

Die realiteit van grense en strukture in die breër samelewing (son-identiteit) het telkens weer 'n tol van Kappa geëis, alhoewel hy nooit hierdie waardes as sy eie geïnternaliseer het nie, omdat dit vir hom onpersoonlik gebly het. Daar was nie betekenisvolle son-naasbestaandes in sy onmiddellike wêreld nie en het hy hom geskaar by diegene wat erkenning aan hom kon bied (skets 1).

Sy vriende en sportaktiwiteite het aan hom die geleentheid gebied om met sy chtoniese dimensie in aanraking te kom. Hy was voor sy ongeluk gesond en fisies 'n beeld van 'n doeltreffend funksionerende man. Sy vermoë om sy liggaam vir enige fisiese aktiwiteit te kan aanwend, was vir hom 'n primêre saak van lewe. Hy kon sy sport beoefen, seksueel en sosiaal verkeer en kon werk vir 'n inkomste. Dít was die betekenis van sy lewe vir hom. Hy was tevrede met sy beeld as man; hy was gewild, en het 'n lewe gemaak. Sy lewe het 'n numenostiese kwaliteit gehad, sy waaghalsige en vermaaklike houding het hom onder die mans aanvaarbaar gemaak en hy het homself herhaaldelik seksueel onder die vrouens bewys (kliniese verslag en skets 3).

Na afloop van die ongeluk, met die verlies van die funksie van sy bene en geslagsdele, het hy sy identiteit verloor omrede die potensiaal vir enige fisiese aktiwiteite waarop hy voorheen staatgemaak het om sy fallus-goddelikheid te bevestig, hom ontnem is. Hy het as tengerige en lewelose figuur, pynlik opgekrul in 'n fetusposisie, alle goddelike kwaliteit en trots verloor (kliniese verslag 4.1).

Die vraag ontstaan waar hy in die toekoms in terme van bondgenootskappe aanvaar sal word en of hy sy chtoniese neigings destruktief steeds verder sal ontwikkel met alkohol, ensovoorts, te midde sy depressie (kliniese vraelys

4.5). Dit is 'n sterk moontlikheid te midde sy begeerte om nie deur sy vriende verwerp te word nie, asook teen die agtergrond van afwesige sonstelsels. Kappa het as gevolg van sy sterk identifikasie met sy portuurgroep en hul manlike, animusvoorskrifte geen kontak met sy anima bewerkstellig nie. Hy beleef die vrou as 'n wese buite homself, as iemand moontlik suiwer in die son-dimensies (skets 2). Sy tree moraliserend op en is daar om haar man te versorg en verheerlik (skets 8).

Kappa was gemaklik daarmee om sy goddelike beeld ten toon te stel, met plaasvervangende fisiese aktiwiteite, soos deur middel van waaghals en bravade, alhoewel hy die vleeslike naaktheid of blatante tentoonstelling van sy kosmiese instrument afkeur. "Phallos is difficult to hide, as to be noted. Surrogate behaviour resolves this conflict" (Monick, 1987:18).

Skets 4 dui daarop dat Kappa hom soms, wanneer chtoniese aktiwiteite hom oorweldig, aan son-oplossings ondergeskik stel. Daar mag geleenthede by hom ontstaan waar die voldoening aan die goddelike beeld intimiderend vir hom raak en hy hom distansieer en afhanklik maak van fallusplaasvervangers. Dit blyk dat hierdie son-oomblikke reflektief en in tye van berou in Kappa se lewe bestaan.

Kappa slaag nie daarin om 'n heteroseksuele ontmoeting vanuit sy verligte chtoniese dimensie te beskou nie. Sy beskrywing van Skets 5 word vanuit 'n moraliserende perspektief gedoen; daar is geen teken van anima en kreatiewe energie in sy benadering tot die vrou nie. "A transgressively developed heterosexual male is closely enough related to his anima to allow her freedom of expression she might require, erotically or otherwise." (Monick, 1987: 68). Skets 8 en die onderhoudsgewens (4.1) dui wel daarop dat hy vantevore die bewondering vanaf sy vriendin behou het en hom die nodige erkenning van sy numenosum te bied.

Kappa voel waarskynlik ontevrede met sy bestaan (premorbid gesproke) aangesien hy besef dat dit wat hy onder die invloed van alkohol is en uitleef,

destrukties en kunsmatig is (skets 6). Hy probeer albei realiteite bevredig, naamlik dié breër morele samelewingsverwagtinge en dié van sy impulsiewêreld en vriendekring, alhoewel hy nie werklik in een slaag nie. Hy ervaar die son-dimensie in homself as veeleisend en veroordelend, maar voel tegelykertyd dat sy dekadente lewenstyl geen eer aan hom bring nie.

Na sy ongeluk voel hy egter, met die verlies van selfs sy dekadente lewenstyl, soos 'n nuttelose ou man (skets 3 en 7). Hy verloor beheer oor sy emosionele, fisiese en ekonomiese aktiwiteite, maar dit is veral die verlies van sy goddelike instrument, fallus, wat hom letterlik kastreer en geslagloos laat (kliniese verslag 2.3, en skets 9, 10 en 11). Sy gees, op die gebied van liefde en werk, is daardeur gedeaktiveer. Daar bestaan op mediese gronde geen moontlikheid vir die herlewing van fallus nie (kliniese verslag 2.3.). Vir Kappa is Phallos die bron van [geestelike] lewe (Monick, 1987:30) en die afwesigheid daarvan ontnem hom van alle betekenis as man (skets 11). Die vergaan van fallus word in skets 9 ontken; die verlies van numenosum is moontlik te intimiderend om erken te word (met verwysing na Monick, 1987: 97).

Dit is uit voorafgaande duidelik dat Kappa premorbied meer op 'n **chtoniese vlak** van bestaan gelewe het, weens sy sterk identifikasie met die bondgenootskap van broeders. Hy was onder die invloed van substansie geneig tot die uitlewing van skadu-chtoniese impulse, maar was ook in kontak met verligte chtoniese handeling van 'n animus-aard, deur sy energieke en avontuurlustige ingesteldheid en sportbedrywighede.

Sonvlak-betrokkenheid was beperk en hy het min op sosiale reputasie en logos-aktiwiteite staatgemaak. Hy het voorts geen waarde geheg aan die gebruik van versameling en besitting nie en min huishoudelike verantwoordelikhede opgevolg. Hy sou, hom met tye, tot godsdienstige wysheid wend in 'n poging om tydelik beheer te behou oor sy chtoniese gedomineerde lewe. Ter wille van gewildheid onder sy vriende, het Kappa niemand probeer domineer of bemeester nie. Hy het slegs pret-aktiwiteite

geïnisieer en sodoende erkenning en betrokkenheid verseker. Kappa se prognose na sy ongeluk is swak, omdat hy grotendeels afhanklik was van 'n primitiewe, chtoniese bestaan wat gebaseer is op doeltreffende liggaamlike funksionering, as bevestiging van sy goddelikheid. Hy is in die proses onttron en het sy teken hiervan, sy heldeswaard, verloor. Daar is tans geen plaasvervangende son-realiteite waarheen hy kan terugkeer nie. Kappa benodig dringende alternatiewe tekens van sy waarde, naamlik van son-aard. "Men substitute phallos surrogates for the thing in itself – job superiority, institutional construction, female ownership, wealth, religion, politics, intellectual and social conformity – a way of indirect exposure ... to protect the god" (Monick, 1987:18).

-Die Tuin van Fallus:

My tuin

Ek wou nog altyd deur my lewe nét bly lewe, van dag tot dag die aarde op slurp en die son se warmte op my voel, soos my broers langs my in die plantasie. Ek weet nie waarom ek geplant is nie en waarheen hulle my gaan neem nie. Ek geen ook nie om nie, net solank ek nie alleen hier agterbly nie. Ons sal mekaar nie gou verloor nie, want ons groei stadig. Ons kol het 'n siekte wat ons terughou, maar ons bly bymekaar staan.

Grondsamesstelling

Ek het by hierdie swak boer geland, 'n klein magtelose saadjie in sy groot hande. Hy het nie vir my omgee nie, ek was een van duisende, wat net weer afgekap sou word. Die grond was vir my 'n bitter begin, ek het min water gekry. Almal wat om my gegroei het, het dit so aanvaar. Dit was ons lewe. Ons het almal krom begin uitgroei, ons was anders as die regop blink bome oorkant die bult. Daar was slegs sandgrond om my basis, niks kon my vashou nie. Ek sou dikwels kon omval, as dit nie vir my vriende was wat my gesteun het nie. Hulle het alles vir my geword. Ons kon darem saam lag, ons krom lewe in die bitter grond was vir ons 'n gra: Ons moes ons wortels diep na onder skiet om vas te hou. Dit het daar koeler en soeter gevoel, as

bokant die grond. Die son het warmer geword, minder vriendelik. Ek het gesmag na die donker verligting in moeder aarde se skoot. Ons het daarom daar onder gebly, afwaarts gegroei eerder as na buite, waar almal my skeefheid sou sien. Daar was 'n vryheid in die anonieme duisternis van die onderwêreld, almal het een geword in die identiteitlose chaos van hul impulse. Die onsekerheid van ons ondergrondse weë het vir elk 'n opwinding ingehou, hoe dieper en verder ons kon delg, hoe meer riskant die poging en hoe groter die waardering. Dit was 'n avontuur, nuwe paaie is geskep vir mekaar om te volg. Daar het ons vertoef, in ons tunnels van plesier.

Plantegroei

Ek is 'n boom met 'n dik bas en diep wortels. Ek weet nie watter soort boom ek is nie, omdat ek geen blare of sade dra nie. Ek was nie baie hoog nie en het 'n paar takke gehad. Iets het met ons takke gebeur, dit moet die grond wees, omdat ons almal hier saam, so lyk. My breë bas was wel vir my mooi; donker en sterk. Ek het skuins gegroei, maar daar was min met my hartsamestelling in my bas fout.

Op 'n dag het 'n gebeurtenis my in twee gesaag; 'n skerp dolk het my hart deurboor. 'n Groot masjien het my stam van my af weggeneem, plat gesny tot teen die aarde. Ek is nou neergegooi tot in die stof. My vlees bloei trane, my sap voel bitter oor my lewe wat gesteel is, sonder waarskuwing of eerbied. My liggaam pyn van magteloosheid en vernedering, my wortels delg na die soet stroop van verlossing. Ek het nou niks oor nie; geen blaar of blom in my toekoms nie. Daar is geen kroon om te heilig en bedien nie, sal ek slegs na die dieptes delg en in die donker inkruip? Wat is ek in die son se oë, verberg in die swart gemors van die nag? Die helder lig van die wêreld skyn sy kollig op my stomp en sien my afwesigheid.

Aan die anderkant van die plaas, waar ek haar nie kan sien nie, is my moederboom, steeds in my herinnering. Sy kyk na my met sagte lig, ek ontkiem in haar vertroeteling en omgee. Sy sien hoe hul hande my wegneem

en hardhandig rondgooi, maar sy bly magteloos bewegingloos staan. Sy praat deur my van die gevare van die dieptes en die verslawing aan die vrolike nag. Sy bekommer haar oor my gesondheid en veiligheid, of ek 'n voedsame lewe lei, om op trots te voel. "Hy groei seker al groot, met welige groen loof en 'n fier regop stam".

Daar is ander wat nader staan en my raaksien, dwarsdeur die grond word ek helder ontbloot, tot by my uiterstes. Sy staan in my son en trap op my tone. Sy wil my langs haar hê, bo, en op pad na êrens. Ek wil daar onder bly, gemaklik in die onvoorspelbare kronkels van my impulswêreld. Sy wil my kragstroop van my ontnem, my swak maak soos 'n ou man. Hier onder is ons vriende die wilde ruiters van die onheil, ons vaar oor die reine vlaktes met mening weg van kontrole. Hier laat ons geen spoor agter nie, ons galop soos spoke deur die nag.

As ek egter terugkeer van my reis, lê ek weer nugter terneergedruk in die afwesigheid van my bestaan. Op die oppervlak, waar ek myself ook sien, nou plat van die pyn, weet ek dat ek weggeneem is vir brandhout. My kort boom is deur my lewensbesluite nutteloos verklaar; my immuniteit teen die versoekings van die vrolike nag swak. Nou verkeer ek hier in bejaardheid, hulpeloos en broos, sonder 'n lewe.

Hoe ek nie begeer om haar blom weer te kan ombuig en afpluk nie. Haar vrug is myne om te neem, ek sal haar geur teen my druk en haar vlees verorber. Ek sal haar fluweelagtige kroonblaar skeur en haar nektar verslur: Ek sal haar kleur in my mond vermeng tot 'n gryse mengelmoes, totdat ek versadig voel en sy nie bestaan nie. My krag het my egter verlaat, my hande is afgeka: Ek het my houvas op my lewe verloor, deurdat die spilpunt waarom my lewe draai, afgekap is. Ek kan nie, sonder my kern, man wees nie. My fisiese samestelling impliseer my handeling, my handeling definieer my bestaan. Ek het my vlerke verloor.

Aangrensende erwe

Voordat ek afgekap is, het ek my samewerking in die plantasie gebied. Ek was 'n wetsgehoorsame boom en het my plekkie op die plaas volgestaan. Ek het selfs soms na 'n kerkdienste geluister, as dit deur my moeder na my gestuur was. My wêreld was egter onder die grondbodem geleë, daar het ons die kultuur van die ondergrondse gediertes gevorm en soos wilde molle 'n sisteem gevorm wat vir almal daar gewerk het. Ek het bo die grond nooit werklik vry gevoel nie, ek was magteloos vasgeplant in 'n ry, voorgeskryf deur 'n wêreld van orde en gedruk om nuwe hoogtes te bereik. Ek kan nie daar bo uitkom nie, my grondbasis was van die staanspoor af te arm.

Klimaat

Ek kry my energie van my ondergrondse rivierstrome, onder ons sanderige stukke grond. Die vriende deel hierdie spesiale geheime water met die besondere effek op ons waagmoed. Dit les ons dors na krag en vitaliteit, wat ons tot die rand van ons fisiese vermoëns dra. Hier baljaar ons rond in die see van vryheid wat ons in oorvloed drink.

Soms het ons, dronk van vreugde, teruggegryp na die oppervlak se realiteit. Daar kan ek weer met my voete vas op die aarde staan, deur geestelike verryking en die inneem van Heilige water. Ek het egter soms gevoel ek stik in die suiwerheid van die vloeistof, skuldig oor die gekleurde vreugdedrank.

Sy, wat langs my staan, sien my raak en streel my gees met haar oë. Sy kyk met bewondering na my dik stam, sterk en gesond in sy unieke skeefheid. Sy fokus slegs op my, alhoewel sy deur ander hoër bome omring word. Sy begin nou by my verbygroeï, haar blaartjies mooi ruig. Sy gebruik nie die onderaardse stroom nie en begin haar vinger na my wys; ek voel klein in haar voorstel. Sy sê my om die son te gaan haal. Ek kruip weer in my donker dop, skaam vir my onwillekeurige wortels.

My pragstuk is nou weg, waarna sal sy kyk. Haar voeding gaan opdroog, ek gaan wegkrimp: My blink ster gaan verder. Al wat vir my oorbly, is die energie van die nag.

Peste en siektes

Sy was reg, albei van hulle; ons vergiftigde rivier van hoop bring ons dood. My kwynende lewe was uitgekerf in my stam se krom. Die dieptes in my onderwêreld is my watergraf, versteek in die soetheid van die reis. Ek wil dit nie weet nie, dit is my toevlug. Die dood is my toevlug?

Die grootste slag vir my was egter die skerp lem van die byl, wat my lewe in een kort oomblik afgemaai het. Al my krag is geknip toe my gees met die vlerk na die aarde geval het. Waarmee sal ek beweeg om myself te wees?

Versorging en instandhouding

Ek het gesterwe, tesame met my liggaam, maar ek kan ook weer groei in die lig van die son en in die skoon besproeiing van dié wat omgee. Ek kan weer blom en ruim groei, met 'n ligter stam my plek in die tuin volstaan. Ek benodig vlakker wortels en bereik nie die verbode vrug nie. Die weg is vir my oop en aanvaarbaar, tussen hemel en aarde, het ek 'n kabel van vryheid vir my beweeglike gees opgerig.

Sy sien my ook raak in die naaktheid van my gebroke gees en neem my weg van hul bouse idees van verdrinking. Ek ontdek 'n saad vol idees wat groei in my nuwe liggaam, wat sy so koesterend met plantvoeding genees.

7.1.3.3

Protokol 3

GERT

-Kliniese vraelys:

“Die doeltreffende behandeling van erekteie disfunksie is afhanklik van doeltreffende en deeglike diagnose. Die diagnostiese prosedure behels ‘n vraelys (om tyd te bespaar), ‘n onderhoud en ‘n mediese ondersoek. U word daarvan verseker dat die inligting verkry vanuit die ondersoek vertroulik en met begrip beskou sal word aangesien dit waardeer word dat dit ‘n sensitiewe onderwerp is.

Voltooi asseblief die onderstaande vraelys en pos/lower so spoedig moontlik af by S. Pienaar, p/a Dr M. Tupy, Departement Urologie, JG Strydom Hospitaal, Privaatsak X47, Auckland Park.

1 **Identifiserende besonderhede**

NAAM & VAN: ⁴ (skuilnaam)
ADRES: Die Wilgers Hospitaal
GEBOORTEDATUM: 19 Desember 1953
HUWELIKSTATUS: Geskei
BEROEP: ³ ^{4,2}

2 Het u al ooit ‘n ereksie beleef?

^{4,2}

3 Sedert wanneer ervaar u probleme met erekteie vermoëns?

^{2,4}

4 Het die probleem geleidelik of skielik plaasgevind?

²

5 Het u gedeeltelike of totale erekteie disfunksie?

^{2,4}

6 Ervaar u erekteie disfunksie voor of na ejakulasie?



Weet nie

- 7 Ervaar u ereksies in die oggend wanneer u opstaan?
 Nee²
- 8 Ervaar u ereksies gedurende die nag?
 Ja⁴
- 9 Is u daartoe in staat om 'n ereksie te verkry wanneer u masturbeer?
Nie van toepassing
- 10 Ervaar u ereksies gedurende erotiese of ander fantasieë?
 Stel nie belang nie³
- 11 Ervaar u ereksies terwyl u erotiese materiaal aanskou soos byvoorbeeld videos?
 Nee³
- 12 Verkry u onder enige ander/buitengewone omstandighede 'n ereksie?
 Nee^{2,4}
- 13 Het u voorheen ereksies verkry by ander metgeselle, anders as u huidige?
 Ja^{4,2}
- 14 Waaruit bestaan seks vir u?
 Liefde^{4,3}
- 15 Beskryf u eie seksuele drange?
 Stel nie belang nie³, miskien later
- 16 Begeer u u eie metgesel?
Nie van toepassing

- 17 Wat beteken liefde vir u?
Omgee^{4,3} en kommunikasie
- 18 Is u lief vir u metgesel?
Nie van toepassing
- 19 Vind u u metgesel aantreklik Nie van toepassing⁴
seksueel tegnies vaardig
higiënies
- 20 Is daar enige huweliksprobleme/konflikte in u verhouding?
Nie van toepassing
- 21 Is u kwaad of haatdraend?
Nee
- 22 Hoe dikwels het u geslagsomgang?

- 23 Hoe voel u teenoor die vroulike geslagsorgaan?
Negatief^{3,2}
- 24 Vind u dat u wel soms 'n ereksie kan bewerkstellig, maar dat u dit moeilik vind om die ereksie te behou deur al die fases van die seksuele daad?
Nie van toepassing
- 25 Vrees u tydens gemeenskap
Straf Nee?
siektes ---
swangerskap Nie van toepassing
beserings
bespotting



- 26 Het u enige homoseksuele gedagtes of gebruike?
 Nee¹
- 27 Ly u aan enige geestestoestand soos depressie of angs, waarvan u weet?
Nee
- 28 Is u lewe baie stresvol? Beskryf asseblief.
 Ja; werk³
- 29 Het u voorheen enige traumatiese of onaangename seksuele ondervindings gehad?
 Ouers baie streng; geslaan oor woord.³ Algeheel taboe.³ Vrou het my verneuk.⁴
- 30 Voel u skuldig of geïnhibeerd oor seks?
 Ja³
- 31 Getuig u agtergrond van streng godsdienstige opvoeding?
 Ja³
- 32 Wat is u kulturele agtergrond?
Blank.
- 33 Beskik u oor voldoende kennis oor seksuele tegnieke?
Seker
- 34 Volg u 'n gesonde dieet?
Ja
- 35 Gebruik u enige medikasie, soos Aldomet, Esmelin, Diuril, Tagamet, Prolixin, Thorazine, ensovoorts? Noem asseblief.

Tydens hospitalisasie. Weet nie

- 36 Ly u aan enige siekte waarvan u weet, soos diabetes miëlitis, niergebreke, veelvuldige sklerose, alkoholiese neuropatie, tiroïedkwale, hipogonadisme, lewergebreke, vaskulêre kwale, ensovoorts? Noem asseblief.

Voorheen pankreas probleme.

Vernouing van bloedvate.²

- 37 Het u voorheen enige sjirurgiese prosedures deurloop, byvoorbeeld blaasverwydering, protektomie, Verwydering van die abdomino-perineale kolon, vaskulêre rekonstruksie, ensovoorts? Noem asseblief.

Vergroei sel verwyder van pankreas.

- 38 Wat gaan deur u gedagtes voor seksuele kontak? (Beskryf asseblief so volledig as moontlik).

- 39 Wat gaan deur u gedagtes ten tye van 'n erekteie disfunksie of wanneer u dit moeilik vind om 'n ereksie te bewerkstellig en handhaaf? (Beskryf asseblief so volledig as moontlik).

- 40 Beskryf asseblief hoe u voel tydens en na 'n erekteie disfunksie.

Dankie vir u samewerking.”

-Kliniese verslag:

1. **Persoonlike besonderhede**

NAAM:

Gert⁴ (Skuilnaam)

ADRES: p/a Die Wilgers Hospitaal, Pretoria

OUDERDOM: 45 jaar

RAS EN TAALVOORKEUR: Blank, Afrikaans³

BEROEP: Senior³ Sekuriteitsbeampte⁴

KERKVERBAND: Nederduits Hervormde Kerk³

HUWELIKSTATUS: Geskei, geen kinders³

MEDIESE TOESTAND : Gangreenlyer, voetamputasie

2. Kliniese geskiedenis

2.1. Vroeë familiegeskiedenis

Gert is die middelste van drie kinders waarvan hy twee broers het. Sy vader, wat in 1970 aan maagkanker oorlede is, was 'n vragmotorbestuurder van beroep en sy moeder 'n huisvrou. Sy is ook reeds aan 'n hartaanval oorlede. Hy het 'n nou band met sy moeder gehad maar was van sy vader emosioneel gedistansieer. Hy voel dat hy onregverdig behandel is deur sy vader en is as die swartskaaap bestempel. Hy moes meer pligte vervul as sy broers, wat as oudste en jongste spesiale plekke in die gesin beklee het, en is prematuur verplig om te gaan werk om homself in stand te hou,³ waar sy broers volgens sy belewenis oorbeskerm is. Sy vader was uit die aard van sy beroep dikwels uithuisig sodat daar van hom, as swartskaaap, op 'n vroeë stadium verwag is om die manlike pligte van die huis te behartig. Sy vader se afwesigheid en onbetrokkenheid was 'n frustrasie vir Gert, alhoewel hy hiertydens goed met die ander gesinslede oor die weg gekom het. Hy beskryf ook sy ouers se huwelik as gelukkig, alhoewel daar geen fisiese demonstrasie² hiervan

waargeneem is nie. Daar was egter geen uiterlik waarneembare konflikte of aggressie in die gesin nie.

Sy opvoedingsjare was stabiel, hy is aan konstante omstandighede blootgestel wat hom sekuriteit as kind laat beleef het. Die gesin het nooit verhuis nie en Gert het slegs een skool bygewoon. Hy het as gevolg hiervan hegte vriendskappe⁴ gedurende sy kindertyd aangeknoop, wat as basis vir sy sin van eiewaarde gedien het, aangesien hy op geen ander gebied uitgeblink het nie. Hy was altyd 'n uitbundige en vrolike kind op skool. Hy het nie op buitemuurse gebied² deelgeneem nie en het 'n Standaard 8 sertifikaat³ op skool behaal.

Hy het vervolgens sy nasionale diensplig vir nege maande aan die Panterskool deurloop. Sy weermagopleiding^{4,2} was vir hom 'n waardevolle en leersame tydperk in sy lewe, want "dit 'n man maak van 'n mens".⁴

2.2. Werksgeskiedenis

Gert was, ná die SAW, ses jaar lank as Trokondersoeker³ by die Spoorweë in Kaapstad werksaam. Dit was vir hom 'n interessante posisie alhoewel gevaarlik², sodat hy met inagneming van sy vergoedingspakket³ dit oorweeg het om van beroep te verander.

Hy het daarna die belangstelling wat hy in die weermag gekweek het, uitgebou en in 'n sekuriteitsrigting^{2,3} inbeweeg. Hy is deur 'n privaat sekuriteitsmaatskappy opgelei waar hy vir 'n paar jaar werksaam was en het dit geniet het om met mense te werk; vir hom was die eksterne erkenning belangrik, want "dit is lekker om die publiek gelukkig³ te hou".³ Hy hou voorts van die opwinding² en variasie wat met dié tipe werk gepaardgaan, al is dit gevaarlik,² omdat hy in 'n waardevolle beskermingsfunksie dien en erkenning³ kry daarvoor.

Sedertdien is hy die afgelope 11 jaar as senior Sekuriteitsbeampte in 'n staatsdepartement werksaam, waar hy toegangbeheer elektronies reguleer. Hy geniet sy werk terdeë en benader sy pligte met erns. Hy sal egter binnekort om mediese redes sy take moet verander,³ aangesien hy nie meer tot fisies uitdagende aktiwiteite aangewese is nie. Hy sal 'n meer administratiewe rol³ moet vervul, maar binne dieselfde sekuriteitsafdeling en sonder 'n vrees dat hy sy werk sal verloor.

2.3. Mediese geskiedenis

Gert was sy lewe lank 'n gesonde persoon⁴ met geen mediese probleme, buiten infertiliteit,³ nie. In 1998 het hy egter skielik verskeie mediese simptome ontwikkel, waaronder pankreasgewasse wat verwyder moes word en vernouing van bloedvate wat sy liggaamekstremiteite soos byvoorbeeld sy hande en voete aangetas het. Die verlies van doeltreffende bloedsirkulasie deur sy liggaam het tot gangreen in hierdie areas gelei, veral sy linkervoet wat onredbaar is. Sy linkerbeen sou die volgende dag na die onderhoud onder die knie geamputeer moes word. Gert se erektiele vermoë² (sekondêr, organies) is voorts deur die vernouing van sy are beperk. Gert het sy lewe lank straf gerook, wat tot die situasie bygedra het. Ten tye van die onderhoud was Gert onder mediese behandeling vir die gangreentoestand, alhoewel hy nie oor die algemeen enige medikasie gebruik nie. Hy is voorts, met betrekking tot alkoholgebruik, slegs 'n geleentheidsdrinker.

Gert verwag om mettertyd 'n kunsbeen te ontvang "wat my lewenstyl min sal verander,⁴ omrede ek nooit werklik 'n sportiewe mens² was nie." Hy sal in 'n klerklike hoedanigheid moet werk,³ wat al verandering sal impliseer. Gert ontken enige gevoelens van vrees of teneergedruktheid oor sy komende operasie.

2.4. Seksuele ontwikkelingsgeskiedenis

Daar is as kind aan Gert te kenne gegee dat alles wat met seks gepaardgaan vuil en sondig is.³ Hy is selfs met die gebruik van die woord of met navraag

oor die onderwerp geslaan. Hy het nooit met sy eie seksualiteit gemaklik gevoel nie en was heeltemal passief oor heteroseksuele verhoudings.² Hy weet egter dat sy liggaamlike ontwikkeling en manlike orgaan normaal⁴ was, alhoewel hy skuldig³ gevoel het oor enige natuurlike liggaamlike reaksies.

Hy is eers op 29 jaar deur 'n vrou se toenadering oortuig om seksueel betrokke² te raak. Hy het met die vrou 'n saamwoonverhouding van vyf jaar gehad, waarna hulle in die huwelik getree het. Hy was onvrugbaar en die egpaar het besluit om 'n kind aan te neem.³ Hulle was vir ses jaar getroud, waartydens sy vrou seksueel onbeskikbaar was vir hom, maar by velerlei ander buite-egtelike verhoudings betrokke geraak het. Die aangenome kind is deur die welsyn verwyder, omdat die moeder onsedelike waardes gehandhaaf en die kind verwaarloos het, terwyl Gert nagskofte moes werk.

Gert het gevolglik vandag geen behoefte aan of belangstelling in seksuele aangeleenthede² nie, "ek stel nie belang nie; ek sal nie weer my kop stamp nie. Miskien later..." Hy voel beter om alleen in sy woonstel in Arcadia te bly en vir homself te sorg. Dit het volgens hom van hom 'n sterker mens gemaak. Hy het egter voor sy egskeiding deur 'n fase gegaan waar hy besonder broos en hartseer¹ gevoel het. Hierdie emosies word steeds geassosieer met lede van die teenoorgestelde geslag.

3. Psigiese ondersoek

Gert verkeer in 'n ontkenningfase oor tot sy mediese toestand en die gepaardgaande verliese, en dit het tydens die evaluasie geblyk dat 'n psigiese reaksie daarop nog nie plaasgevind het nie. Daar is dus nie sprake van 'n premorbiede persoonlikheid op hierdie stadium nie, en om 'n herhaling van gegewens te voorkom word daar slegs verwys na die psigiese ondersoek, wat 'n huidige verteenwoordiging van hom is.

3.1 Algemene indrukke, motoriek, en konasie(dryfveer)

Gert was ten tye van die ondersoek as pasiënt in Die Wilgers Hospitaal opgeneem. Hy was in 'n algemene saal opgeneem en aan 'n aarbus gekoppel, alhoewel hy beweeglik genoeg was om die onderhoudvoerder na 'n private kantoor te volg. Hy is van gemiddelde lengte en ligte bou en was in slaapklere geklee. Gert het 'n dapper houding ingeneem en geensins selfbejammerend opgetree nie. Hy het onafhanklik voorgekom en wou nie enige hulp aanvaar nie. Hy het sy wonde vrywilliglik gedemonstreer en bespreek. Sy houding was oor die algemeen inskiklik³ ('pleasing') en hulpvaardig eerder as samewerkend. Gert het moontlik nie verwag om homself intens persoonlik² te moes ontbloot nie, omrede sulke temas 'n weerstand en onttrekking² by hom ontlok het. Hy is die keuse gebied om ongemaklike onderwerpe (in sy geval, seksuele temas) te vermy² en het dikwels baie beperk hierop gereageer. Die onderhoudvoerder het die gevoel gehad dat die pasiënt 'n persoonlike gesprek as bedreigend ervaar het en dat hy broos en fyngevoelig is. Hy het oogkontak vermy en rusteloos rondgeskuifel sodra taboe onderwerpe benader word. Sy privaatheid is gerespekteer deur sake daar te laat en nie inligting by hom te forseer nie. Hy het ten spyte van die omstandighede hoë fisiese aktiwiteit getoon en meestal spontaan gesels. Hy het die indruk geskep dat hy 'n lewendige geaardheid² het wat ook in sy beroep³ na vore kom wanneer hy met dryfkrag² probleme ondersoek en aktief betrokke raak by veiligheidsake.

3.2. Kognisie

Sy aandag en konsentrasie was intak. Hy was toepaslik georiënteer teenoor homself en sy omgewing. Hy het wakker en helder voorgekom.

Sy intelligensiepeil word as gemiddeld tot ondergemiddeld³ geskat op grond van sy geskiedenis, opleidingspeil, redeneringsvermoë, woordeskat, ensovoorts. Daar was geen versteurings in spraak en gedagtes soos byvoorbeeld gedagtedruk, assosiasie-ontsporinge of delusies, nie.

Gert se insig³ in sy mediese omstandighede is beperk³ aangesien hy 'n naïewe houding daarteenoor inneem. Hy het geen kennis oor die verwagte mediese prosedure of gevolge daarvan nie. Hy beskou ook nie sy aversie oor seksuele aangeleenthede² en sy mislukte huwelik as iets om verder te ondersoek nie. Sy impotensie is nie bewustelik vir hom 'n kwelsaak nie en hy ontken enige waarde² daaraan. Sy loopbaan³ en sy vriende⁴ is volgens hom voldoende aspekte in sy lewe, waar seksuele sake met emosionele lyding op 'n oorveralgemeende wyse geassosieer word. Daar is dus tekens van irrasionele denke by Gert aanwesig, ook in terme van gepolariseerde denke, naamlik dat hy seksualiteit rigied as verkeerd (vs reg) bestempel.

3.3. Emosies

Respondentief voel Gert "heeltewel goed dankie, so 7/10" op die vraag na sy emosies op 'n skaal van 1 - 10. Hy is trots op sy werk³ en is nie bekommerd oor sy toekoms nie. Hy het geen pyn op die oomblik nie en sal verlig wees as hulle "die voet liever wegneem en klaar kry, hoe gouer hoe beter, sodat my lewe weer kan aangaan."³ Hulle het my nodig by die werk.³ Hy ontvang baie ondersteuning vanaf sy familie en vriende en is dankbaar dat sy vrou nie meer daar is om al die probleme te veroorsaak nie; hy voel sterker alleen.

Objektief kom Gert inderdaad onbesorg voor oor die amputasie en selfs redelik vrolik. Hy kom ietwat verleë voor oor al die aandag en simpatie, en skep 'n selfstandige en moedige³ beeld. Dit wil voorkom asof Gert daaraan gewoon is om na homself om te sien, aangesien hy nooit die geleentheid gehad het om vertroetel te word nie, sodat hierdie beproewing as 'n natuurlike insident gehanteer word wat vir hom minder kwetsend was as die emosionele krisis met sy egskeiding.

Hy lyk tans eg en stabiel en tree toepaslik op met inagneming van sy agtergrond. Hy is wel onseker oor sy manlike seksualiteit² in terme van die uitlewing² daarvan.

3.4. **Persepsies**

Normaal.

3.5. **Streshantering**

Gert het geen² stokperdjies of sportbedrywighe² nie, maar het 'n goeie ondersteuningstelsel in terme van sy kollegas en familielede, veral sy oudste broer. Volgens hom het hy geen vrye tyd nie, omdat hy meestal op bystand³ is. Sy lewenstyl is beperk en gerig op sy beroep³ waarop hy vrywilliglik al sy aandag en belangstelling fokus.

Daar is geen tekens van neurose by Gert te bespeur nie.

-Stimulusbeelde:

1. **“DIE KWEKELINGE”**

Gert openbaar hier 'n positiewe⁴ gesindheid jeens manlike samesyn,⁴ waar hulle vergader met die doel om gesellig informeel te verkeer. Daar bestaan 'n atmosfeer van samehorigheid en eendersheid, elkeen kwalifiseer met sy geslag vir lidmaatskap hieraan. Daar word 'n geselekteerde groep voorgestel, elke persoon met sy plek in die geselskap. Gert sou in so 'n situasie gemaklik en tuis voel, hy sou daar hoort en welkom⁴ voel. Dit sal vir hom 'n gevoel van waarde en erkenning⁴ bied. Alle kompetisie en wedywering is (tydelik) tydens so 'n byeenkoms laat vaar, sodat al die betrokke mans kan ontspan en hulself op alle dimensies kan uitleef. Daar sal geen veroordeling plaasvind nie, dit waardeer Gert. Die betrokke persone sal hulself in al hul manlike robuustheid kan uitleef en vryheid beleef.

Gert voel waarskynlik veilig⁴ tussen mans wat moontlik nie die geval met inhiberende vroulike geselskap sou gewees het nie. Gert voel dat almal (die manne) in 'n sosiale situasie op gelyke vlak⁴ is en kan hy vryelik met almal verkeer, ongeag hul status. Hy sou dit geniet om deel te voel van die span⁴

wat 'n ervaring van geborgtheid⁴ by hom skep. Hy sou waarskynlik vrolik optree in so 'n situasie en 'n positiewe impak op ander hê. Die ander sou hom in ruil waardeer. Die groep manne voel moontlik vir Gert in 'n groot mate soos sy familie.

2. **“HERMAFRODITIS”**

Gert gesels hier van 'n vrou wat voor 'n egskeiding⁴ staan, moontlik na aanleiding van sy eie ondervinding. Daar was waarskynlik 'n ervaring van vasgevangenskap en terneergedruktheid tydens die huwelikskonflik, waarmee Gert kan identifiseer. Die ondervinding was waarskynlik vir hom 'n vernedering⁴ en het frustrasie en woede by hom ontlok.

Die probleme waarna verwys is, het moontlik met botsende⁴ belange verband gehou. Daar was verskille in waardesisteem en uitgesproke verdediging hiervan, totdat 'n stadium van uitsonderlike lewens bereik is. Dit het daartoe aanleiding gegee dat elk sy eie lewe afsonderlik voer,³ alhoewel dit met intense, ongemaklike en pynlike stappe gepaard gegaan het. Die nagevolge van die egskeding het moontlik emosionele en ekonomiese eise³ aan Gert gestel. Hy het moontlik op 'n oorveralgemeende wyse steeds 'n aversie teen vroulike persone⁴ en verwag dat so 'n verhouding altyd met probleme⁴ gepaard sal gaan.

Gert is waarskynlik versigtig en sku vir die teenoorgestelde geslag,⁴ omrede 'n gewaagde vorige verhouding misluk het. Hy het homself emosioneel blootgestel⁴ en van 'n verhouding afhanklik⁴ geraak, alhoewel hy in die proses teleurgestel⁴ is deur die mislukking⁴ daarvan.

3. **“STORMSTERKTE”**

Gert skaar hom nie by die deelnemers aan die fisiese kragdemonstrasie nie, hy sou moontlik een van die toeskouers bly. Dit is nie vir hom die moeite werd om hom aan gevaarlike risiko's bloot te stel nie, hy sou nie beserings waag nie² en sal nie die veroordeling⁴ van ander beproef nie. Hy skram

weg van geleenthede wat verleentheid⁴ kan besorg, en beoordeel die toneel vanuit sy eie konserwatiewe verwysingsraamwerk. Hy beskou naaktheid² as 'n ongewenste toestand en voel waarskynlik nie gemaklik² met sy eie seksualiteit² nie. Hy projekteer sy eie skaamte⁴ op die "Bulryers". Hy erken dat daar wel 'n groep mans is wat, anders as hy, macho beelde het, en wat hulle kragte vreesloos teen mekaar sal opweeg. Hy is egter nie 'n kompeterende² tipe man nie en is waarskynlik 'n insiklike en nie-bedreigende persoon. Gert voel vanuit sy passiewe posisie waarskynlik veilig en onopsigtelik,⁴ alhoewel dit **nie** enige bevestiging van sy manlike⁴ magte bied nie. Dit is vir hom veilig om neutraal te bly, sodat hy nie die moontlikheid om te misluk hoof te beproef nie, sy tekortkominge⁴ word daardeur privaat⁴ gehou en nie aan ander se oorweging blootgestel nie. Gert bevraagteken² moontlik die bestaan van sy eie manlikheid op sekere (fisiese) gebiede² en voel waarskynlik skaam oor die moontlike gebrek⁴ aan manlikheid.⁴ Daar kan moontlik uit die voorafgaande afgelei word dat seksuele aangeleenthede² 'n ongewenste taboe⁴ -tema by Gert is. Dit kom voor asof hy die waarde van die fisiese aspekte² van manlikheid in sy lewe ontken,² omdat dit in elk geval nie op geestelik-morele³ gronde vir hom aanvaarbaar is nie. Hy verseker wel sy betrokkenheid by die manlike groep⁴ deur aanwesig te wees en deel te hê aan bedrywighede en belangstellings van 'n manlike aard.⁴

4. **"VEROERWOU"**

Gert identifiseer gemaklik met die beeld van spanwerk,⁴ waar hy 'n belangrike rol as beskermheer vervul en nuttig³ voel. Hy geniet waarskynlik 'n werksituasie waar hy planne moet beraam om 'n situasie (werk)³ te moet beveilig² en ander te moet beskerm.² Hy bejeën sy rol met uiterste erns, asof dit 'n lewensbedreigende situasie is wat hy verantwoordelik³ is om te beheer. Hy heg waarde daaraan om 'n waardevolle lid³ van die gemeenskap³ te wees en om in aanvraag te wees. Dit is sy plig³ om mens en eiendom te beskerm, ongeag die aard en status

wat betrokke is. Hy is verantwoordelik vir die basiese veiligheidsbehoefte van ander, wat hom 'n belangrike funksie³ gee om te vervul. Dit blyk dat hy sy taak met oorgawe³ sou toepas en dat dit hom emosionele onrus en onvergenoegdheid sou bied indien 'n bevredigende⁴ veiligheidsituasie nie bereik word nie. Daar was moontlik omstandighede in Gert se lewe wat 'n rol gespeel het in sy karaktervorming in terme van sy hoë pligsbesef³ en sterk verantwoordelikeheidsin³. Gert handhaaf in terme van sy beroepsfunksie³ 'n sin van mag en beheer³ wat sy manlike identiteit⁴ bevestig. Hy behou daardeur erkenning⁴ vanaf die samelewing vir 'n primêr manlike beskermingsfunksie.²

5. **“SIELEKOS”**

Gert is openlik ongemaklik² oor enige seksuele tema en keur dit ten sterkste af. Hy bied 'n moralistiese³ beswaar teen die openbaring van veral vroulike naaktheid,² sodat sy afkeur jeens sodanige aangeleenthede uitdruklik aangebied en gedokumenteer kan word, vir die rekord. Dit is waarskynlik vir hom die regte ding³ om te doen, naamlik om 'n skoon sedelike beeld voor te hou. Hy sou miskien in streng private omstandighede, steeds met terughouding en ongemak, dit kon waag om aan liggaamlike behoeftes² te voldoen, maar waarskynlik met skuldgevoelens.³ Gert voel dus onkundig en onnatuurlik oor seksuele aangeleenthede en ervaar hierdie dimensie moontlik as 'n oorbodige las,² maar 'n realiteit waarmee hy daaglik gekonfronteer word. Daar is moontlik vroeër groot beperkings³ op Gert geplaas t.o.v. seksuele impulse. Hy was waarskynlik blootgestel aan 'n sterk moralistiese en puriteinse³ agtergrond.

6. **“HAAR SNOEIKANT”**

Gert identifiseer hier met die vrou se belewenis van verlies en weerloosheid, asook die desperate oplossings waarna sy soek. Hy bevraagteken nie haar naaktheid in morele terme soos vantevore nie, wat moontlik beteken dat hy met haar leegheid en broosheid empatiseer. Hy het moontlik soortgelyke

emosies in die verlede ervaar en weet hoe dit voel om iets te verloor.³ Hy het ook verskeie moontlike oplossings oorweeg waarvan selfmoord² een was, alhoewel hy geensins met die idee kon vereenselwig nie. Dit is moontlik vir hom 'n vreesaanjaende² en intimiderende gedagte, 'n handeling groter as die probleem self.

Hy het gevolglik 'n bedekte ontsag vir enige persoon wat die moed² sou hê om so ver te gaan, alhoewel hy sy eie vermoë om sy moeilike omstandighede te trotseer misken en nie die waarde en moed² hiervan herken⁴ nie. Die vrou se vermoë om soveel fisiese pyn² aan te durf mag hom moontlik in versigtigheid teenoor haar plaas, hy mag deur haar bedreig² en geïntimideer² voel.

Die vroulike² beeld hier word deur Gert dus as hard en gevaarlik² voorgelê. 'n Vrou is vir hom iets waarvoor daar versigtig gewees moet word, wat moontlik daarop dui dat sy vorige kontak met sy moeder en vroulikes⁴ 'n pynlike⁴ proses was. Die gevaarlike kontak met vroue in sy lewe het hom moontlik weerloos⁴ en bevrees² gelaat.

7. **“WINTER”**

Gert voel algeheel ongemaklik² met die naakte² konteks van hierdie skets. Gert voel moontlik asof hy 'n private wêreld van ouer dames betree en dat dit nie die betaamlike³ ding is om te doen nie. Hy is heel waarskynlik 'n ware heer³ t.o.v. die respekvolle³ eerbetoning aan vroulike liggeme. Die onkonvensionele situasie van twee naakte vroulikes by mekaar is voorts moontlik vir hom 'n ontoelaatbare seksuele gebruik, waarmee hy hom nie wil vereenselwig nie. Hy mag voorts geen genot² of plesier vanaf die beeld ervaar nie en is nie tot die veranderde figure aangetrokke² nie en wil so gou doenlik daarvan distansieer.

8. “VERSTRENGENDE RANKE”

Gert maak hier gedistansieerde prosesopmerkings oor die stryd wat liefde⁴ vir hom impliseer en wil daardeur kwalifiseer waarom hy nie weer daarby betrokke sou wou word nie. Hy maak met die ontleding van die kunsbeeld seker dat sy eie seksualiteit² nie met die toneel vereenselwig word nie.² Hy voel weereens ongemaklik met naaktonele² en is verlig dat die geslagsdele nie tentoongestel word nie, wat hom met sy eie ongewenste seksuele instinkte in kontak sou bring. Hy projekteer ‘n verhaal van liefde wat aan ‘n strydtoestand gelykgestel word, sodat hy moontlik liefde met stryd assosieer; ‘n toestand van kritiek en veroordeling,⁴ sonder vrede en plesier, om eerder van te distansieer.

Dit wil byna voorkom asof Gert hom van sy eie seksuele drange beskerm, deurdadig hy hom weerhou van enige prikkeling,² hy verwerp seksuele temas² en gaan so gou moontlik daar verby. Hy leef en troos homself met hoër morele³ veroordeling, naamlik dat hy nie deel is van sonde³ nie en daarin slaag om rein³ te lewe.

Onbeskaamde liggame is naakte liggame,² Gert voel ontbloot² en weerloos teen die seksuele eise in homself en aanskouing van naaktheid by ander; dit bring hom in kontak met impulse² waarvoor hy beheer kan verloor.² Moontlik het geïsoleerde seksuele insidente hom in die verlede teleurgestel,⁴ sodat hy tans redeneer dat liefde ‘n stryd is en liefde is seks, daarom bring seks ook teëspoed.

9. “DROOGTE”

Gert verwys hier, deur middel van sy assosiasie met die plant, na homself in ‘n situasie waar hy weerloos, vernietig⁴ en verwaarloos gevoel het, nadat sy eggenote egbreuk⁴ gepleeg het. Gert was afhanklik van een persoon wat hom verrinneweer het. Hy het vergaan oor sieledors en ‘n gebrek aan erkenning⁴; sy het hom van die nodige voedingsbronne weerhou en het haar

aandag en energie elders aangewend. Dit het hom totaal uitgedroog en leeg gelaat, sy bestaan het 'n finaliteit bereik.

Die plant het oorspronklik 'n potensiële waarde⁴ en gebruik ingehou, net soos Gert. Hy teken met sy vergelyking 'n beswaar teen haar verwaarlosing aan; hy het sy goeie eienskappe en funksies gehad, wat egter nie sy voortbestaan kan verseker nie; dit was nie vir haar voldoende nie. Dit wat hy kan aanbied, is verwer: Hy was van geen belangrike nut⁴ nie en het vir haar niks beteken nie.

Hy besef dat daar inherente positiewe eienskappe in hom was, en hy verwyf haar onvermoë om dit te kon raaksien. Daar was dit 'n diepliggende selfwaardering⁴ wat sy selfbehoud was; hy besef dat haar persepsies selektief van aard was.

Hy het waarskynlik weer herstel van dié toestand, omdat hy daarvan praat in "verlede terme", "ek het so gevoel...". 'n Ander bron⁴ sou dus intree om sy gees te voed. 'n Positiewe plaasvervanger³ was vir sy aanpassing verantwoordelik. Hy kan waarskynlik sy waarde⁴ elders³ tentoonstel waar ander hom (sy blom) kon raaksien.⁴ Ander persone sou intree om hom te red, maar hy sou homself moontlik slegs aan manlikes⁴ toevertrou.

10. **"LEWENSBOOM"**

Gert openbaar hier 'n negatiewe persepsie van **liefde** as 'n gevaarlike en pynlike element.² Hy voel ontnugter en bitter oor sy verwagtinge van liefde wat 'n hartseer en noodlottige einde van die self⁴ veroorsaak. Die liefde het vantevore Gert se hart gebreek, wat sy funksionering³ op alle gebiede tot stilstand gebring het. Die pyn, in terme van die voorafgaande gebeure en teleurstellings wat met die verdwyning van liefde⁴ in sy verhouding gepaardgegaan het, het 'n dramatiese effek op sy gestel en identiteit gehad. Die intensiteit van die hartseer emosie het sy sisteem oorlaai, sodat die lewe hom begin verlaat het. 'Die lewe' het moontlik sy vrolike gemoed, sy

energie, sy vorige fisiese leef omstandighede en sy liggaamlike voorkoms geïmpliseer. Hy het egter slegs begin sterf, in terme van sy produksie³ (die blomme val) wat moontlik op 'n agteruitgang van sy funksionering³ gedui het, moontlik op geestelike-, intellektuele-³ en fisiese/fisiologiese² gebied. Alles wat hy dus vantevore was, wat sy manlike identiteit⁴ gedefinieer het, is deur die wonding (die liefdestryd en seksuele ontbloting) aangetas.

Sy persoon het dus begin sterf⁴ as gevolg van 'liefde', oftewel die gebrek daaraan. Liefde³ is voorheen ook deur Gert aan seks² gelykgestel (sien Skets 8), sodat daar ook afgelei kan word dat seksuele aangeleenthede² en sy negatiewe belewenis daarvan tot sy agteruitgang bygedra het. Sy totale funksionering³ as man⁴ is dus afhanklik van die bestaan van veilige liefde³ en toepaslike seksuele uitlewing². Sonder liefde³ (die verlies daarvan in terme van die pynlike pyl) of seksuele betrokkenheid² (as gevolg van fisiologiese of morele beperkinge) is dit moeilik om te slaag in manlike produksie⁴ (die Manne).

11. “GEKNIPT VLERKE”

Dit gaan vir Gert in hierdie beskrywing om die waarde van 'n waarneembare liggaamsdeel en die impak van die verlies daarvan op 'n persoon se lewenstyl³, in hierdie geval spesifiek die hand. Hy interpreteer die erns van die verlies in terme van die spesifieke ledemaat; kwalitatief sal die verlies van 'n arm en hand vir hom groot beperkings inhou. Hy fokus op die opsigtelike afwesigheid van 'n ledemaat en beskryf die skets hoofsaaklik in terme daarvan, die omstandighede³ van die armlose figuur verg sy aandag en betrokkenheid. Hy vergelyk sy lewe indirek met dié van die armlose persoon; hy sou verwag dat dit vir enige persoon moeilik(er) sou wees om spesifiek sonder 'n arm te kan werk³, naamlik om 'n lewensbestaan³ te kan maak en selfvoorsienend³ te kan wees. Werk³ is, volgens Gert, 'n veeleisende proses wat minstens twee hande vereis, dit sou as instrumente kon dien om sy werkspotensiaal te kan uitleef. Die situasie van die armlose man, is egter grotendeels ingekort, sodat hy nie sy volle waarde³ sal kan

tentoonstel³ nie. Daar sou moontlik as gevolg hiervan verskeie implikasies kan wees in terme van die man^{3,4} se aansien en selfbeeld^{3,4}.

Die inperkende en katastrofiese **aard van die verlies sou minder prominent gewees het in terme van werk**³, as 'n ander liggaamsdeel verloor was. As Gert kon kies, sou hy dus moontlik eerder byvoorbeeld 'n voet as 'n hand wou verloor. Hy voel moontlik dat 'n afwesige voet verberg⁴ kan word en nie sy posisie⁴ as waardevolle persoon in die arbeidsmark³ belemmer nie. 'n Voet is voorts meer ongesofistifiseerd as 'n hand, en kan met redelik gemak met 'n prostese vervang³ word. Hy sal steeds deel voel van manlikheid⁴ deur middel van werkerskorps³ lidmaatska^{3,4}. Daar word hiermee veronderstel dat Gert nie vantevore van sportprestasies afhanklik was nie, sodat hy sy waarde⁴ hoofsaaklik in terme van werksnút³ bepaal. Hy benader waarskynlik alle gebeure positief of negatief, in terme van die invloed wat dié uitoefen op sy potensiaal het om te kan werk³ en arbeidsaam te kan wees. Die feit dat die liggaam in die skets duidelik manlik⁴ is in terme van 'n funksionerende geslagsorgaan², word in terme van waarde deur Gert ontken. Sy seksualiteit² is nie vir hom dié bepalende faktor om sy waarde⁴ in die samelewing te demonstreer nie, as gevolg van die puriteinse veroordeling³ van die onderwerp, wat waarskynlik deur hom geïnternaliseer is vanaf betekenisvolle figure in sy vroeë lewe.

-Geïntegreerde fallusbeskrywing:

(a) **Ego-integrasie van anima**

Daar was in Gert se geval min getuienis van anima-uitlewering, buiten skets 6, waar hy met gevoelens van broosheid, oftewel vroulike swakheid en afhanklikheid, kon identifiseer. Dit blyk egter, ook vanuit onderhoud gegewens (kliniese verslag 2 – 4) dat hierdie emosies in reaksie op 'n pynlike heteroseksuele verhouding, ontlok is. Sy huwelik het 'n kasterende invloed op sy manlike identiteit gehad en het in hom ongewenste gevoelens ontlok, waarmee hy nie gemaklik gevoel het nie. Die 'vroulike' emosies is

dus in 'n vernederende hoedanigheid beleef en het nie tot 'n algehele gebalanseerde manlike identiteit op 'n vererende wyse bygedra nie.

Gert openbaar in sy geskiedenis en lewenstyl (kliniese verslag 2) 'n groter betrokkenheid by manlike aktiwiteite; hy moes, in die afwesigheid van sy vader, die man se take uitvoer, hy is daarna in die manlike wêreld van die weermag, SA Spoorweë en laastens as sekuriteitsbeampte geplaas. Hy het hom voorts slegs met manlike vriendskappe bemoei en geen kontak met vroulike persone gehad nie. Sy moeder was wel vir hom as huisvrou teenwoordig, alhoewel dit 'n onpersoonlike en onbetrokke verhouding blyk te gewees het. Hy het verder slegs broers gehad en dus min geleentheid om hom met vroulike aangeleenthede te kon vereenselwig of identifiseer. Hy het dus waarskynlik in vroulike geselskap onkundig en ongemaklik gevoel, omdat hy geen interne verwysingsbronne in terme van 'n goed ontwikkelde anima, gehad het nie.

(b) **Die bemeestering van son-fallus**

'n Sterk voorkoms van son-fallus kon in sketse 4, 5, 7, 9, 10 en 11, sowel as in die onderhoud en vraelys gegewens gelees word.

Gert verteenwoordig 'n sterk Calvinistiese en konvensionele beeld wat met die tradisionele Afrikanerkultuur geassosieer word. Sy waardesisteem word grotendeels hierdeur en deur eng godsdienstige voorskrifte bepaal (kliniese verslag 1, 2.1 en vraelys 31). Hy is konserwatief en puriteins grootgemaak, handhaaf 'n ernstige uitkyk op die lewe, en het 'n sterk pligsbesef teenoor ander en die gemeenskap (kliniese verslag 2.2, 2.4 en skets 4). Hy meen dat sy verantwoordelike sin deur hul vroeë gesinsopset gevorm is, waar hy as swartskaap onder sy broers die meeste huishoudelike pligte moes uitvoer.

Sy vordering op skool is grotendeels beïnvloed deur sy beperkte intellektuele vermoëns, sodat hy slegs 'n Standaard 8 sertifikaat kon behaal. Hy het wel 'n tegniese aanleg getoon en het hom as spoorweg-trokondersoeker gekwalifiseer (kliniese verslag 2.2.). Hy was voorts in die veiligheidsmagte

geïnteresseerd en het daarvan gehou om met mense te werk; vandaar sy loopbaan in 'n sekuriteitsrigting. Hy het in die hoedanigheid as sekuriteitsbeampte belangrik en waardevol gevoel (skets 4).

Hy openbaar 'n sterk son-trotsgevoel en maak op 'n waardige sosiale reputasie staat. Dit is waarneembaar in sy stabiele werkrekord en beroepsvordering, tot senior sekuriteitsbeampte. Hy handhaaf voorts 'n wetsgehoorsame lewenstyl en volg suiwer gewoontes na. Hy funksioneer primêr op verligte son-vlakke in terme van 'n konvensionele lewenstyl, en streef rein motiewe na (kliniese verslag 2.2 en 2.4). Hy openbaar 'n insiklike en vrolike geaardheid, en toon geen geneigdheid tot dominansie en beheer oor ander nie. Hy ervaar wel 'n gevoel van toepaslike mag en beheer in sy beroepshoedanigheid (skets 4), as deel van sy taakbeskrywing.

Seksuele aangeleenthede is algeheel ontoelaatbaar in sy lewe; dit is as 'n taboe-onderwerp in sy ouerhuis gehanteer (vraelys 29 en kliniese verslag 2.1, 2.4, 3.1, 3.2 asook skets 5, 7, 8).

Gert se waarde word byna heeltemal bepaal deur sy beroep. Sy lewenstyl is beperk en slegs gefokus op sy beroep, waaraan hy al sy aandag en belangstelling wy (kliniese verslag 3.5). Sy mediese toestand het egter 'n verandering hieraan gebring, waar hy, as gevolg van fisiese beperkings, in die toekoms 'n meer klerklike rol sal vervul. Hy voel egter steeds van nut en voel dat hy voortaan ook 'n gewaardeerde posisie in die gemeenskap sal kan voortsit (kliniese verslag 3.3 en skets 4 en 9).

Gert het met sy egskeiding 'n belangrike son-kenteken verloor (skets 2) en is weens sy infertiliteit nooit as vader beskou nie (kliniese verslag 2.3). Hy het daardeur son-waarde, in terme van eienaarskap van verlengde identiteitsfigure, verloor. Gert het voorts met sy egskeiding verskeie ander verliese ondervind van ekonomiese en persoonlike aard, waaronder materiële voorraad en hul aanneemkind (skets 6).

Skets 5 openbaar 'n duidelike sedelike en moralistiese ingesteldheid deur Gert. Hy tree waarskynlik in die teenwoordigheid van vroulikes met omsigtelike eerbied op (skets 6) en streef betaamlike gedrag na. Hy word waarskynlik as 'n ware heer bestempel, met sy respekvolle eerbetoning aan die vroulike liggaam (skets 7). Sy seksuele distansiering en vermyding hou egter meer verband met sy ongemak oor sy eie seksuele impulse (skets 8) wat daarop gebaseer is dat hy grootgemaak is met die beskouing dat seks vuil en sondig is (skets 5 en kliniese verslag 2.4). Hy ervaar 'n groot mate van skuldgevoelens hieroor.

Gert se son-funsionering het afgeneem met sy liefdesteleurstelling tydens sy egskedding (skets 9 en 10, asook kliniese verslag 2.4). Sy vorige eggenote se dislojaliteit en verwerping van hom, nadat hy die risiko aangegaan het om homself seksueel en emosioneel aan haar te ontbloot, het byna 'n noodlottige effek op Gert se identiteit gehad. Gert se bewustelike begrip van liefde sluit omgee, kommunikasie en veiligheid binne die verhouding in (vraelys 17 en skets 8 en 10). Die verlies of afwesigheid daarvan het Gert se funksionering en produktiwiteit op son-gebied direk negatief geaffekteer. Dit het hom ook verder skepties ingestel teenoor seksuele kontak, omdat hy liefde en seks aan mekaar gelykstel (vraelys nr. 14.)

Dit blyk asof sy mediese toestand, naamlik die ernstige vernouing van sy bloedvate en die amputasie van sy voet en been sy selfbeeld en eiewaarde minder negatief aantast as wat sy egskedding dit doen, omdat hy steeds beheer oor sy son-aktiwiteite kan uitvoer en steeds belangrik kan voel in terme van nuttigheid. Sy son-prestasie op werkgebied kan voortgesit word (skets 11 en kliniese verslag 2.3, 2.4 en 3.3).

(c) **Die vervulling van chtoniese fallus**

Daar bestaan beperkte getuenis van chtoniese uitlewering by Gert. Die afwesigheid, eerder as die teenwoordigheid hiervan, sal in skets 3, 5, 6, 7, 8 en 10 duidelik word, sowel as uit en onderhoud vraelyste gegewens.

Gert openbaar wel 'n sin van numenosum, oftewel manlike goddelike heiligheid, soos gesien uit sy bondgenootskap met ander manlikes (skets 3 en 4) en sy afhanklikheid van manlike vriendskappe (kliniese verslag 2.1, 3.2 en 3.3). Dit blyk wel vanuit skets 9 dat Gert 'n diepliggende selfwaardering openbaar en dat hy 'n inherente potensiële waarde in homself erken. Daar bestaan voorts 'n teken van hartstogtelike energie soos in sy beroep uitgeleef, wat in terme van oorsprong in verligte chtoniese fallus geleë is. (skets 4 en kliniese verslag 2.2, 3.3 en 3.5).

Gert is egter nie gewillig om homself in fisiese terme te waag of te ontbloot nie (skets 3). Hy openbaar nie 'n geneigdheid om in terme van brute manlike krag self fisies met ander te wedywer en te oorwin nie, moontlik omdat hy uit vorige ondervinding reeds die afleiding kon maak dat hy nie met die sterkstes kan kompeteer nie. Hy verkies eerder om die veilige rol van die toeskouer te speel, waar geen ondersoekende lig sy beperkinge kan ontbloot nie. Hy het voorts nooit vantevore aan enige fisiese oefening of sportbedrywighede deelgeneem nie, moontlik as gevolg van die gebrek aan talent hiervoor (kliniese verslag 2.1.).

Ons sien die onderdrukking van chtoniese fallus egter die duidelikste op seksuele gebied, waar Gert 'n algehele gebrek aan verbintenis met sy oertipiese seksualiteit openbaar. Dit is vir hom totaal ontoelaatbaar om met sy primitiewe aggressiewe en seksuele dimensies in aanraking te kom, hoofsaaklik as gevolg van sy puriteinse opvoeding (kliniese verslag 2.4, 3.1, 3.2 en 3.3; vraelys nr 10, 15, 23, 29, 30, 31 en skets 5, 7 en 8). Gert is ongemaklik met enige seksuele onderwerp en keur dit ten strengste af. Hy distansieer homself veral van enige seksuele prikkelings, soos liggaamlike naaktheid (skets 3,5, 7, 8 en 11), omdat dit hom in aanraking bring met sy eie seksuele reaksie, wat vir hom ontoelaatbaar en sondig is.

Gert se persepsie van 'n vrou hou verband met sy eng godsdienstige waardes, waar hy die vrou waarneem as sondige verleidster wat hom met sy vleeslike swakhede in aanraking bring (skets 5). Hy kon homself

grotendeels deur sy lewe hiervan beskerm deur geen kontak te bewerkstellig met die teenoorgestelde geslag nie, alhoewel sy seksueel aktiewe eggenote hom op 29 jarige leeftyd voor die versoeking laat swig het. Die verloop van hul huwelik en seksuele verhouding was egter katastrofies, omdat haar herhaaldelike ontrouheid en verwerping Gert se persepsie van liefde, wat hy met geslagsomgang vereenselwig het (vraelys nr. 14), steeds verder negatief gekleur het. Die gevolg was dat Gert vroulike figure as gevaarlik begin beleef het, as gevolg van die versoeking en pyn wat deur hulle veroorsaak word (skets 6, kliniese verslag 2.4 en vraelys nr. 15). Sy belewenis hiervan en die werklike impak wat dit op sy identiteit gehad het, word in 3.3. van die Kliniese verslag blootgestel, waar hy self 'n beenamputasie verkies bo die egskeiding/huwelikserving. Hierdie aspek word verder sterk benadruk in skets 2, 9 en 10; naamlik dat die 'liefdestryd' (sien skets 8) hom vernietig het, en dat die pynlike element van liefde sy funksionering in terme van sy son-uitvoering en produktiwiteit benadeel het.

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat Gert sy manlike identiteit hoofsaaklik in son-terme bevestig, alhoewel hy selfs dit byna verloor het as gevolg van 'n waagbeurt met die chtoniese wêreld (seksuele omgang). Dit is daarom dat hy geen waarde aan sy erekteie disfunksionele toestand (van orgaan-oorsprong) heg nie en moontlik selfs verlig is oor die feit dat daar as gevolg van sy fisiologiese beperkinge vir hom geen geleentheid is om voortaan aan soveel risiko's blootgestel te word nie (kliniese verslag 2.3, 2.4 en 3.2). Die risiko's bestaan naamlik vir hom in terme van die angs wat deur sy konflikterende waardesisteem ontstaan met betrekking tot seksuele uitlewing, sowel as die moontlikheid om nie deur sy metgesel aanvaarbaar gevind te word nie.

(d) **Die stand van fallus**

Die toestand van Gert se totale manlike selfbeeld, soos wat dit uit sy chtoniese en son-dimensies saamgestel is, sal vervolgens deur samevatting van alle voorafgaande evaluasiemateriaal beskryf word.

Gert behoort as gevolg van sy fisiologiese samestelling outomaties aan die heilige ('divine') groep van manlikheid, wat hom kwalifiseer vir 'n belewenis van besonderheid en numenosum. Hy onderskryf die bondgenootskap van manlike broederskap op sosiale en werkgebied as bevestiging hiervan (skets 1 en 4 en kliniese verslag 2.2. en 3.3.). "The god is revered in the collusion of male secrecy. Men know something they do not speak about directly, they implicitly understand each other, a world of mutual knowledge" (Monick,1987:18). Hy openbaar 'n positiewe gesindheid jeens manlike samesyn en deel aan manlike rituele deur middel van sy aanwesigheid, dikwels bloot as toeskouer (skets 3), "... male desire for participation in brotherhood [constitutes] masculine veneration of the god" (Ibid:19).

Gert se identifisering met 'n primêr manlike omgewing op beroepsvlak, byvoorbeeld in terme van tegniese en beskermingsfunksies, vervul op songebied hierdie reflekerende funksie, "...reflection [with other males and related activities] integrates masculinity" (Ibid:89).

Dit kom veral duidelik na vore in die kliniese verslag 2.1.1 waar Gert meen dat sy weermagopleiding vir hom 'n waardevolle tydperk was, omdat "dit 'n man maak van 'n mens". Hy was waarskynlik daar geforseer om vir die eerste keer met sy fisiese wêreld kontak te maak en in chtoniese terme te ontwikkel, aangesien hy byvoorbeeld op skool nie aan sport deelgeneem het nie. Hy kon in die weermag sy kragte fisies tot die uiterste beproef en is met die harde, brute wêreld van oorlog en geweld in aanraking geplaas. Dit het die nodige vonk geskep wat die begin van sy beroepspassie geword het; sy voortgesette uitlewing van die beskermingsfunksie in die sekuriteitsbedryf was vir hom 'n assosiasie met die weermag en dus 'n voortgesette vervullende bevestiging van sy manlikheid. Dit is inderwaarheid al aktiwiteit waarin Gert belangstel en waarmee hy hom bemoei (kliniese verslag 3.5); selfs sy sosiale kontak vind in werkshoedanigheid plaas.

Daar kan veronderstel word dat Gert voor sy weermagopleiding nie die sekerheid oor sy manlike identiteit gehad het, soos daarna nie. Sy puriteinse opvoeding het grootliks hiermee te doen gehad, waar sy seksuele identiteit deur sy ouers onderdruk is. "...oversocialization [leads to the] suppression of chthonic phallos [and the] loss of identification with the divine quality of himself" (Monick, 1987:60). Gert het op fisiologiese gebied normaal gefunksioneer, alhoewel hierdie aspek hom vanuit sy morele beskerming skuldig laat voel het (kliniese verslag 2.4). Sy normale fisiese aspek van sy manlikheid was dus onaanvaarbaar en moes versteek word om daarmee, tesame met sy identiteit, wat hy egter eers later op beroepsterrein (verligte son-dimensie) plaasvervangend kon herbevestig (skets 4 en 9).

Sy mediese toestand het 'n groot verandering van omstandighede teweeggebring, waar hy voorheen as gevolg van 'n beenamputasie, nie meer sy beroep van sterk 'manlike' aard sal kan voorsit nie. Hy sal wel steeds in die groep kan voortbestaan en met die sekuriteitwêreld kan assosieer, alhoewel in 'n administratiewe hoedanigheid. Die feit dat hy steeds van nut en waarde bly, handhaaf 'n sterk sin van belangrikheid en fallusgoddelikheid by hom (kliniese verslag 3.3).

Die voorkoms van erektiele disfunksie by Gert, ook as gevolg van die beperking van bloedtoevoer deur sy liggaam, word egter deur Gert beskryf as 'n onbenulligheid en waardelose aangeleentheid. Gert het geen gebruik hiervoor nie, omdat hy geen behoefte aan, of belangstelling in seksuele praktyke het nie (kliniese verslag 2.4). Hierdie houding is deur sy eng godsdienstige beginsels en sy mislukte huwelik teweeggebring. Hy het vantevore natuurlike liggaamlike reaksies ondervind, maar het daarna skuldig en verbitterd gevoel, wat impliseer dat daar 'n psigonene basis vir erektiele disfunksie behoort te gewees het, maar nie was nie (skets 5, 8, 9). Hy beskou die verlies van die funksie tans as 'n verligting; hy sal nie voortaan deur die seksuele eise van sy liggaam belas word nie. Die welkome verlies van fallus reflekteer by Gert ook geestelike dorheid (skets 9 en 10) "psyche and matter are not separate entities ... phallos is flesh and spirit."

(Ibid, : 68). Gert het dus waarskynlik nooit unus mundus in terme van die integrasie van chtoniese seksualiteit bereik nie.

Sy fisiese funksionering het nooit eervol bygedra tot sy manlike selfbeeld nie, dit het geen voordeel vir hom ingehou nie. Sy eggenote het hom nie op die gebied erkennend verheerlik nie. Sy kontak met geslagsomgang en manlike assosiasie was vir hom vernederend en pynlik (skets 2, 6 en 8). Sy seksuele identiteit is deur verkrampte teologiese leringe in die vroeë lewe en deur sy vorige eggenote se ontering kortgeknip, sodat hy byna as gevolg van sy negatiewe belewenis van chtoniese fallus gesterf het, maar het dit vermag om in 'n ander son-hoedanigheid voort te lewe (skets 9, 10 en 11).

Opsommend handhaaf Gert 'n verbintenis met fallus, maar uitsluitlik op 'n kompenenserende son-basis, naamlik op die gebied van sy werk, godsdienst en 'n gevoel van sosiale trots. Sy beroepsrigting, naamlik op die gebied van 'n beveiligingsfunksie by 'n sekuriteitsmaatskappy, hou waarskynlik met 'n subtiele vorm van chtoniese uitlewing verband. Hy het gedurende sy weermagopleiding fisies kontak gemaak met hierdie dimensie, wat in terme van sy manlike identiteitsvorming 'n waardevolle ontwikkelingsrol gespeel het. Dit het as die basis vir sy hartstogtelike beroepsuitlewing gedien, wat, selfs te midde van 'n been amputasie nie, in gedrang kom nie. Gert het egter nie op seksuele gebied met sy chtoniese vlakke saamgesmelt nie, as gevolg van oor-sosialisering en ontkenning van die waarde van fisiese fallus, vanuit 'n moralistiese perspektief. Sy persepsie van 'n hoër orde mens is soortgelyk aan die van Neuman (in Monick, 1987:57) wat 'n sedelike bestaan, of hoër manlikheid as eerbare teikengedrag bo die uitdrukking van die onsedelike seksuele onderwêreld, of laer manlikheid voorskryf. Jung meen egter dat die twee uiterste posisies, naamlik die geestelike vs fisiese pole van die identiteit nie onafhanklik kan bestaan nie en dat die een 'n refleksie van die ander is. Unus Mundus, die vereniging van dit wat verdeel is, bring volgens Jung gedurende psigoterapie die voltooiing van identiteit-eenheid mee.

Die implikasies van die toedrag van sake by Gert, naamlik dat sy chtoniese seksualiteit onderdruk is, beteken moontlik dat hy op heteroseksuele gebied ondoeltreffend sal funksioneer en nooit die geleentheid sal hê om deur sy vroulike 'agente' verheerlik te word nie. Hy word tesame hiermee daarvan weerhou om sy amina te ontwikkel en gemaklik te raak met emosies, soos liefde en teerheid. Hy verbeur daardeur sekere son-kentekens, naamlik om 'n gesin ("brotherhood of ownership", Ibid:77) en nageslag te bewerkstellig, waarvoor hy kan sorg en beskerm.

Gert is gevolglik oorafhanklik van son-erkenning deur sy manlike bondgenote, wat waarskynlik verduidelik waarom hy oormatig inskiklik en geheel onkompeterend is; hy voorkom enige bedreiging of neerbuiging wat hom in onguns sou plaas of verwerping deur sy kollegas/vriende sou veroorsaak. Sy erkenningsbronne word dus verklein, alhoewel hy dit so verkies, nadat hy 'n traumatiese kasterende ervaring met 'n vroulike lid gehad het.

-Die Tuin van Fallus:

My tuin

Ek is deel van die vrugteboord, hier agter in my ma se tuin, waar sy ons vertroetel en verberg teen die wêreld se kwale. Langs my is my twee broers, ons drie is eenkant veilig van die besoedeling van die ander vrugtespesies en hul peste. Ons is die spesiale groep, die pronkertjies van die tuin. Ons sit op die bult se troon in die son se blink en kyk af op die rye vrugtebome in hul verleidelike kleure en rondings. Saam verskaf ons aan die gesin en buurt ons produksie, ons werk saam. Ek en my broers is dieselfde, ons bly by mekaar in vriendskap en werk. Ons woon almal in vrede en harmonie saam.

Bladsamestelling

Sy het ons grond versuur, om ons klein by haar te hou. Ons sou sonder alkaliese voorbereiding nooit kon groei en man word nie. Sy was die enigste vrou in ons lewe, vir altyd in haar skoot. Sy het ons grondbasis skoongehou,

elke teken van onkruid en vuilis verwyder. Elke stingel en tak is met reinheid gewas, as 'n skerm teen die versoekings van die wind opgerig. Ons moes maak soos sy sê, daar was geen ander beeldboom vir ons om in te kyk nie. Hy was weg, by die werk – 'n belangrike ding vir 'n man om te doen.

Eendag is ek uitgeplant, terwyl ek nog 'n jong boompie was, moes ek aangaan met die lewe. Ek word in 'n woestyn geplaas, tussen oorlog vliegtuie wat raas. Ons staan die een en ander saam deur ons ontberinge, dra mekaar op die rug en klop mekaar op die skouer. Ons word sterk in vesel en gees en daar besluit ek: hier wil ek bly wees; in die kring van ontferming.

Plantegroei

Ek is die vyeboompie, Adam, met my een meter hoë voorkoms baar ek tog ook vrug. Dit laat my oulik vertoon, 'n miniatuur volwasse boompie, wat kykers nader lok om te kom speel. Ek het baie maats wat by my kom staan, omdat ek hulle help en nooit laat klein voel nie. Ek het 'n unieke vorm in my stam, soos my ma my gesnoei het; my stam word vanaf die basis in twee verdeel en vorm 'n vurk na bo, vanwaar twee of drie takkies versprei. Die takke wat na links vurk dra egter min blare en geen vrugte nie, alhoewel die vurk na regs drie vrugte dra, genaamd 'loopbaan', 'godsdienst' en sosiale reputasie'.

Ek bevind myself steeds in die wye wêreld van samehorigheid en samewerking met al my broers, maar ook nader aan die verbode vrug in my ma se tuin. Sy het voortdurend vir my gestaan en wink, haar rooi blink appels kan ek aan my hande voel en op my lippe proe, totdat die slang my oortuig het om haar te neem. Sy was listig en slinks, 'n bitter pil om te sluk; ek moes haar gif amper te laat uit my lewe uitspoeg. Sy het slegs my een sy beseer, die deel wat steeds vandag dor is deur skending, verdoof teen die pyn. Dié vrugte is verewig weg; 'n leë huis en bed, met 'n stam wat daar groei vir geen rede, om niks te kan dra.

Dit is daarom dat ek nou wegkyk van gevaar en my op my beroep eerder skaar. Die stryd van die liefde het nou vir my liggaam 'n las gebring, 'n stuk stam soos 'n derde arm in die lug wat geen doel meer dien en tog daarop aandring om ongewens aanwesig te wees. Dié deel bederf my estetiese waarde en beperk my fokus. Ek het belangriker funksies om te verrig; die gemeenskap het my produksie nodig. Dit sal vir my 'n verligting wees indien ek die deel van my bestaan sal kan laat vaar, om verlos te wees van die eise van my wandelende oog. Nooit, weer wil ek my blommeprag sien val as gevolg van die slang se versoekings nie. Alles het deur haar begin verdroog en byna het ek ook al drie my vrugte verloor. Ek is wel weer sterk om te kan werk en om my blind te kan hou. Dit sal vir my gemakliker wees om op my man-wees te konsentreer, as die martelende herinnering van my behoeftes my kan verlaat.

Aangrensende erwe

Daar is reëls en regulasies om in 'n buurt te handhaaf, vir my beteken dit harde werk en 'n skoon sedelike lewenstyl. Dit is die norm wat almal behoort na te streef, só sê my godsdiens. Wees vrolik en behulpsaam; hou jouself kuis en vry van jou bouse onderwêreld en wees van nut vir die gemeenska: Dit is my doel, om dié verwagtinge na te streef. Ek bly by my grense en is 'n welkome lid van die buurt. Ek tree aanvaarbaar op en doen my deel. Ek het 'n vlak van verhewe reinheid bereik; ek is tevrede.

Klimaat

Ek kry my voeding van die gemeenskap se goedkeurende oog of in die wete dat ek 'n heilige lewe lei en dat dit vir my gaan bevoordeel. Ek gaan later die vrugte pluk vir die beheer wat ek oor my liggaamlike behoeftes vermag. Ek word intussen ook erken en verreken in die wêreld van arbeid; ek is betekenisvol en waardevol. My insette en produksie word benodig, daarom sal ek voortgaan om my vrugte te produseer. Hulle kyk na my boom en sê met eerbied: Kyk net na daardie pragtige vrugte.

Dit is harde werk, om vrugte te baar. Dit verg my fokus, aandag en besonderse tegniek. (Ek het nie die tyd om rond te kyk na appelbome nie.) Ek het my dryfkrag en vaardighede ontwikkel, lank gelede, in die skool van man wees.

My reën het byna opgedroog, toe sy alles by my vat; elke laaste druppel- en my liggaam ook. My broers het my gered, met hul emmer onderskraging, het ek weer halfpad opgestaan en my skoene trots volgestaan.

Peste en siektes

Daar is peste en gediertes in die oerwoud van emosie, in my lewe het 'n slang my gepik, omdat my beddings verwaarloos en vuil was. Ek het die onkruid en gemors van die wêreldse dinge om my laat groei, sodat ek nie die ding kon sien kom nie. Ek het eenkeer ontspan en toegelaat dat my skoonheid my verlaat. Ek het ook eendag, weg van my ma se oog, saam met my broers 'n risiko geneem, die grense van gesondheid en voorskrif oortree. Ek het die gewoonte daarna vryelik bespeel, in my ernstige harde lewe. Dit het my ook laat ontspan, beheer verloor oor my organe. Ek verstik nou in my gulsige afhanklikheid van 'n bietjie plesier. My blare verdof en my vrugte verklein. Die een helfte van my gesplete stam het weggevrot, die deel wat vir my in elk geval nie skeel nie.

Versorging en instandhouding

Hulle sal seker nie meer stilstaan en hul verwonder aan my klein vruggies nie, 'n gebroke boom, steeds kort en met bruingerande blare. As hul egter nader kom en aan my proe, sal hulle weet dat ek nog soet kan wees. Ek sal gelig word, na 'n nuwe lewe, moontlik in 'n fraai pot op 'n vensterbank. Daar sal sy my maat wees en my blare blink vryf. Dan sal hul weer kyk en my unieke beeld waardeer. En as daar 'n steeltjie onkruid uitloer by my stam sal ek leer om dit gelate te aanvaar en selfs speels daarom baljaar, wanneer die toeskouers weg is, en ek my plig verrig het.
